

Inleiding tot die Klank- en Vormleer van
isiNdzundza, 'n dialek van Suid-Transvaalse Ngoeni-
Ndebele, soos gepraat in die distrikte Rayton en
Pretoria.

Verhandeling ingehandig ter verkryging
van die graad

MAGISTER ARTIUM,

in Afrikanistiek (Tale)


aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

deur

Nov., 1950.

E.F. Potgieter Hons. B.A.



UNIVERSITEIT VAN S.A.
UNIVERSITY OF S.A.
BIBLIOTEEK/LIBRARY

21-2-1966

KLAS

CLASS

ARY 496.3715

REGISTER

18522

V O O R W O O R D.

As student is my aandag kort na my aankoms in Pretoria, aan die einde van 1947, getrek deur die taal en kleredrag van die abakaNdzundza en abakaManala. Ek het later met krale in die omgewing van Derdepoort en Rayton in aanraking gekom en dadelik besef dat daar op die gebied van hierdie tale belangrike werk gedoen kan word.

Na oorlegpleging met Dr. P.J. Coertze, tans professor aan die Universiteit van Pretoria, en destyds hoof van die Departement Afrikanistiek van die Afdeling Eksterne Studie van die Universiteit van Suid-Afrika, het ek dan ook besluit om hierdie verhandeling aan te pak.

Die vriendelike wyse waarop Prof. G.P. Lestrade waardevolle hulp aan my verleen het terwyl ek met die werk besig was, was vir my baie wêrd.

Hierdie werk het vir my baie geleer, en ook genot verskaf. Ek betuig dan ook my hartelike dank aan u wat vir my in verband daarmee gehelp het.

Ek is veel verskuldig aan daardie ou gryskoppe van die huis van Ndzundza, my proefpersone, wie se hulp hierdie verhandeling moontlik gemaak het.

INHOUDSOPGAWE.(1)

Hoofstuk I	:	Inleiding.
Hoofstuk II	:	Die Transvaalse amaNdebele: Histories.
Hoofstuk III	:	Die Klankverskuiwing van isiNdzundza.
Hoofstuk IV	:	Die Vormleer.
Hoofstuk V	:	Die Posisie van isiNdzundza binne die Ngoeni-groep van Suid-Afrikaanse Bantoetale.
Hoofstuk VI	:	Tekste in isiNdzundza.

Lys van Boeke, Tydskrifte en artikels geraadpleeg.

(1) Aan die begin van hoofstukke III en IV verskyn
inhoudsopgawes vir die besondere hoofstukke.

HOOFSTUK I.

INLEIDING.

(a) Doel:

Soos die titel aandui is die doel van hierdie verhandeling om 'n inleiding te verskaf tot die klankleer en die vormleer van die taal isiNdzundza soos gepraat in die distrikte Rayton en Pretoria. Voorbeelde van die gebruik van die taal word verder in die vorm van tekste aan die einde van die verhandeling gegee.

Ten einde hierdie beeld vollediger te maak word hier egter ook 'n kort uiteensetting gegee van die herkoms en geskiedenis van die Transvaalse amaNdebele, en daarin word aangedui hoe isiNdzundza histories verbonde is aan die res van die amaNdebele van Transvaal.

Verder word ook 'n kort vergelyking getref tussen die klank- en vormleer van isiNdzundza, Zoeloe en Xhosa, met die oog op die plasing van eersgenoemde taal binne die groep van Ngoeni-tale van Suid-Afrika.⁽¹⁾

(b) Probleme:

In verband met die ondersoek het ek enkele probleme, wat hier genoem behoort te word, ondervind.

As gevolg van historiese oorsake wat in hoofstuk II bespreek word is die grootste deel van die aBakaNdzundza losgeruk uit hulle stamverband en woon wydverspreid oor verskillende distrikte in Transvaal. Terwyl ek met voorlopige ondersoekwerk besig was het dit vir my duidelik geword dat hierdie verspreiding ten gevolge gehad het dat die taal van die mense in sekere gevalle baie sterk onder die invloed van Sotho geraak het. Daar is reeds mense wat hulle-self Ndzundza noem, maar wat erken dat hulle nie meer isiNdzundza ken nie.

(1) Omrede die gebrek aan literatuur word Swati buite rekening gelaat in Hoofstuk V waar die vergelyking getref word met ander tale van die Ngoeni-groep.

(ii) metode of wyse waarvolgens die stof versamel is.

(i) Metode gevolg in die verhandeling: Die metode van Meinhof(1) word gevolg in die afdeling wat handel oor die klankleer van die taal.

Betreffende Vormleer is hier in hoofsaak gebruik gemaak van die indeling en terminologie van Prof. C.M. Doke (2). In sommige gevalle word egter afgewyk van hierdie indeling. Waar nodig word hierdie gevalle gemotiveer.

(ii) Metode of wyse waarvolgens stof versamel is: Die stof wat hier aangebied word is in hoofsaak die resultaat van veldwerk wat ek self onderneem het.

Aanvanklik was dit natuurlik nodig om kontakte op te bou, die vertroue van individue te wen, en hulle medewerking te verkry nadat my oogmerke vir hulle duidelik geword het. Op hierdie wyse is daar gereeld besoek afgelê by verskillende krale in die gebied van navorsing. Sulke besoeke sorg myns insiens nie net dat die ondersoek in die regte atmosfeer plaasvind nie, maar dit skep geleentheid om die kinders te hoor, en selfs ook die vroue, nieteenstaande die feit dat die kraalhoof self sulke "onderhoude" toestaan.

Deur vrae aan verskillende individue te stel na gesprekke te luister, en deur self gesprekke te voer het ek materiaal versamel wat as 'n raamwerk kon dien vir hierdie werk.

Daarna het ek die gegewens 'getoets deur weer persone uit 'n ander deel van die omgewing te ondervra, ten einde vas te stel of hulle met die voorbeelde en stelling tevrede is.

(1) Meinhof-van Warmelo: Bantu Phonology; hoofstuk III.

(2) Vgl.: Bantu Linguistic Terminology; Textbook of Zulu Grammar.

Ek wil graag die versekering aanbied dat buitengewone vorme en verskynsels versigtig getoets is deur die raad in te win van verskillende mense wat mekaar nie kon beïnvloed het nie.

Alle tekste is deur myself opgeteken uit die mond van proefpersone.

(d) Literatuur:

Daar is reeds aangedui dat die grootste gedeelte van die materiaal wat hier versamel is deur myself in die "veld" ingesamel is. Gedurende die samestelling van die verhandeling is daar natuurlik baie artikels en werke geraadpleeg. Hierdie literatuur word in die vorm van voetnote aangegee, en verskyn agter-in die verhandeling in die vorm van 'n bibliografie of bronnelys.

Dit is egter nodig dat ek sekere werke hier aanhaal omdat hierdie werke beskou kan word as baanbrekerswerk op die gebied van die geskiedenis, die klankleer en die vormleer van Transvaalse Ngoeni-Ndebele, of omdat daar beginsels in hierdie werke neergelê is wat my metode bepaal het.

- (1) H.C.M. Fourie: Die amaNdebele van Fene Mahlangu (La Rivière en Voorhoeve, Zwolle - 1921).

In hierdie werk wat handel oor die "religieus-sosiaal leven" van die mense wy die skrywer ook aandag aan die herkoms en taal van die amaNdebele van Transvaal. Daardie gedeelte wat handel oor die geskiedenis van die mense is goed saamgestel en word dan ook tot 'n groot mate aanvaar deur van Warmelo in sy publikasie waarna hierna verwys word. Ek het meeste van hierdie gegewens getoets aan die getuienis van my segsmanne, en dit is deur hulle bevestig.

Onder bijlagen gee die skrywer ook 'n bietjie aandag aan die taal. Hierdie gedeelte is interessant en nuttig maar dis minder akkuraat. Dit bestaan natuurlik slegs uit "bruilofsreden, voorbeelden van geheime taal, folk-lore" ens.

Ek wil graag op 'n paar foute wys wat in Bijlage 7 voorkom:

Bladsy 208: Fourie het nie agtergekom dat B. nt deurgaans isiNdzundza (en isiManala) nd word nie. Vgl. hierdie woorde op genoemde bladsy:

(i) abantwana i.p.v. abandwana.

(ii) abatwana kan 'n drukfout wees.

In sommige gevalle het hy wel die stemhebbende klank waargeneem. Vgl. op dieselfde bladsy:

endambama : in die middag (Zoeloe: entambama)

indombazana : meisietjie (Zoeloe: intombazana).

Die ou skryfwyse wat hier gevolg word verklaar natuurlik die gebruik van b vir 6. Waarom hierdie skrywer egter i.p.v. -gcwalisa skrywe -cgwlaalisa (volmaak), verstaan ek nie.

Bladsy 209: Op hierdie bladsy is verdere voorbeelde van inkonsekwentheid. Hier gebruik die skrywer weer die vorm abandwana. Daarnaas gebruik hy beide die vorme boke en bonke (almal).

Fourie is 'n swak taalkundige en foute soos wat ek hier aangehaal het het my aanvanklik verwar. Daar is meer sulke glibberighede in die taal wat in hierdie werk opgeteken is.

(2) N.J. van Warmelo: Transvaal Ndebele Texts. (Ethnological Publication Vol. I, 1930).

Hierdie publikasie het beslis waardevolle hulp verleen. Afgesien van die gedeelte wat aan die geskiedenis van die mense gewy is behandel van Warmelo op wetenskaplike wyse enkele belangrike karaktertrekke van isiManala. Van Warmelo bied natuurlik baie min aan, veral ten opsigte van vormleer.

Hierdie werk is het vir my enersyds as 'n konstruktiewe spoorslag gelei tot dit wat tipies van Transvaalse Ndebele is. Aan die anderkant het ek daardeur weer kon vasstel dat daar sekere verskille is tussen isiNdzundza en isiManala, en kon dus moontlike foute vermy.

Die skryfwyse wat van Warmelo vir isiManala gevolg het kon ek egter nie onveranderd aanvaar nie.

- (3) Meinhof-van Warmelo: Bantu Phonology.

Meinhof: Grundzüge einer Vergleichenden Grammatik der Bantu Sprachen.

Hierdie twee publikasies dien ook hier vermeld te word aangesien die metode van Meinhof hier nagevolg is met klein veranderings wat in elke geval aangedui en gemotiveer is.

- (4) Doke, C.M.: A Text Book of Zulu Grammar, 4th edition.

Hierdie nuttige teksboek het natuurlik dikwels gehelp om lastige knope te ontrafel. Ek het die benadering van prof. Doke nie deurgaans gehandhaaf nie. Waar nodig is my afwykinge gemotiveer.

HOOFSTUK II.DIE TRANSVAALSE AMANDEBELE : HISTORIES.(A) ALGEMEEN:

Die Transvaalse amaNdebele is waarskynlik uit Zoeloeland afkomstig. Van Warmelo kom tot dieselfde gevolgtrekking⁽¹⁾. Dit hou ook tred met die oorlewering, soos deur myself onder die mense aangetref. Op 'n later stadium sal hier ook, op grond van taalkundige gegewens, 'n aanduiding gegee word van wat die posisie van isiNdzundza binne die Ngoeni-groep is.

Betreffende die oorsprong van die naam amaNdebele dien opgemerk te word dat dit 'n naam van Sotho-oorsprong is wat gegee is aan die mense wat uit Natal afkomstig is. Bryant skrywe ⁽²⁾ in verband met die volgelinge van Mzilikazi: „They (die Sotho) dubbed them Matebele, which is said to signify 'those who disappear or sink down out of sight (Sotho - teba) behind their warshields

In hoeverre Bryant se verklaring nou van toepassing is op die Transvaalse amaNdebele is moeilik om te sê, en wel om die volgende rede: Laasgenoemde moet nie verwar word met die amaNdebele van Mzilikazi, die Khumalo wat vandag in Rhodesië woon nie. My segsmanne het van die koms van Mzilikazi na die Transvaal gepraat as 'n gebeurtenis wat die Transvaalse amaNdebele hier in die Transvaal oorval het. Dit is dan ook die gevolgtrekking van van Warmelo as hy skrywe:⁽³⁾ „Some, if not all of the Transvaal Ndebele emigrated from Natal at least two hundred years ago, and probably earlier⁽⁴⁾. They.

(1) Transvaal Ndebele Texts: Ethnological Publ. Vol. 1.

(2) Olden Times in Zululand and Natal: bls. 425.

(3) Transvaal Ndebele Texts.

(4) Die vlug van Mzilikazi het omstreeks 1823 plaasgevind.

were of Zulu stock, as is shown by their physique, language and customs". Later: "There is, however, at least one division which disdains any such origin". Onder hierdie laastes verwys hy na die egnde Swart Ndebele. Dan wys hy verder daarop dat die Transvaalse amaNdebele vroeg al naby Pretoria gewoon het, en van 'n stamvader Musi (of Msi), afstam. Die Swart Ndebele het, volgens hom, uit Zoeloeland getrek en naby Leydsdorp gaan woon.

Van Warmelo aanvaar die stelling van Fourie⁽¹⁾ dat die amaNdebele van Transvaal, met die uitsondering egter van die mense van Langali6alele, 'n gemeenskaplike stamvader Musi of Msi gehad het. Pogings om die geskiedenis verder terug te voer het vir beide skrywers moeilikheid veroorsaak. Ekself kon die saak ook nie verder terugvoer nie. Volgens Fourie, en ook volgens my segsmanne, het Musi naby Pretoria gewoon. Hy het vyf seuns gehad, nl.:

Manala
 Ndzundza
 Masombuka
 Mathombeni
 Dhlomu.

Dan verwys Fourie na 'n twis wat tussen Ndzundza en Manala uitgebreek het na die dood van hulle vader. Die ou stam het toe verbrokkel. Manala het naby Pretoria bly woon. Masombuka het later by Ndzundza aangesluit en laasgenoemde het oor die Olifantsrivier getrek, waar hy die latere "Mapokkerstam" gaan plant het. Hulle is deur die Boere verslaan, en toe is die stam oor die Noord-Oos Transvaal versprei. Dhlomu is weer terug na Natal, en van Mathombeni sê hy niks nie.

In 'n aanhaling uit History of the Native Tribes of the Transvaal: PR. 1905, wys van Warmelo op twee name wat Fourie nie noem nie, nl. M'Hwaduba, eerste hoof van die baHwaduba, en M'Pafuli, eerste hoof van die Venda van Mpafuli. (1) AmaNdebele van Fene Mahlangu (Utrecht 1921).

Volgens /

Volgens laasgenoemde skrywer word hierdie twee persone ook beskou as seuns van Musi. En dan noem van Warmelo ook nog die naam van Sibasa, 'n moontlike seun van Musi, van wie hy onder die Manala verneem het. Hierdie persoon word egter slegs vaagweg in verband met die Venda genoem.

Vandag gaan dit reeds moeilik om individue te vind wat enigsins geloofwaardige geskiedenis kan meedeel. Die verhaal van die stryd tussen Ndzundza en Manala het ek egter nog lewendig aangetref onder die oudstes van my segsmanne, almal abakaNdzundza⁽¹⁾. Verdere inligting oor die ander seuns van Musi is vandag skraal onder die mense wat deur my besoek is.

Die verhaal van die stryd tussen Ndzundza en Manala soos aan myself vertel kom in hoofsaak ooreen met wat van Warmelo en Fourie opgeteken het. Die volgende is die verhaal soos aan my vertel deur Jakob Tshabangu:

Die eerste koning, Musi, het in hierdie wêreld gewoon (d.w.s. in die omgewing van Pretoria). Toe hy oud en siek geword het het hy die indoenas beveel om Manala voor hom te bring sodat hy die koningskap (uúkhosi) kon ontvang. Manala wat 'n groot jagter was kon egter nêrens gevind word nie. Hy was vêr in die veld besig om te jag. Ndzundza het toe na sy vader gegaan en aan hom gesê: "My vader, Manala is besig om te jag. Gee aan my die koningskap sodat ons nie sonder koning is as jy nou sterwe terwyl Manala jag nie". Musi het egter weer na Manala laat soek. Vroeg die volgende oggend het Ndzundza weer aan sy vader gaan meedeel dat Manala nog nie te vinde is nie. Hy het sy versoek om die koningskap herhaal. Musi, wat gevoel het dat sy tyd naby is het toe vir Ndzundza aangerak en aan hom die koningskap gegee. Daarna het die koning gesterf:

"Umoya wekosi wakhamba. UmDimo wamóiza". (Die gees van die koning het vertrek. God het hom geroep).

(1) Sien tekste - Hoofstuk VI.

Toe Manala dan nou later terugkom moes hy verneem dat sy vader vir Ndzundza aangeraak het. Dadelik het daar 'n stryd tussen die broers losgebrand. Ndzundza het die wyk geneem en na die ooste (1) weggevlug. En so het die huis van Musi uitmekaar gebreek.


Ek het 'n aansluiting gevind by die verhale, soos deur Fourie en van Warmelo opgeteken, dat Ndzundza, soos 'n bybelse Jakob, homself met velle bedek het om sy blinde vader te laat glo dat hy wel Manala is (2).

(B) DIE A6AKANNDZUNZA.

Aangesien hier uiteindelik hoofsaaklik aandag gegee word aan die taal van die Ndzundza sal ons nou meer volledig ingaan op die geskiedenis van hierdie vertakking van die huis van Musi.

Daar kan met 'n groot mate van sekerheid aangeneem word dat Ndzundza die eerste hoof van daardie amaNdebele was waaruit die latergenoemde „Mapokkerstan" gespruit het, vandaar die naam a6akaNdzundza, (: Die mense van Ndzundza). Hulle taal word dan ook genoem isiNdzundza; deur hulle-self word na hulle taal verwys as isikhethu: „taal van ons".

Die genealogiese indeling van die hoofde van die Ndzundza word deur van Warmelo (3) as volg aangegee:



(1) D.w.s. in die rigting van Middelburg.

(2) Sien tekste -. Hoofstuk VI: Getuiedenis van Mtsweni

(3) Transvaal Ndebele Texts: bls. 10.

(Opmerking: Die skryfwyse van van Warmelo word in hierdie tabel gevolg).

Fourie(1) verskaf in dieselfde verband die volgende gegewens. (Ons gebruik die skrywer se skryfwyse in die onderstaande tabel):-

	Ndzundza			
	Myetsha			
	Magoboli			
	Bongwe	Sindeni		
	Mahlangu			
	Paswana			
	Maridili			
Mdalanyana	Mgwezana		Dzela	Mx abule
	Magodongo			
	Soqaleni	Sboko	Somdei	Mabogo
	Fene	Xobongo	Nyabela	

Dit blyk dus dat hierso in hoofsaak dieselfde volgorde deur beide skrywers aangegee word. Aangesien van Warmelo baie kortliks op die saak ingaan en nie sy bewerings motiveer nie is dit moeilik om die gegewens van beide krities te vergelyk. Fourie verduidelik die genialogie soos deur hom gegee omslagtig.

Op grond van die skrale gegewens wat my eie ondersoek opgelewer het kan ek nie kritiek op bogenoemde gegewens lewer nie. Ons sal hier egter verdere aandag wei aan die geskiedenis van Nyabela omdat dit in verband met hierdie ondersoek staan.

Tydens die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek, en omstreeks die jaar 1880 het Nyabela⁽²⁾ noord van Middelburg, Transvaal, gewoon. Mampuru⁽³⁾, die moordenaar van Sekukuni, en aanspraakmaker op die Bapedi koningskap is in 1882 deur die Zuid-Afrikaanse Republiek voelvry verklaar.

(1) AmaNdebele van Fene Mahlangu: bls. 32 et. seq., bls. 55.

(2) Vgl. artikel deur myself: „Die Kinders van Nyabela“ - Die Eksterne Student, November 1949.

(3) Sien: An account of the Bapedi: D.R. Hunt - Bantu Studies, Vol. V, December 1931 - bls 304-305.

Toe die vlugteling dus by Nyabéla skuiling vind was 'n oorlog tussen laasgenoemde en die Republiek feitlik onvermydelik. Na 'n lang en taai stryd is Nyabéla verslaan, en tot tronkstraf veroordeel, terwyl Mampuru tereggestel is. Een van my segsmanne, Jakob Tshabangu maak aanspraak daarop dat hy 'n ooggetuie was by die teregstelling.

Betreffende die aákanaNdzundza. wat nou sonder opperhoof was het die destydse regering besluit dat hulle nie toegelaat sou word om weer as 'n stam saam te woon nie. Hulle is dus versprei oor die distrikte Middelburg, Pokwani, Rayton, Pretoria, Witbank ens.

Nyabéla is intussen as gevangene in Pretoria aangehou. 'n Klompie van sy volgelinge het, ten einde nader aan die gevange koning te wees, op die plaas Hartebeesfontein, tussen die Wonderboom en Derdepoort kom woon. Die grond is vir die doel deur die staat van die destydse eienaar, mnr J.B. Wolmarans, gehuur⁽¹⁾. Gedurende die ondersoek het ek met die nasate van die oorspronklike intrekkeers op die grond kennis gemaak. Ook hierdie mense is, soos tipies van die Suidelike Ngoeni-Ndebele, in sommige opsigte uiters konserwatief. Boustyl, die kleredrag van die vroue, asook ander gebruike het grootliks bewaar gebly.

Onder my segsmanne is daar dan ook direkte afstammelingen, en een oorspronklike intrekker, (Jakob Tshabangu), uit daardie tyd toe die aákanaNdzundza in die Pretoria-distrik kom woon het na die val van hul vesting.

(C) HUIDIGE VERSPREIDING VAN DIE TRANSVAALSE AMANDEBELE.

In sy Preliminary Survey of the Bantu Tribes⁽²⁾ deel van Warmelo die volgende mee in verband met verspreiding van hierdie mense. (Genoemde werk is natuurlik 15 jaar gelede saamgestel):-

- (1) Getuienis van afstammelingen van Wolmarans wat nog steeds 'n gedeelte van die plaas bewoon).
 (2) Sien genoemde publikasie: bls. 88-89.

Eerstens word die amaNdebele van Transvaal ingedeel in die Suidelikes en die Noordelikes.

(a) Die Suidelike Transvaalse amaNdebele:

Hierdie groep bestaan uit die volgende stamme, en is versprei soos aangedui:

- (1) a6akaManala: Versprei oor die distrikte Hammanskraal, Rayton, Pretoria.
- (2) a6akaNdzundza (bekend as Mapokkers): Versprei oor Pokwani, Middelburg, Schoonoord, Lydenburg, Pretoria, Hammanskraal, Nylstroom, Rayton, Springs, Witbank, Ermelo.
- (3) baHwaduba Woon in die distrik Hammanskraal.

Taalkundig behoort isiManala en isiNdzundza tot Ngoeni-Ndebele, terwyl isiHwaduba tot Sotho-Ndebele behoort⁽¹⁾.

(b) Die Noordelike Transvaalse amaNdebele:

Hierdie groep bestaan uit die volgende stamme en is versprei soos aangedui:

- (1) baMoletlane of baxa^vSikwane: Distrikte Hammanskraal en Rayton.
- (2) baxaMokopane: Distrikte Potgietersrust, Nylstroom, Sebitiela.
- (3) baxaLaka : Distrikte Potgietersrust, Nylstroom, Pietersburg.
- (4) baMaune : Distrikte Pietersburg en Potgietersrust.
- (5) baxaSeleka : Potgietersrust, Nylstroom, Hammanskraal.

Betreffende die baHwaduba (Suidelike groep) en al die stamme van die Noordelike groep bestaan daar alle grade van beïnvloeding deur seSotho. Dat daar onder die omstandighede waaronder die mense so deurmekaar woon relatief min seSotho-invloed te bespeur is onder die mense by wie ek gewerk het is blykbaar toe te skryf aan 'n sterk saamhorigheidsgevoel wat nog hier onder die a6akaNdzundza bestaan. Nya6ela lê tussen die Wonderboom en Derdepoort begrawe. Die enkele oues van dae wat hier nog 'n

(1) Sien genoemde publikasie, bls 88-89.

belangrike rol by seremoniële geleenthede speel ken die geskiedenis, en oefen 'n stil invloed uit. Stamskole vir meidjies en seuns word nog gereeld gehou. Die vroue handhaaf nog die ou gebruike, ook t.o.v. kleredrag, en die tipiese boustyl en muurversierings het nog grootliks bewaar gebly. Hierdie mense het dan ook 'n besondere aanleg vir messelwerk.

(D) GEVOLGTREKING.

Opsommenderwys kan ons dus verklaar dat die Transvaalse amaNdebele uit Zoeloeland afkomstig is, en dat hierdie mense, met die uitsondering van die Swart Ndebele skynbaar 'n gemeenskaplike voorvader gehad het. Die nasate van die voorvader Musi of Msi het oor die Transvaal verspreid geraak.

'n Groot gedeelte van hierdie mense het verSotho geraak en na hulle kan verwys word as die Transvaalse Sotho-Ndebele wat veral oor die Noordelike deel van die provinsie versprei het.

Die aBakaNdzundza en die aBakaManala het hul Ngoeni-karakter behou, het veral in die suidelike deel van die Provinsie bly woon en is dus die Suidelike Transvaalse Ngoeni-Ndebele.

Die Hwaduba wat ook meer suid woon moet egter beskou word as Sotho-Ndebele.

Dan het ons ook aangetoon hoedat die aBakaNdzundza gedurende historiese tye versprei is oor die distrikte waarin ek hulle aangetref het.



HOOFSTUK III .

DIE KLANKVERSKUIWING VAN ISINDZUNDA.

Die skryfwyse wat hier gevolg word is die Meinhof-Lepsius-sisteem wat deur Meinhof en van Warmelo in hulle Bantu Phonology gebruik word. In die hoofstuk waarin hulle die klankverskuiwing van Zoeloe behandel word daar gebruik gemaak van die letterteken g⁽¹⁾ om daardie klank aan te dui wat deur Doke as 'n "radical velar explosive" beskrywe word, en deur hom met die letter k aangedui word. Aangesien ek vind dat daardie klank, wat deur Meinhof vir Zoeloe met g aangedui word, in isiNdzundza stemloos is sal die teken wat Doke gebruik, d.w.s. k,⁽²⁾ gebruik word om daardie klank aan te dui wat deur Meinhof vir Zoeloe met g aangedui is. Die velare stemlose eksplosief wat met ejeksie uitgespreek word word natuurlik met 'n komma aangedui, as volg: k'.

Tenslotte word die lettertekens h en hh ook gebruik om die stemlose en stemhebbende glottale frikatiewe respektiewelik aan te dui.

In verband met die vokale dien daarop gelet te word dat B.◌◌ en B.e ◌ en e ◌ respektiewelik geskryf sal word wanneer daar vasgestel word dat hierdie B-vokale onder sekere omstandighede halfgeslote word. (3)

-
- (1) Meinhof beskryf hierdie klank as stemhebbend: Bantu Phonology, bls. II.
- (2) Vgl. die infinitief prefiks uku- in Zoeloe.
- (3) Hierdie lettertekens word deur Tucker gebruik in sy Comparative Phonetics of the Suto-Chuana group of Bantu Languages.

INHOUDSOPGAWE.

- A. DIE VOKALE.
- (a) Primêre Vokale.
 - (b) Sekondêre Vokale.
 - (c) Geslote Sekondêre Vokale.
- B. DIE KONSONANTE.
- (a) Primêre Konsonante.
 - (b) Sekondêre Konsonante (Palatals).
- C. KONSONANTE ONDER DIE INVLOED VAN 'N VOLGENDE VOKAAL.
- (a) Primêre Konsonante voor B. Primêre Vokale i en u.
 - (b) Sekondêre Konsonante voor B. Primêre Vokale i en u.
 - (c) Die invloed van e en o op Primêre en Sekondêre Konsonante.
 - (d) Primêre Konsonante voor B-vokale \hat{i} en \hat{u} .
 - (e) Sekondêre Konsonante voor B-vokale \hat{i} en \hat{u} .
- D. PRIMÊRE KONSONANTE ONDER INVLOED VAN 'N VOORAFGAANDE NASAAL.
- (a) Oorspronklike nasaalverbindinge.
 - (b) Nasaal + i + Konsonant.
 - (c) Nasaal + u + Konsonant.
- E. SEKONDÊRE KONSONANTE ONDER INVLOED VAN 'N VOORAFGAANDE NASAAL.
- F. KONSONANTE ONDER INVLOED VAN 'N VOLGENDE SEMI-VOKAAL.
- G. NASAALVERBINDINGS ONDER INVLOED VAN 'N SEMI-VOKAAL.
- H. DIE NASALE m EN n ONDER INVLOED VAN 'N VOKAAL EN 'N SEMI-VOKAAL.
- I. ASSIMILASIE, ANDER KLANKWETTE EN KLANKE.
- J. OPSOMMING VAN BEVINDING IN VERBAND MET DIE KLANKE VAN DIE TAAL.

A. DIE VOKALE.(a) Primêre vokale:

B.a bly onveranderd. Vgl.:

B. ya- (prefiks klas 2) > a'ba- .B. pa- (prefiks klas 16) > pha(kathi) (binne-in).B. -tatu (drie) > -thathu (-drie).B. -yona (sien) > -'bona (sien).B. ik-ÿa (kousatiefsuffiks) > -isa.B. -kama (uitdruk) > -kxama (uitdruk).

B.i bly onveranderd. Vgl.:

B. mi- (prefiks klas 4) > imi- .B. li- (prefiks klas 5) > ili-., vgl. ilišo (oog).B. ki- (prefiks klas 7) > isi-., vgl. isindu (mens-
like taal, ens.).B. -lila (huil) > -lila (huil).B. -yi (sleg) > -'bi.B. -yi-pa of -yipala (sleg wees) > -vilapha (lui wees).B. -lima (ploeg) > -lima (ploeg).

B.u bly onveranderd. Vgl.:

B. mu- (prefiks klas 1&3) > um(u)-., vgl. umundu (mens);
umfazi (vrou); umuzi (kraal).B. ku- (prefiks klas 15) > uku-; vgl. uku'bona (om
te sien).B. -tatu (drie) > -thathu (drie).B. -luma (byt) > -luma (byt).B. -kula (groei) > -khula (groei).B. -tuma (stuur) > -thuma (stuur).

Die primêre B-vokale a, i en u bly dus a, i
en u in hierdie taal.

(b) Die Sekondêre Vokale (Composite Vowels).

B.o bly onveranderd. Vgl.:

- B.-yola (verrot) > -'bola (verrot).
 B.-yona (sien) > -'bona (sien).
 B.-k_uola (spioeneer) > -g_uola (spioeneer).
 B.-k_uonî (skaante) > -g_uonipha (vereer).

B.e bly onveranderd. Vgl.:

- B.-nene (dik) > u⁺bunene (regsheid).
 B.-pepa (blaas) > -phemba (vuurblaas).
 B.-k_ueka (lag) > -g_ueka (lag).

Aangesien die vokaal o in hierdie taal feitlik deurgaans oop is sal hierna nie onderskei word tussen o en o nie.

Opmerking: Later sal daar ingegaan word op die noontlikheid daarvan dat o en e in die taal kan ontstaan uit o en e, bv. onder invloed van 'n vokaal in 'n volgende sillabe.

Ook e sal voortaan e geskrywe word.

(c) Geslote Sekondêre Vokale.

B.î > i. Vgl.:

B.lî-ni- (prefiks klas 10) > in-, (soms izin-)., vgl. ink_uomo (beeste).

B.-yî (refleksiefformatief) > -zi-.

B.mu-lîmu (God) > uZimu of UmDimu. (God).

B.-lînga (onsingel) > -zingela (jag).

B.û > u. Vgl.:

B.ki-lelû (ken, baard) > isilevu (baard, ken).

B.-yûna (oes) > -vuna (oes).

B.-tûya (beeste teel) > -fuya (beeste teel).

B.-tûla (smee) > -fula (smee).

B.-tûna (soek) > -funa (soek).

B.-kûta (vet) > anafutha (vet).

B. DIE KONSONANTE.(a) Primêre Konsonante:(1) Eksplosiewe:

B.k > k, kh, kx. Vgl.:

- (i) B.-eka (neutralis suffiks) > -eka.
 B.-kale (ou dae) > kade (lankal).
 B.-kalî (vroulik) > -kazi (Vroulike suffiks).
 B.-kati (middel) > (kunga)phakathi.
- (ii) B.-kaya (huis) > ikhaya (huis).
 B.-kola (tevrede wees) > -kholisa (tevrede-stel).
 B.-kono (arm, hand) > unkhono (arm).
 B.-kû-ela (opklin) > -khwela (opklin).
 B.-kuku (hoender) > ik'ukhu (hoender).
 B.-kulu (groot) > -khulu (groot)
 B.-kumb-ula (onthou) > -khumbula (onthou).
 B.-kamba (gaan) > -khamba (loop)⁽¹⁾
- (iii) B.-kana (druk) > -kxana (uitdruk).

B. t > th. Vgl.:

- B.-tatu (drie) > -thathu (drie).
 B. ma-ta (spuug) > amathe (spuug).
 B.-ta (oorlog) > isitha (vyand).
 B.-tama (wang) > unthamo (wang).
 B.-tambo (been) > ithambo (been).
 B.-tapa (uithaal) > -thapha (uithaal).
 B.-tu-ala (dra) > -thwala (dra).
 B.-tuka (vloek) > -thukana (mekaar vloek).
 B.-tuna (stuur) > -thuma (stuur).
 B.-tunda (urineer) > -thunda (urineer).
 B.-tutuma (bewe) > -thuthumela (bewe).

(1) Sien: Meinhof-van Warmelo: Phonology, bls. 89, par. 19.

B.p > ph. Vgl.

B.-pa (gee) > -pha.

B.-pa (lokatiefprefiks klas 16), bv. phandle (buite), phasi (onder), phakathi (binne), phezulu (ho).

B.-pa (word gebruik by die vorming van verba met adjektiefstamme) vgl. -khuluphala (vet word).

B.-pala (skraap) > -phala (skraap).

B.-pamba (kruis) > -phambansa (oormekaar plaas).

B.-panda (grond wegkrap) > -phanda (skrop).

B.-papu (long) > iphaphu (long).

B.-pata (gryp) > -phatha (vat).

B.-pola (afkoel) > -phola (afkoel).

B.-pota (opdraai) > -photha (opdraai).

B.-pum-ula (rus) > -phumula (rus).

(2) Die Frikatiewe.

B.y (i) Val weg aan die begin van woorde.
(ii) Verander na y of w tussen vokale.

Vgl.:

(i) B.-yaya (verdeel) > -a'ba (verdeel).

B.-yaka (bou) > -akha (bou).

B.-yua (val) > -wa (val).

B.-yoki-a (brand) > -osa (braai).

B.-yota (jouself verwarm) > -otha (self verwarm).

(ii) B.-laya (vertrou met) > -laya (beveel, vertrou).

B.-kaya (huis) > ikhaya (huis).

B.-yuya (omdraai) > -'buya (terugkom).

B.-yeyu (saad) > imbewu⁽¹⁾, (saad).

B. l bly l. Vgl.:

B.-akala (verbale uitgang) > -akala, vgl. -'bonakala (sigbaar wees).

B.-laya (vertrou met) > -laya (beveel).

B.-lala (uitstrek) > -lala (gaan lê).

B.-landa (volg) > -landa (volg).

(1) Die semi-vokaal w is in hierdie geval blykbaar meer 'n oorgangsklank.

B. mu-lomo (mond)	> umlomo (mond).
B. -lua (veg)	> -lwa (veg).
B. -luka (vleg)	> -luka (vleg).
B. -luma (byt)	> -luma (byt).
B. -luŋga (regmaak, wees)	> -luŋga (reg word).

B. y > 'b. Vgl.:

B. <u>ya</u> - (prefiks klas 2)	> a'ba-.
B. - <u>ya</u> (wees)	> -'ba (wees).
B. - <u>y</u> ala (tel)	> -'bala (tel).
B. - <u>yili</u> (twee)	> -'bili (twee).
B. - <u>yaya</u> (bitter)	> -'ba'ba (bitter).
B. - <u>yola</u> (verrot)	> -'bola (verrot).
B. - <u>yona</u> (sien)	> -'bona (sien).
B. - <u>yuya</u> (omdraai)	> -'buya (omdraai).
B. - <u>yumba</u> (vorm)	> -'bumba (vorm).
B. - <u>yung</u> a (vergader)	> -'buŋgela (vergader).

(3) Die Nasale.

B. n bly n. (Bly dus onveranderd). Vgl.:

B. na (met)	> na-.
B. -ana (verbale uitgang: resiprokalis)	> -ana, vgl. -'bonana, -sangana.
B. -nona (vet wees)	> -nona (vet word).
B. -nuka (ruik)	> -nuka (ruik).

B. m bly m. Vgl.:

B. ma- (prefiks klas 6)	> ama-.
B. -ma (verbale uitgang, statief)	> -phakama, (opkom).
B. -mamba (slang)	> imamba.
B. -luma (byt)	> -luma (byt).
B. -kama (druk)	> -kxama (saamdruk).

(b) Sekondêre Konsonante (Meinhof: Palatals).(1) Sekondêre Eksplosiewe:B. t > ʃ. Vgl.:B. -tano (vyf) > -ʃanu.B. -takûna (kon) > -ʃafuûna.⁽¹⁾B. k > ʃ. Vgl.:B. -kokela (hoes) > -ʃokela (hoes).B. -keka (lag) > -ʃeka (lag).B. -pika (wegsteek) > -fisa (wegsteek).B. -yiko (oog) > iliʃo (oog).B. -laka (weggooi) > -lasa (weggooi).(2) Sekondêre Frikatiewe:B. ɣ > z, (z) Bv.:(i) B. -ɣula > -zula (verbygaan).(Dit dien opgemerk te word dat z na z verander wanneer 'n vokaal -i- die woordstam binnedring⁽²⁾ bv.:B. -ɣa (kom) > -(i)za (kom).B. -ɣulu (bo) vgl. phezulu (< pha + izulu).B. -ɣûa (hoor) > -(i)zwa (hoor)).B. l > z.

Voorbeelde ontbreek. Vgl. die nasaalverbinding:

B. -leye > inze'be (oor).C. KONSONANTE ONDER DIE INVLOED VAN 'N VOLGENDE VOKAAL.(a) Primêre Konsonante voor Primêre Vokale i en u.

B. ki > si. Vgl.:

B. ki- (prefiks klas 7) > isi-, bv. isikhethu:
ons taal.

B. -kila (stert) > umsila (stert).

B. -kia (dagbreek) > (uku)sa (dagbreek).

(1) Hierdie vorm word later, i.v.m. die invloed van die semi-vokaal bespreek.

(2) Meinhof van Warmelo: Phonology, bls. 94, par. 30.

B.ti > thi: (D.w.s. -i het geen invloed op t nie). Vgl.:

B.-ti (sê) > -thi (sê, gebeur).

B.-ti (boom) > umuthi (boom).

B.-kati (middel) > phakathi (binne-in).

B.pi > phi (D.w.s. p word nie deur i beïnvloed nie). Vgl.:

B.-pinda (draai) > -phinda (herhaal).

B.-pi? (waar) > -phi?

N.B.: -fitšane, (< B -kûpi: kort), word in die taal aangetref maar dit is duidelik 'n diminutief-vorm.

B.γi > i. Die klank γ val skynbaar gewoonlik weg ook voor i. Vgl.:-

B.-γi(ma) (staan) > -(i)ma (staan).

B.-γikuta (versadig wees) > -sutha⁽¹⁾ (versadig word).

B.li bly li. Vgl.

B.li- (prefiks klas 5) > ili-.

B.-lila (huil) > -lila (huil).

B.-linda (oppas) > -linda (wag).

B.-lima (ploeg) > -lima (ploeg).

B.-limi (tong) > ilimu, (soms ulimu):tong.

B.-liyala (vergeet) > -li'bala (vergeet).

B.yi > 'bi (i beïnvloed y dus nie tot 'n onreëlmatige verskuiwing nie). Vgl.:

B.-yi (sleg) > -'bi (sleg).

B.-yila (kook) > -'bila (kook).

B.-yili (lyf) > izibili (lyf).

B.ku > ku; khu (k word dus nie deur u beïnvloed nie). Vgl.:

(i) B.ku- (prefiks, klas 15) > uku-; vgl. ukukhamba: (om te loop).

(ii) B.-kula (groei) > -khula (groei).

B.-kulu (groot) > -khulu (groot).

B.-kumb-ula (onthou) > -khumbula (onthou).

B.-kuni (hout) > (ili)khuni (hout).

Opmerking: Die verandering van B li-kuni, (tien), na litšumi vind plaas onder invloed van i wat die woordstam binnedring.

(1) -Sutha ontstaan deur die indringing van i in die stam. Sien later).

B. tu > thu, ru. (Die verandering van t na r is nie reëlmatig nie, en dit lyk na Sotho-invloed.)

- (i) B. -tuma (stuur) > -thuma.
 B. -tatu (drie) > -thathu.
 B. -tu-ala (dra) > -thwala.
 B. -tunda (urineer) > -thunda.
 B. -tuka (vloek) > -thukana: (mekaar skel).

(ii) B. mu-tua (Dienskneg, Boesman) > umurwa (Boesman).

B. pu > phu. (p word dus nie deur u beïnvloed nie). Vgl.:

- B. -pumula (rus) > -phumula.
 B. -puṅga (blaas, waai, swaai) > -phuṅga (blaas).

B. yu > u, wu⁽¹⁾. (In hierdie verandering is daar dus ook niks onreëlmatigs nie). Vgl.:

- (i) B. yu- (Subjekskakel, klas 3) > u-.
 B. -yua (val) > -wa (val).
 (ii) B. -yu- (Objekskakel, klas 3) > -wu-.
 B. -yeyu (saad) > imbewu (saad).

B. lu bly lu. Vgl.:

- B. -luma (byt) > -luma (byt).
 B. -luṅga (regmaak) > -luṅgisa (regmaak).
 B. lu- (prefiks klas 11) > ulu- (N.B.: Hierdie klas word meestal opgeneem in die ili-klas. Sien opmerking later onder nominaalklasse).

B. yu > 'bu. (Ook hier is dus geen onreëlmatige verskuiwing nie). Vgl.:

- B. -yumba (vorm) > -'bumba: (met klei vorm).
 B. yu- (prefiks klas 14) > u'bu-.
 B. -yuya (omdraai) > -'buya.

(1) Die semivokaal w ontstaan hier soms skynbaar as 'n oorgangsklank.

Opsommenderwys kan ons dus i.v.m. die invloed van i en u op voorafgaande primêre konsonante sê:

B.k > s voor i; daar is 'n geval waar t na r verander voor u. Die ander primêre konsonante word nie tot 'n anderse verskuiwing beïnvloed deur i en u nie.

(b) Die Sekondêre Konsonante onder die invloed van 'n volgende i en u.

B. ku > sw. Vgl.:

B. -kua (ondergaan) > -swa.

B. yu > zu. Vgl.:

B. -yula (spring) > -zula (verbygaan).

Vgl. ook die nasaalverbinding inzu < B -yu: huis.

B. ki > si. Vgl.:

B. -yiki (groen, vars) > i'bisi (ook u'bisi)(melk).

B. -pa-ki (onder) > phasi (onder, onderkant).

B. yi > zi. Vgl.:

B. -yi-ya (weet) > -azi.

B. -yiva (duif) > izu'ba (soort duif).

Opmerking: Dit blyk dus dat B.k na s verander voor i; B y verander na z voor i, en hierdie feit sluit aan by die opmerking onder B(b)(ii) i.v.m. die verskuiwing van y. Die ander sekondêre konsonante word nie tot 'n onreëlmatige verskuiwing beïnvloed deur u en i nie.

(c) Die invloed van e en o op die Primêre en Sekondêre Konsonante.

Daar is skynbaar geen gevalle waar e of o 'n voorafgaande konsonant tot 'n onreëlmatige verskuiwing beïnvloed nie. Vgl.:

B. -yola (verrot)	> -'bola (verrot).
B. -k _u ola (spioeneer)	> -g _u ola (spioeneer).
B. -k _u onî (skaante)	> -g _u onipha (vereer).
B. -pepa (blaas)	> -phemba (vuur blaas).
B. -k _u eka (lag)	> -g _u eka (lag).

(d) Primêre Konsonante onder die invloed van daaropvolgende geslote B-vokale î en û.

(i) Primêre Konsonante voor î:

B. kî > si. Vgl.:

B. mu-kîpa (spier) > umsipha (spier).

B. -kîta (wegsteek) > -sitha (wegkruip).

B. tî > si. Vgl.:

B. -pîtî (wolf) > ip'isi. (hiëna).

B. -tîma (staan) > -simama (staan).

B. pî > fi. Vgl.:

B. -pîka (aankom) > -fika (aankom).

B. -pîka (wegsteek) > -fiṣa (wegsteek).

B. -pîna (saamtrek) > -fiña⁽¹⁾ (neus blaas).

B. yî > zi. Vgl.:

B. -yî- (refleksiefformatief) > -zi-.

B. -yîno (tand) > iziño.⁽¹⁾

B. -yîko (vuurherd) > iziko (vuurherd).

B. -yîla (vermy) > -zila (vermy).

B. lî > zi. Vgl.:

B. lî (prefiks klas 10) > izi-; vgl. izindi: (stokke).

B. -kolî (valk) > ikhozi, (soms ukhozi (arend)).

B. -lolî (fluit) > umlozi: (vgl.

ukutṣaya umlozi: om te fluit).

B. -lîya (diepte) > isizi'ba (kuil).

(1) Na hierdie vorm word weer verwys op 'n later stadium in hierdie verhandeling.

B. yî > vi. Vgl.:

B. -yîla (lui wees) > -vila (lui wees).

B. -tuyî (afskeiding) > uthuvi (afskeiding).

(ii) Primêre Konsonante voor û.

B. kû > fu. Vgl.:

B. -kûta (vet) > amafutha (vet).

B. -takûna (kou) > -şafuña⁽¹⁾ (kou).

B. -kûmana (ontmoet) > -fumana: (vind).
(ook -fuña⁽¹⁾).

B. tû > fu. Vgl.:

B. -tûya (beeste teel) > -fuya (beeste teel).

B. -tûla (smee) > -fula (smee).

B. -tûna (soek) > -funa (begeer, soek).

B. -tûnda (leer) > -funda (leer).

B. pû > fu. Vgl.:

B. -popû (blind) > isiphofu (blinde).

B. -pûlata (omdraai) > -fulathela (rug draai).

B. -pû-ana (lyk soos) > -fana (lyk soos).

B. ÿû > vu. Vgl.:

B. -ÿoyû (olifant) > inçovu (olifant).

Vgl. ook die volgende nasaalverbindinge:

imvu'bu < B -ÿuyû (seekoei).

imvu < B -ÿû (skaap).

B. lû > vu. Vgl.:

B. -lûma (saamstem) > -vuma (saamstem).

B. -lûya (lek) > -vuza (lek).

B. -lelû (baard) > indevu (baard).

B. -lûya (meng) > -vu'ba (meng).

B. yû > vu. Vgl.:

B. -yûna (oes) > -vuna (oes).

(1) Hierdie vorm word weer behandel met die oog op die verandering van die nasaal.

- (e) Sekondêre Konsonante onder die invloed van 'n daaropvolgende geslote B-vokaal \hat{i} of \hat{u} .

Of daar wel 'n invloed uitgeoefen is deur \hat{i} en \hat{u} op sekondêre konsonante is nie vir my moontlik om te sê nie.

Meinhof en van Warmelo kon my in die opsig ook nie help nie.

- (D) PRIMÊRE KONSONANTE ONDER DIE INVLOED VAN 'N VOORAFGAANDE NASAAL: NASAALVERBINDINGS.

In hierdie opsig vertoon hierdie taal 'n paar merkwaardige afwykings van Zoeloe en Xhosa. Dit lyk asof hierdie afwykings heeltemal wetmatig in die taal self plaasvind. Hieroor later.

- (a) Nasaal + Primêre Konsonant: Corspronklike Nasaal-verbindinge.

B. nt > nd. Vgl.: umundu (mens) < B.-ntu.

Vgl. ook: kandi (terwyl).

umkhondo (assegaai).

B. nk word waarskynlik nk', k': Vgl. later die nasaalverbinding ni + k. B.-nuŋka (ruik) is nie 'n geskikte voorbeeld nie aangesien Ndzundza -nuka ontstaan uit B.-nuka (ruik).

B. mp word waarskynlik mp', p': Vgl. later die nasaalverbinding ni + p. Voorbeelde ontbreek.

B. ng bly ng. Vgl.:

-thuŋga (naaldwerk doen) < B.-tuŋga.

-liŋgana (gelyk wees aan) < B.-liŋga.

hhaŋga (dokter) < B.-yaŋga.

B. nd bly nd. Vgl.:

-linda (oppas) < B.-linda.

-landela (volg) < B.-landa.

B. mb bly mb. Vgl.:

-'bumba (vorm met klei) < B.-yumba.

(b) Nasaal + i + Konsonant.

Voorbeelde van hierdie nasaalverbinding word geneem uit die volgende gevalle:

- (1) Nomina van klasse 9 en 10; (insluitend natuurlik moontlike gevalle waar ander nominaalklasse klas 10 se prefiks in die meervoud neem).
- (2) Adjektiewe wat nomina van genoemde klasse kwalifiseer.
- (3) Nomina van klas 9, afgelei van verbumstamme.
- (1) Nomina van klasse 9 en 10:

B. ni + k > k', nk'. Vgl.:

- (i) ik'ala (krap) (klas 9) < B. -kala, nkala.
 ik'osi (koning) (klas 9) < B. -kokî.
 ik'omo (bees) (klas 9).
 ik'a'bi (os) (klas 9).
 ik'oloi (wa) (klas 9).
- (ii) ink'ala (krappe) (klas 10) < B. -kala.
 ink'osi (konings) (klas 10) < B. -kokî.
 ink'omo (beeste) (klas 10)
 ink'a'bi (osse) (klas 10)
 inkuni (houte) : (mv. van ikhuni, klas 5).

(Opmerking: Nomina van klas 10 neem soms die langvorm van die prefiks, nl. izin-).

B. ni + t > nd. Vgl.:

- indambo (tou) (klas 9).
 indonga (kierie) (klas 9).
 indo (ding) (klas 9).
 indethe (sprinkaan) (klas 9).
 induthu (roet) (klas 9).
 (iz)induli (stowwe) : (mv. ithuli, klas 5).

B. ni + p > p', mp'. Vgl.:

- (i) ip'isi (wolf) (klas 9) < B-pîti; -mpîti.
 ip'aka (toorkat) (klas 9) < B-p'aka; -mp'aka.
 ip'emvu (witgesig bees) (klas 9) < B-pembû.
 ip'ukane (vlieg) (klas 9).
 ip'ala (rooibok) (klas 9) < B, mp'ala, -p'ala.
 ip'aŋgela (tarentaal) (klas 9).
 ip'oŋgo (bokram) (klas 9).
- (ii) imp'isi (wolwe) (klas 10) < B-pîti; -mpîti.
 imp'aka (toorkatte) (klas 10) < B-paka; -mpaka.
 imp'emvu (witgesig beeste) (klas 10) < B-pembû.
 imp'ukane (vlië) (klas 10).
 imp'ala (rooibokke) (klas 10) < B-pala; -mpala.
 imp'aŋgela (tarentale) (klas 10).
 imp'oŋgo (bokranne) (klas 10).

B. ni + y bly ŋg. Vgl.:

- iŋgulu'be (vark) < B -yuluye.
 iŋgu'bo (kombers).
 iŋgonyama (leeu).

Dit dien opgemerk te word dat in gevalle waar y wegval aan die begin van woorde daar verander ni-na ŋ. Vgl.:

- | | | |
|--------|-----------|-----------|
| iŋaŋga | (dokter). | } Klas 9. |
| iŋathi | (buffel). | |
| iŋama | (vleis). | |
| ŋfoka | (slang). | |
| iŋoŋgo | (gal). | |

B. ni + l bly nd. Vgl.:

- indevu (baard) (klas 9) < B-lelû.

B. ni + y bly mb. Vgl.:

imbuzi (bok)	< B-yuli; mbuli.	} Klas 9.
imbabala (bosbok).		
imbewu (saad)	< B-yeYu; mbeYu.	
imbila (dassie).		

(2) Adjektiewe wat nomina van klasse 9 en 10 kwalifiseer.

B. ni + k > k', nk'. Vgl.:

- (i) ik'omo ek'ulu (groot bees: klas 9).
 indlu ek'ulu (groot huis: klas 9).
 ik'a'bi ek'ulu (groot os : klas 9).
 (ii) ink'omo eziink'ulu (groot beeste: klas 10).⁽¹⁾
 ink'a'bi eziink'ulu (groot osse : klas 10).

B. ni + t > nd: Vgl.:

- (iz)ink'omo endathu (drie beeste).
 ink'a'bi ezindandathu (ses osse).⁽²⁾

B. ni + y bly mb. Vgl.:

- ik'osi embi (slegte koning).
 in'ati embili (of ezimbili): (twee buffels).

(3) Nomina van klas 9, afgelei van verbunstamme:

B. ni + k > k', nk.

- (i) ik'omba'bant'u (wysvinger).
 (ii) ink'omba'bant'u (wysvingers).

B. mp > mp' Vgl.:

- imp'ela (werklik).

B. ni + l > nd. Vgl.:

- indima (land) < (B-lima).

B. ni + y > mb. Vgl.:

- imbazo < ('baza) : byl.
 imbongi < ('bonga): pryser.

(1) Ek het ook ink'omo ezik'ulu teengekom.

(2) Ink'a'bi endathu word ook gehoor.

(4) Nuwe klank wat ontstaan nadat 'n nasaal weggeval het.

d: Hierdie klank ontstaan as volg:

B-lelû > indevu (ken) > idevu (snor).

-de (lank: adjektiefstam)⁽¹⁾ ontstaan blykbaar onder invloed van die adjektief vir klas 9; ende. -dala (oud: adjektiefstam) ontstaan blykbaar op dieselfde wyse.

g: Hierdie klank ontstaan blykbaar op dieselfde wyse as d⁽¹⁾. Voorbeelde van hierdie afleiding kon ek nie kry nie. Die klank kom voor in die volgende woorde: -gana (trou); -gula (siek word).

b: Hierdie klank kon ook op die wyse ontstaan het, want B. ni + y > mb.

Die woord -bala (skryf) en -'bala (tel) het niks met mekaar te doen nie. Dit verskyn ook in leenwoorde (vgl. -betere: Afrikaans: beter). k' en p' ontstaan, soos reeds aangedui, normaal-

weg in die taal as gevolg van 'n nasaal wat wegval. Wat Meinhof vir Zoeloe vermoed het is dus 'n feit in hierdie taal.

(c) Nasaal + u + Konsonant.

Hierdie nasaalverbinding wat ontstaan uit B.mu gevolg deur 'n konsonant word nagespeur onder die volgende omstandighede:

- (i) Die invloed van die klasprefiks van klasse I en III.
- (ii) Adjektiewe wat nomina van klasse I en III nader omskrywe.
- (iii) Die objekskakel van die 3^{de} pers. voor verbunstanne.

Dit blyk dat die vokaal -u van B.mu- gewoonlik voor mono-sillabiese nominale, adjektief- en verbunstanne behoue bly, maar voor meerlettergrepige stamme val die weg. Die konsonant m skyn nêrens 'n invloed op volgende klanke uit te oefen nie.

(1) Sien Meinhof: Bantu Phonology, bls. 87.

(i) Die Klasprefiks van Klasse I en III:-

umkhulu	(grote).
umthandi	(liefhebber).
umlondoloji	(beskermer).
um'wali	(teller).
umuzi	(kraal).
umlambo	(rivier, moeras).
umkhambi	(reisiger).

(ii) Voor die Adjektiefstam:-

umundu omkhulu	: (groot mens).
umlondoloji omkhulu	: (groot beskermer).
umundu omu'bi (of om'bi)	: (slegte mens).
umuzi omu'bi (of om'bi)	: (slegte kraal).
umlambo omu'bi (of om'bi)	: (slegte rivier).

Die vorm in hakies dui 'n neiging aan by sommige individue om die vokaal -u te laat val, ook voor mono-sillabiese adjektiefstamme.

Die 'b bly egter implosief.

(iii) Die Objekskakel, 3^{de} persoon, ekv. voor verbu-
stamme:

ngiyam'bona	: (ek sien hom).
ngiyamthanda	: (ek bemin hom).
ngiyamphethe	: (ek beheer hom).
ngiyangunda	: (ek skeer hom).
ngiyanlandela	: (ek volg hom).
ngiyanvelisa	: (ek laat hom verskyn).

(E) SEKONDÊRE KONSONANTE ONDER DIE INVLOED VAN 'N VOORAFGAANDE
NASAAL:-

B. ni + k > nts': vgl.:

B. -koni > ints'oni (skaante).

B. -kola > ints'oli (spioen).

B. ni + ṭ > nṭṣ'; ṣ wanneer 'n nasaal wegval. Vgl.:

(i) ink'a'bi ezintṣ'anu (< B-ṭano) : vyf osse.

(ii) iḡafun'o (kakebeen) < B-takûna: (kou).

B. ni + ḷ > nẓ: vgl.:

B. -ḷeye > inze'be (oor)

B. ni + ɣ > nẓ: vgl.:

B. -ɣoɣû (olifant) > inzovu.

B. -ɣala (honger) > inzala (hongersnood).

(F) KONSONANTE ONDER INVLOED VAN 'N VOLGENDE SEMI-VOKAAL.

(D.W.S. DEUR u, w, ŷ en w̃).

(1) Die invloed van y en w.

B. kya > sa: vgl.:

B -kya (dagbreek) > -sa.

Possessiefskakel van klas 7 > sa-.

B. tya > ṭṣ: vgl.:

iḡikhaṭṣana (diminutief isikhathi).

unthakaṭṣana (dim. unthakathi).

B. pya > ṭsa: vgl.:

-ṭsa (brand) < B-pya < -pia.

-ṭsa (nuut) < B-pya.

B. ɣya > ya: vgl.:

-ya (gaan) < -ɣia⁽¹⁾.

ya- (possessiefskakel, klasse 4 en 9).

B. lya > za: vgl.:

-za (eet) < B.-lia.

phanbizana (diminutief van phambili).

B. ɣya > tj: vgl.:

-tjala (saai) < B.-ɣyala.

B. kwa > kwa: vgl.:

kwa- (possessiefskakel van klas 15 en 17).

(1) Bourquin: Neue Ur-Bantu-Wortstämme, bls. 245.

B. twa > thwa: vgl.:

-thwala (dra).

B. pwa > tšwa: vgl.:

-'botšwa (passief van -'bopha: vasmaak).

B. ywa > wa: vgl.:

wa- (possessiefskakel, klas 3).

-wa (val) < B. -yua.

B. lwa > lwa: vgl.:

-lwa (veg) < B.-lua.

l(w)a- (possessiefskakel van klas 11 wat soms voorkom).

B. ywa > 'ba: vgl.:

'ba- (possessiefskakel van klas 14).

(L.W.): B. ywe > tje: vgl.:

itje (klip) < B. -ywe.

-tjela (vertel) < B. -ywela.

In hierdie geval word B. y dus verander na tj, 'n palatale klank).

(2) Die invloed van \hat{y} en \hat{w} :

B. k \hat{y} a > sa: vgl. (1)

-susa (wegneem): kousatief van -suka.

B. t \hat{y} a > tša: vgl.:

-tšiya (agterlaat) < B. -t \hat{y} -ala : agterbly.

B. l \hat{y} a > za: vgl.:

za- (possessiefskakel van klas 10).

-khathaza (kousatief van -kathala: moeg word).

-sondeza (kousatief van -sondela: nader bring).

B. y \hat{y} a > za: vgl.:

-zala (geboorte gee) < B. -y \hat{y} ala).

za- (possessiefskakel klas 8).

(1) Meinhof-van Warmelo: Bantu Phonology, bls. 93.

B. k^hwa > fa: vgl.:

-fa (sterf) < B. -k^hwa.

B. t^hwa > fa: vgl.:

ifana (wolkie: diminutief ifu < B -t^h).

B. p^hwa > fa: vgl.:

-fana (lyk soos) < B.-p^hwana.

B. y^hwa > va: vgl.:

inzovana (diminutief inzovu).

B. l^hwa > va: vgl.:

-vela (verskyn < -va < B. -l^hua).

Opsommenderwys kan ons dus nou die volgende besluit i.v.m. die invloed van y, w, ^hy en ^hw op voorafgaande konsonante:-

Die invloed van y, w, ^hy en ^hw is dieselfde as die van i, u, ^hi en ^hu respektiewelik op voorafgaande konsonante, buiten in die volgende gevalle:

B. pya > t^hsa.

B. lya > za.

B. yya > tj.

B. pwa > t^hswa.

B. t^hya > t^hsa.

B. yya > za.

- (3) Die invloed van semivokale wat ontstaan het deurdat die vokaal i die woordstam binnegedring het. (Meinhof: Palatalisasie).⁽¹⁾

Hierdie vorm van klankverandering het, vir sover ek kon vasstel, hoofsaaklik plaasgevind onder invloed van B.yi- en B.li-, en B.^hi en B.^hu.

(1) Sien: Meinhof-van Warmelo: Bantu Phonology, bls. 179.

Eiselen: Die Veränderungen durch vorhergehendes i in den Bantusprachen, SFES. Vol. XIV, bls. 81-153.

- (i) B. *yi-* : -*ḡala* (gaan sit) < B. -*yikala*.
 -*sutha* (versadig word) < B. -*yikuta*.
 -*esa'ba* (vrees) < B. -*yitaya*.
 -*iva* (doring) < B. -*iyua*.
 -*tḡelela* (gly) < B. -(*yi*)*telela*?
- (ii) B. *li-* : *iselwa* (Klas 5)(padda) < B. -*kele*.
itḡumi (Klas 5)(tien) < B. -*kuni*.
isende (Klas 5)(teelbal) < B. -*tende*.
izenbe (Klas 5)(byl) < B. -*yembe*.

Let daarop dat daar in die geval van *itḡumi* en -*tḡelela* eksplosieffrikatiewe klanke ontstaan i.p.v. frikatiewe soos in die geval van Zoeloe.

Betreffende die sekondêre konsonante dien daarop gelet te word dat B. *yiko* verander na *liḡo*. (Vgl. Zoeloe *iso*). In die geval van *isiNdzundza* het daar dus nie 'n indringing in die stan van die vokaal *i-* plaasgevind nie,

- (iii) In hierdie taal bestaan daar interessante voorbeelde van 'n semivokaal wat na die nasale *m* en *n* ontstaan, en wel onder die invloed van B. *û* of B. *î* in 'n vorige sillabe.

So vind ons dat:

B. - <i>yîno</i>	(tand)	>	<i>iziño</i>	(tand).
B. - <i>pîna</i>	(saantrek)	>	- <i>fiña</i>	(neusblaas).
B. - <i>takûna</i>	(kou)	>	- <i>ḡafuña</i>	(kou).
		>	- <i>igafuño</i>	(kakebeen).
B. - <i>kûmana</i>	(vind)	>	- <i>fuñana</i>	(vind).
			soms	- <i>fumana</i> .

B. -*tûna* (vind) > -*funa* en is blykbaar 'n voorbeeld van 'n uitsondering op hierdie reël.

Dit dien in gedagte gehou te word dat Meinhof daarop wys dat \hat{u} (1) blykbaar ontstaan uit $i + u$. Dit klink dus vir my logies dat hierdie klank 'n semi-vokaal y kan tevoorskyn roep deur die indringing van i in 'n volgende sillabe, bv.:

B. - $\underline{t}ak\hat{u}na$ > - $\underline{s}afun(i)a$ > - $\underline{s}afunya$ (- $\underline{s}afu\hat{u}na$).

Andersyds kan die besondere geslotenheid en gespannoid van B. \hat{i} en B. \hat{u} natuurlik ook ten gevolge hê dat 'n volgende nasaal verander na 'n palatale klank (2).

(G) NASAALVERBINDINGS GEVOLG DEUR DIE SEMI-VOKALE y , w , \hat{y} en \hat{w} .

Hier word slegs behandel daardie gevalle waarvoor voorbeelde te vinde was:

B. $ntwa$ > $ndwa$: vgl.:

$indwana$ (dingetjie: diminutief indo).

B. $nt\hat{y}a$ > $ndisa$: vgl.:

- $thondisa$ (drup).

B. $\hat{n}g\hat{y}a$ > nz : vgl.:

- $\underline{s}anza$ (kousatief B. - $\underline{k}a\hat{n}ga$) : (voneer).⁽³⁾

B. $\hat{n}gwa$ bly onveranderd: vgl.:

- $'bo\hat{n}gwa$ (geprys word: passief van - $'bonga$).

B. $\hat{n}g\hat{w}a$ > $\underline{m}va$: vgl.:

$\underline{im}vana$ (skapie: diminutief invu).

B. $ndwa$ bly $ndwa$: vgl.:

$umsindwana$: (diminutief: $umsindo$: lawaai).

- $thandwa$: (passief - $thanda$).

B. $nd\hat{y}a$ > nz : vgl.:

- $funza$: (in die mond laat sit: kousatief - $funda$).

(1) Bantu Phonology, bls. 25.

(2) Meinhof het soms verwys na die invloed van \hat{i} as "palatalization", in sy bespreking van Zoeloe.

(3) Vgl. Meinhof: Bantu Phonology, bls. 94, par. 31.

B. ndŵ > n̄v: vgl.:

in̄velo (oorsprong) < -va < B-lûa.

B. mbwa > ndž̄a: vgl.:

indž̄a (hond) < B.-ywa.

unthondž̄ana : (diminutief unthombo: fontein).

-'bandž̄wa : (passief -'bamba).

B. mb̄ya > nza: vgl.:

-sanza (kousatief van -samba : was).

(H) DIE NASALE m EN n ONDER INVLOED VAN DIE VOKAAL EN DIE SEMI-VOKAAL.

B. ni bly ni: Vgl.:

-nika (gee).

B. nu bly nu: vgl.:

-nuka (ruik).

B. ne bly ne: vgl.:

-ne (vier).

B. no bly no: vgl.:

amanoni (vet).

B. n̄i > ni: vgl.:

-ini (lokatiefsuffiks).

ikhuni (soms ukhuni) : hout.

B. ni bly ni: vgl.:

ini- (klasprefiks klas 4).

itšumi (tien).

B. mu bly nu: vgl.:

umu- (klasprefiks klasse 1 en 3).

B. mo bly no: vgl.:

unlomo.

B. nya > na, ña: vgl.:

(i) -na (reën).

(ii) Wanneer die nominale stam met 'n vokaal begin dan verander B ni (klas 9) na ñ, vgl.: in̄athi
in̄aŋga.

B. nwa bly nwa: vgl.:

- 'bonwa (passief 'bona).

B n̂ya > ná: vgl.:

-ná : jouself ontlas.

B. nya > ná: vgl.:

itšúñana (diminutief itšumi).

B. nwa > n̂wa: vgl.:

-vuñwa (passief van -vuma: saamsten).

-thuñwa (passief van -thuma).

B. n̂wa > nwa: vgl.:

unwele ('n haar) < B. -m̂uele. (Hierdie voorbeeld is nie heeltemal geskik nie).

(I) ASSIMILASIE, ANDER KLANKWETTE EN KLANKE.

Voordat ons kan oorgaan tot die tabulering van klanke wat in hierdie taal aangetref word, is dit nodig om van die volgende moontlikhede kennis te neem.

(a) Vokaal-assimilasie.

(1) Die verandering van o en e, na halfgeslote o en e.

Dit dien daarop gelet te word dat die uitspraak van e en o soms vernou word, en wel wanneer die twee vokale in 'n daaropvolgende sillabe gevolg word deur 'n nou vokaal, d.w.s. i of u. So vind ons dus dat die volgende gebeur:

umundu omdala, maar uthoŋgo o'bumnandi.

ikono maar ik'osi.

wena maar phezulu.

(2) Gevalle waar o en e sekondêr ontstaan:-

Verder kan o en e sekondêr ontstaan as gevolg van vokaalsamesmelting wat onder sekere omstandighede plaasvind volgens die volgende reël:

a + i > e (1)

a + u > o

(a + a bly a).

Hierdie same-smelting vind plaas onder die volgende omstandighede:

(i) Met die vorming van die adjektief- en relatiefskakels; vgl.:

umundu omude (< a + umu + de).

ik'omo ek'ulu (< a + i(n) + khulu). Maar

a'bandu a'bane (< a + a'ba + ne).

Vgl. ook die volgende relatiefskakel:

ukudla okusuthu (soet kos: vgl. Afr. soet) <

< a + (u)ku + suthu.

(ii) Wanneer die possessiefskakel voor 'n nomen gevoeg word dan verbind -a van hierdie skakel met die aanvangsvokaal van die nomen. (Dit gebeur natuurlik nie wanneer possessiewe met absolute pronomina gevorm word nie). Vgl.:

umundu wek'osi (< wa + ik'osi).

ik'a'bi yomundu (< ya + umundu).

(iii) Wanneer adverbiale formatiewe soos na- (met), nga (deur, deur middel van), ngaŋga- (so groot soos) ens. voor nomina optree om adverbia te vorm. Vgl.:

indoda inomfazi (< na + umfazi).

umundu onek'a'bi (< na + ik'a'bi): d.w.s. die mens wat 'n os het.

(iv) Verbumstamme met 'n latente i- veroorsaak soms dat e sekondêr ontstaan. Vgl. die volgende vorm van die indikatiefmodus, teenwoordige tyd-vorm: ŋgiyeza (ek kom) < ngi + ya + iza.

(1) e en o wat aldus ontstaan is onderhewig aan dieselfde invloed wat onder I(a) behandel is.

- (v) In sommige gevalle ontstaan e by die vorming van lokatiewe, d.m.v. van die lokatief-suffiks -ini, d.w.s. in die geval van nomina wat met -a eindig. Vgl.:
- enda'beni (by/op die berg): (< e + indaba + ini).
- endodeni (by die man) : (< e + indoda + ini).

- (3) Die kopulatiewe-vorm van nomina van klasse 4, 7, 8, 9 en 10 vertoon 'n semi-vokaal y wat blykbaar as volg uit B yi- ontstaan het:

B yi- + imizi > iimizi > yimizi (klas 4).

B yi + ik'omo > iik'omo yik'omo (klas 9).

Meinhof beweer⁽¹⁾ dat hierdie klank in

Zoeloe nie 'n suiwer semi-vokaal is nie.

Betreffende isiNdzundza het ek egter geen rede om die klank as iets anders as 'n semi-vokaal te beskou nie.

(b) Vreemde en buitengewone Klanke:

Die volgende klanke bestaan ook in die taal:

x : vgl. iŋgulu'be yenaxa (wilde vark).

-xuka (dreig).

r : vgl. -tsara (spoeg).

-betere (< Afrikaans : beter).

ṭ : vgl. -ṭeta (die ore deurboor).

th : vgl. -umthoto (bier sif).

ts : vgl. -tsara (spoeg).

ndz : vgl. isiNdzundza

dʒ : vgl. -dʒama (opstaan).

hh : vgl. ihhaʃi (perd).

(c) Die Nasaalverbindings en die Wetmatigheid i.v. daarmee:

In hierdie verband kan ons die volgende skynbare reëlmatigheid formuleer en aanvaar:

(1) Sien: Bantu Phonology, bls. 97.

Die nasaal n val weg voor die stemlose eksplosiewe in die taal. (Dit geld natuurlik nie in die geval van B. t nie, en wel omdat t onder die invloed van 'n nasaal, as gevolg van assimilasie, stemhebbend word en na d verander). Die invloed van die nasaal bly egter staan, en so ontstaan die klanke k' en p'. Vgl. in hierdie verband weer kortliks die volgende voorbeelde:

ik'a'bi	(Zoeloe : in'k'a'bi : os).
indo ek'ulu	(groot ding).
indlu ek'ulu	(groot huis).
ip'ala	(rooibok).
isimbi	(yster).
-phosa	(gooi) (Zoeloe : -phonsa).
-dosa	(trek) (Zoeloe : -donsa).
isafuño	(kakebeen) (klas 9).

Belangrik egter is dit om daarop te let dat hierdie nasaal nie wegval in die geval van klas 10 nie. Die klasprefiks in hierdie geval is in-, (soms izin-), en dien natuurlik as 'n meervoud vir klas 9. Let op die volgende voorbeelde:

imp'ala	(rooibokke).
in'k'a'bi	(osse).
imp'ondo	(horings).
in'k'uni	((brand) hout : ekv. ik'uni).

Die volgende uitsonderinge op die bogenoemde reël word tog aangetref:

mph	: izimphondo	(beenringe).
nt	: -tantela	(opdraai).
	: -tšentsšisa	(geld kleinmaak : vgl. "change" — Engels).

Of daar in isiNdzundza nog verdere skynbaar afwykende vorms bestaan kon ek nie vasstel nie.

(d) Die Klapklanke:

Hierdie klanke word in die taal aangetref, en word soos in Zoeloe uitgespreek. Dit blyk egter dat die klapklanke in hierdie taal soms deurmekaar geraak het, soos blyk uit die volgende voorbeelde. Die woord "deurmekaar" word hier gebruik omdat ons alreeds aanvaar het dat hierdie mense van Zoeloe-oorsprong is.

Ek glo nie dat die volgende opgawe van klapklanke die vorme wat in die taal bestaan almal weergee nie. Dit is egter al wat my kort ondersoek opgelewer het. 'n Mens kry wel die indruk dat die klapklanke minder talryk as in Zoeloe is. Vgl.:

(i) Die Dentale klap:

- c : -cina (sterk word) (vgl. Zoeloe: -qina).
 : -ceda (klaarmaak) (vgl. Zoeloe: -qeda).
 : -xwacela (skemer word).
 : -cinda (afsnij).
 ch : -chacha (oopsny) (vgl. Zoeloe: -qhaqha).
 gc : -gcagcala (die bruid vang by 'n huwelik).

(ii) Die Palato-alveolare klapklank:

- q : -qoqotha (klop).
 : -qimeza (oë sluit) (vgl. Zoeloe - cina).
 qh : -qhisa (uitsprei).

(iii) Die Laterale Klapklank:

- x : uxamu (likkewaan).
 nx : inxasa (soort medisyne).

(e) Transposisie⁽¹⁾

Die volgende interessante voorbeeld van transposisie het ek in die taal aangetref:

(1) Sien Meinhof-van Warmelo: Phonology, bls. 16).

Die woord vir „hand“ (Zoeloe: isanza) is isanza, meervoud: izanza of: izizanza. isanza ontstaan (1) myns insiens uit isanza a.g.v. transposisie. Die meervoudsvorm izizanza ontstaan deur die voor-aanvoeging van die prefiks izi- waarmee stemlose s na stemhebbende z verander as gevolg van assimilasie.

'n Ander voorbeeld van transposisie is -vilapha (lui wees) < B. -yipala (sleg wees).

(J) OPSOMMING VAN BEVINDING AANGAANDE DIE KLANKE VAN DIE TAAL.

(a) Etimologiese indeling van Vokale:

Primêre vokale : a; i; u.

Sekondêre vokale : o (o); e (e).

Geslote vokale : i; u.

(b) Die Vokale: Fonetics:

i	u
e	o
e	o
a	

(c) Die Konsonante: Etimologiese indeling.

(1) Primêre Konsonante:

<u>Eksplosief.</u>	<u>Frikatief.</u>	<u>Nasaal.</u>
B. k > k, kh, kx.	B. γ > y, w.	(ñ).
B. t > th.	B. l bly l.	B. n bly n.
B. p > ph.	B. y > 'b.	B. m bly m.

(2) Sekondêre Konsonante: (Meinhof: Palatals).

<u>Eksplosief.</u>	<u>Frikatief.</u>
B. <u>k</u> > s.	B. <u>γ</u> > z.
B. <u>t</u> > s.	B. <u>l</u> > z.

(d) Die Semi-vokale:

y en w.

(1) isanza behoort aan klas 7: isi- klas.

(e) Die Nasaalverbindings:(1) Nasaal + Primêre Konsonante:Eksplosiewe.

B. nk > nk', k'.

B. nt > nd.

B. mp > mp', p'.

Frikatiewe.

B. ng > ng (ñ)

B. nd > nd.

B. mb > mb.

Ander klanke wat ontstaan wanneer nasale wegval:

b, d, g, k' en p'.

(2) Nasaal + Sekondêre Konsonante:Eksplosiewe.

B. ni + k > ntʃ'.

B. ni + t > ʃ.

> ntʃ'.

Frikatiewe.

B. ni + l > nz.

B. ni + γ > nz.

(f) Konsonante onder die invloed van 'n volgende vokaal of semi-vokaal.(1) Primêre Konsonante:Eksplosiewe:

B. k. > s, f, tʃ, s.

B. t. > (r), s, f, tʃ.

B. p. > f, tʃ.

B. m. > ñ.

Frikatiewe.

B. γ > z, v, y.

B. l > z, v, z.

B. v > ʒ, v, tj.

B. n > ñ.

(2) Sekondêre Konsonante:

B. k > s.

B. γ > z.

(3) Die Nasaalverbindings:

B. nk

B. nt

B. mp.

} Geen voorbeelde nie.

B. ng > nz, m̄v.

B. nd > nz, m̄v.

B. mb > nz, ndʒ.

(g) Nasaalverbindings gevorm met afgeleide klanke:

- n + s > ntʃ : vgl. intʃo'ba (stert).
 n + s > s : vgl. isimbi (yster) klas 9.
 nts' : vgl. ints'imbi (ysters) klas 10.
 n + f > f : vgl. ifene (bobbejaan) klas 9.
 > mpf' : vgl. impf'ene (bobbejane) klas 10.
 n + z > nʒ : vgl. inʒu (huis).
 n + z > nz : vgl. -nzima (swart).
 n + v > mv : vgl. imvɛlo (oorsprong).

(h) Invloed van vokale op nasale:

B.n > ŋ.

B.m > ŋ.

(i) Ander klanke:

(1) B.ɔ word soms ɔ.

B.e word soms e.

(2) Verder bestaan daar ook die volgende klanke:

hh, x, dʒ, r, t̪, t̪h, ts, ndz, b.

(3) Die drie klapklanke c, q, x, word ook aangetref.

Hierdie klanke kan blykbaar ook soos in Zoeloe

stemhebbend, genasaleerd of ge-aspireerd wees.

HOOFSTUK IV.DIE VORMLEER.INHOUDSOPGAWE:

(A) DIE SKRYFWYSE WAT VOORTAAN GEBRUIK WORD.

(B) DIE SUBSTANTIEF.

(a) Die Nomen.

(1) Die nominaalklasse.

(2) Tabel van skakels wat van die nomen afgelei is.

(3) Kort bespreking van die nominaalklasse.

(4) Afgeleide nomina.

(b) Die Pronomen.

(1) Die absolute pronomen.

(2) Kwantitatiewe pronomina.

(3) Kwalifikatiewe as pronomina gebruik.

(C) DIE KWALIFIKATIEF:-

(a) Die Adjektief.

(b) Die Relatief.

(c) Die Enumeratief.

(d) Die Possessief.

(e) Die Demonstratief.

(D) DIE ADVERBIUM.

(E) DIE IDEOFOON.

(F) DIE KONJUNKSIE.

(G) DIE INTERJEKSIE.

(H) DIE PREDIKATIEF.

I. Die Verbum.

II. Die Kopulatief.

A. DIE SKRYFWYSE WAT VOORTAAN GEBRUIK SAL WORD.

In die volgende hoofstukke waarin die vormleer van die taal bespreek sal word sal die gangbare skryfwyse vir Zoeloe gebruik word. Hier volg nou 'n opsomming van die fonetiese simbole wat in die tabel opgeteken is, tesame met 'n aanduiding van die simbole wat voortaan gebruik sal word:

Vokale:

	a	bly	.	a.
	i	bly		i.
	u	bly		u.
ɛ	en	ɛ	>	e.
ɔ	en	ɔ	>	o.

Konsonante:

h	bly	h.	th	bly	th.
hh	bly	hh.	d	bly	d.
kh	bly	kh.	nd	bly	nd.
k'	>	k.	n	bly	n.
nk'	>	nk.	r	bly	r.
k	bly	k.	l	bly	l.
q	bly	q.	ts	bly	ts.
ng	>	ng.	nts'	>	ns.
			ndz	bly	ndz.
k _x	bly	k _x .	s	bly	s.
x	bly	x.	z	bly	z.
th	>	tlh.	nz	bly	nz.
t	>	tl.	mpf'	>	mf.
nts'	>	nhl.	f	bly	f.
s	>	hl.	v	bly	v.
z	>	dl.	nv	>	mv.
nz	>	ndl.	ph	bly	ph.
ñ	>	ny.	p'	>	p.
y	bly	y.	mp'	>	mp.
tj	>	ty.	b	bly	b.
t _š	>	tsh.	'b	>	6.
nts _š	>	ntsh.	nb	bly	nb.
dž	>	j.	m	bly	m.
š	>	sh.	w	bly	w.
ndž	>	nj.			

(B) DIE SUBSTANTIEF:(a) Die Nomen.(1) Die Nominaalklasse.

<u>Oer-Bantoe.</u>		<u>isiNdzundza.</u> ⁽¹⁾
1. mu-	>	um(u)-.
1(a).		u-
2. va-	>	a6a-(a6e-).
2(a).		a6o-.
3. mu-	>	um(u)-
4. mi-	>	im(i)-.
5. li-	>	ili-; i-.
6. ma-	>	ama-; ame-.
7. ki-	>	isi-.
8. vî-	>	izi-, iz-.
9. ni-	>	i-; in-.
10. lî-ni-	>	in-; im-; izin-.
11. lu-	>	(ulu-).
12. tu-		—
13. ka-		—
14. yu-	>	u6u-; u-.
15. ku- (2)	>	uku-; ukw-.
16. pa-	>	(pha-)
17. ku-	>	(ku-)
18. mu-		—
19. pî-		—
20. yu-		—
21. yi-		—

(1) Voortaan sal die nominaalklasse in isiNdzundza aangedui word volgens die indeling van Meinhof. Die nommer van die ooreenstemmende B.-klas word dus gebruik.

(2) Doke onderskei in die geval van hierdie klas ook nog 'n klas 15(a). Vgl. bv. ukwindla: herfs.

(2) Tabel van Skakels wat van die Nomen afgelei is.

Kl.	Pronominaal-	Adjektief-	Relatief-	Enumeratief-	Possesief-	Objek-	Subjekskakels.				
							Verlede Tyd	Partisiptiale Modus	Subjunktief Modus	Potensiale Modus	
							(1)	(2)			
1	ye-	om(u)-	o-	mu-	wa-	-m(u)-	u-	wa-	e-;a-	a-	a-
2	6o-	a6a-	a6a-	6a-	6a-	-6a-	6a-	6a-	6a-;6a-	6a-	6a-
3	wo-	om(u)-	o-	mu-	wa-	-wu-	u-	wa-	u-	u-	u-
4	yo-	em(i)-	e-	yi-	ya-	-yi-	i-	ya-	i-	i-	i-
5	lo-	eli-	eli-	li-	la-	-li-	li-	la-	li-	li-	li-
6	wo-	ama-	a-	a-	(w)a-	-wa-	a-	a-	e-; a-	a-	a-
7	so-	esi-	esi-	si-	sa-	-si-	si-	sa-	si-	si-	si-
8	zo-	ezi-	ezi-	zi-	za-	-zi-	zi-	za-	zi-	zi-	zi-
9	yo-	e-;en-	e-	yi-	ya-	-yi-	i-	ya-	i-	i-	i-
10	zo-	ezi-; ezin-	ezi-	zi-	za-	-zi-	zi-	za-	zi-	zi-	zi-
11	(lo-)	(olu-)	(olu-)	(lu-), (l(w)a)	(-lu-)	(lu-)	(la-)	(lu-)	(lu-)	(lu-)	(lu-)
12	6o-	o6u-	o6u-	6u-	6a-	-6a-	6u-	6a-	6u-	6u-	6u-
15	kho-	oku-	oku-	ku-	kwa-	-ku-	ku-	kwa-	ku-	ku-	ku-
15(a)	kho-	oku-	oku-	ku-	kwa-	-ku-	ku-	kwa-	ku-	ku-	ku-

(1) Hierdie kolom dui die reëlmatige subjekskakel aan, soos gebruik in die geval van die Indikatiefmodus, teenwoordige tydsvorm.

(2) Hierdie skakels geld vir sowel Indikatief as Subjunktief verlede tyd. Daar is 'n semantiese verskil tussen hierdie twee modi se verlede tyd skakels, en dan is daar ook 'n verskil in lengte van uitspraak van die twee vokale.

(3) Kort bespreking van die nominaalklasse.Klas 1.Klasprefiks: umu-; um-.

Hierdie klas dui persone aan. Die volle vorm van die prefiks word blykbaar slegs voor eenlettergrepige stamme gebruik vgl.:

umundu : mens.

Hierdie klas is die enkelvoud van klas 2.

Voorbeelde:

umfazi : vrou.
 umsana : seun.
 umloyi : towenaar.
 umtshayeli : drywer.
 umfundisi : leermeester.
 umzali : ouer.
 umdazana : meisie.

Klas 2.Klasprefiks: a6a-; a6e-.

Hierdie klas is die meervoud van Klas 1:

Voorbeelde:

(i) a6afazi : vrouens.
 a6atshayeli : drywers.
 a6afundisi : leermeesters.
 a6azali : ouers.
 a6andazana : meisies.

(ii) a6esana : seuns.
 a6eloyi : towenaars.

Klas 1(a).Klasprefiks: u-.

Hierdie klas dui eie-name en verwantskapsname aan. Ek kan nie sê of daar vreemde woorde is wat in hierdie taal aan hierdie klas behoort nie. Dit is die enkelvoud van klas 2(a). Hierdie klas neem dieselfde skakels as klas 1.

Voorbeelde:

uJohn	:	John.
u6a6a	:	my vader.
uyihlo	:	jou vader.
uyise	:	sy vader.
unna	:	my moeder.
unyoko	:	jou moeder.
unina	:	sy moeder.

Klas 2(a).Klasprefiks: a6o-

Hierdie klas is die meervoud van klas 1(a). Wanneer hierdie prefiks voor eie name gebruik word dan het die woord die betekenis van: "So-en-so en sy mense".

Voorbeelde:

a6oJohn	:	John en sy mense.
a6o6a6a	:	my vadere.
a6oyihlo	:	jou vaders.
a6oyise	:	sy vaders.
a6onna	:	my moeders.
a6onyoko	:	jou moeders.
a6onina	:	sy moeders.

Klas 3.Klasprefiks: unu-; um-.

Hierdie klas bevat 'n verskeidenheid van voorwerpe. Dit is die enkelvoud van klas 4. Die volle vorm van die klas-prefiks verskyn blykbaar slegs voor mono-sillabiese stamme.

Voorbeelde:

(i)	umuthi	:	boom.
	umuzi	:	kraal.
(ii)	umlambo	:	rivier.
	umthombo	:	fontein.
	umkhondo	:	assegaai.
	unoya	:	wind.
	umnyaka	:	jaar.
	umbereko	:	werk (Vgl. Afrikaans: werk).
	umncamu	:	kraal ("bead").

Klas 4.Klasprefiks: imi-; im-.

Hierdie klas vorm die meervoud van klas 3. Die verkorte vorm van die prefiks word aangetref in die geval van imoya⁽¹⁾: winde.

Ander voorbeelde:	imithi	:	bome.
	imizi	:	krane.
	imilambo	:	riviere.
	imithombo	:	fonteine.
	imikhondo	:	assegaai.
	iminyaka	:	jare.
	imincamu	:	krane.

Klas 5.Klasprefiks: ili-; il-; i-.

Hierdie klas bevat 'n verskeidenheid van voorwerpe. Dit is die enkelvoud van klas 6. Daar bestaan 'n besliste neiging in isiNdzundza, skynbaar onder Sotho-invloed, om nomina uit klas II in hierdie klas op te neem. Vandaar die feit dat sommige nomina van hierdie klas 'n pluralis-vorm het wat aan klas 10 behoort. Vgl. in hierdie verband die volgende voorbeelde onder (ii).

Voorbeelde:

(i)	ilizwi	:	woord, stem.
	ilitye	:	klip.
	ilihlo	:	oog.
	ilanga	:	son, dag.
	iphasi	:	landstreek.
	iphazulu	:	hemel.
	ithambo	:	been.
	iqanda	:	eier.
	inxeba	:	wond.
(ii)	i6ambo	:	rib (Zoeloe u6ambo)
	iphondo	:	horing (Zoeloe uphondo).
	ikxuru	:	skilpad.
	ilithi	:	stok (Zoeloe uluthi).
	ikhuni	:	hout (Zoeloe ukhuni).
	ilimu	:	tong ⁽²⁾ (Zoeloe ulwimi)
	idonga	:	sloot ⁽²⁾ (Zoeloe ulonga)
	ilwandle	:	see ⁽²⁾ (Zoeloe ulwandle).

(1) As gevolg van assimilasie het die een nasaal m blykbaar verlore gegaan.

(2) Let daarop dat in hierdie gevalle die nomina ook hul meervoudsvorme nie langer in klas 10 het nie, maar wel in klas 6.

ilimu het 'n wisselvorm ulimu.

Klas 6.Klasprefiks: ama-.

Hierdie klas vorm die meervoud vir klas 5. Daarnaas dui dit ook pluralia tantum aan.

Voorbeelde:

amazwi	:	woorde, stemme.
amatye	:	klippe.
amehlo	:	oë.
amalanga	:	dae, sonne.
amaphasi	:	velde, landstreke.
amaphezulu	:	hemele.
amathambo	:	bene.
amaqanda	:	eiers.
amanxe6a	:	wonde.
amalwandle	:	seë (1)
amalimu	:	tonge (1)
amadonga	:	slote (1)

Let daarop dat in die geval van amalwandle die prefiks van beide klasse 6 en 11 voor die stam -andle optree.

Klas 7.Klasprefiks: isi; i-.

Hierdie klas bevat 'n verskeidenheid van voorwerpe. Dit is egter duidelik dat veral werktuie, gewoontes en geestesprodukte van die mens en die menslikheid in hierdie klas aangetref word. Coertze(2) het dieselfde opgemerk met betrekking tot Sotho-Tswana. Dit is die enkelvoud van klas 8.

Voorbeelde:

isitya	:	bord.
isikhathi	:	tyd.
isigidi	:	geweer.
isikhethu	:	ons taal.
isi <u>K</u> uwa	:	Afrikaans.
isi <u>N</u> gisi	:	Engels.
isi <u>N</u> de6ele	:	
isalukazi	:	ou vrou.
isi6aya	:	beeskraal.
isifu6a	:	bors.

(1) Sien voetnoot in verband met klas 5.

(2) Hierdie skrywer het natuurlik verder op die saak ingegaan: Sien: Bantu Studies, Maart 1936: Betekenis en funksie van die voorvoegsel van die sewende klas.

Die volgende interessante voorbeeld behoort ook aan hierdie klas:

ihlanza (1) : hand.

ihlanza het klaarblyklik ontstaan uit isandla as gevolg van transposisie.

Klas 8.

Klasprefiks: izi-; iz-.

Hierdie klas vorm die meervoud vir klas 7.

Voorbeelde:

izitya	:	borde.
izikhathi	:	tye
izigidi	:	gewere.
izibaya	:	beeskrale.
izifu6a	:	borste.
izalukazi	:	ou vroue.
izandla	:	hande.

Dit dien hier vermeld te word dat izandla 'n wisselvorm, nl. izidlanza het. Daar is reeds opgemerk dat die enkelvoud ihlanza as gevolg van transposisie ontstaan het. In die meervoud het die stemlose hl blykbaar weer stemhebbend geword onder die invloed van die stemhebbende konsonant z in die klas-prefiks.

Klas 9.

Klasprefiks: i-⁽²⁾; in-.

Hierdie klas bevat veral die name van diere. Dit is die enkelvoud van klas 10.

Voorbeelde:

(i) ipisi	:	wolf.
ihliziyo	:	hart.
ikomo	:	bees.
ika6i	:	os.
ikosi	:	koning.
ikoloyi	:	wa.
ikukhu	:	hoender.
ipi	:	oorlog.

(1) Die meervoudsvorm word onder klas 8 behandel. (ii) /

(2) Die verdwyning van die nasaal n voor stemlose konsonante is reeds bespreek onder die klankleer. Dit moet onthou word dat die invloed van die nasaal behoue bly.

(ii) incwadi	:	boek, brief.
inja	:	hond.
indo	:	ding.
indethe	:	sprinkaan.
indambo	:	tou.
ingazi	:	bloed. (Zoeloe: igazi).

Klas 10.

Klasprefiks: in-; im-; izi-; izin, ens.

Hierdie klas vorm die meervoud vir klasse 9 en 11.

Voorbeelde:

(i) inhliziyo	:	harte.
inkomo	:	beeste.
inka6i	:	osse.
inkosi	:	konings.
inkoloyi	:	waens.
inkukhu	:	hoenders.
(ii) impisi	:	wolwe.
(iii) izipi	:	oorloë (foneties: izip'i).
(iv) izincwadi	:	briewe, boeke.
izinja	:	honde.
izindo	:	dinge.
izindethe	:	sprinkane.
izindambo	:	toue.
izingazi	:	bloede.

Klas 11.

Klasprefiks: ulu-; u-.

Betreffende hierdie klas is daar 'n besliste neiging om nomina wat hieraan behoort oor te plaas na klas 5. Van Warmelo⁽¹⁾ vind dat hierdie klas feitlik tot niet gegaan het in isiManala. Dit het vir my met betrekking tot isiNdzundza egter duidelik geword dat klas 11 nog deur die oudstes gebruik word. Die jonger geslag gebruik deurgaans die prefiks van klas 5. Die volgende is voorbeelde van woorde wat nog gehoor word, naas vorme wat aan klas 5 behoort.

uphondo /

(1) Transvaal Ndebele Texts, bls. 30.

uphondo	:	horing.
uluthi	:	stok.
ulimu	:	tong.

Klas 14.Klasprefiks:

Hierdie klas bevat 'n ruim verskeidenheid, maar dui hoofsaaklik abstrakte begrippe en singularia tantum aan.

Voorbeelde:

u6usuku	:	nag.
u6usika	:	winter.
u6uso	:	gesig.
u6uthlungu	:	pyn.
u6oya	:	wol.
u6ukhosi	:	koningskap.
utywala	:	bier.

Laasgenoemde vorm ontstaan as volg: a6u + ala > utywala as gevolg van palatalisasie (1).

Klas 15.Klasprefiks: uku-

Hierdie is die infinitiefklas. Soos in Zoeloe-Xhosa kan hier ook gepraat word van die klas van verbale-nomina.

Voorbeelde:

ukudla	:	kos; om te eet.
ukutshisa	:	hitte; om te brand.
ukuvuma	:	instemming; om saam te stem.
ukuphela	:	einde; om op te hou.
ukwenza	:	doenigheid; om te doen.
ukuthanda	:	liefde, om lief te hê.

Klas 15(a).

Daar is nomina wat die prefiks uku- neem maar wat nie 'n verbale of infinitief-karakter het nie, vgl.:

ukunene	:	regterkant.
---------	---	-------------

(1) Vgl. ook itye < B -ywe.

Klas 16.Klasprefiks: pha-

Net soos in Zoeloe vind ons in isiNdzundza nog oorblyfsels van hierdie klas en wel in die vorm van adverbia van plek. Hierdie adverbia word in verband met 'n substantief gebring deur middel van die lokatief-possessiefskakel kwa-.

Voorbeelde:

phandle	:	buite
phasi	:	onder.
phakathi	:	binne.
phezulu	:	bo.
phetsheya	:	oorkant.

Vgl. verder: Phetsheya kwomlambo: oorkant (van) die rivier.

(4) Afgeleide Nomina.(a) Nomina van Verba afgelei:(I) Nomina wat persone aandui:

Klas I:	umloyi (towenaar);	van -loya.
	umtshayeli (drywer);	van -tshaya.
	umfundisi (onderwyser);	van -fundisa.
	umzali (ouer);	van -zala.
	umkhambi (reisiger);	van -khamba.

Die meervoudsvorme van die bogaande nomina behoort aan klas 2 en is die volgende:

a6eloyi	:	towenaars.
a6atshayeli	:	drywers.
a6afundisi	:	onderwysers.
a6azali	:	ouers.
a6akhambi	:	reisigers.

Klas 7: isoni (sondaar); van -ona (bederf).

Klas 8: izoni (sondaars); meervoud van isoni.

Klas 9: imbongi (pryser); van -6onga.

Klas 10: izimbongi (prysers); meervoud van imbongi.

Opmerking: Hierdie nomina word dus gevorm deur die slotvokaal van die verbumstam na -i te verander, en wel nadat die betrokke klasprefiks vooraan gevoeg is.

(II) Ander Nomina:

Klas 3: umbereko (werk, vir blankes); van -bereka (Afrikaans werk).

- Klas 4: imibereko (werke); meervoud van umbereko.
 Klas 7: isono (sonde); van -ona.
 isambatho (klere); van -ambatha.
 isigidi (geweer); van Afrikaans skiet.
 Klas 8: isono (sondes); meervoud van isono.
 izambatho (klere); meervoud van isambatho.
 izigidi (gewere); meervoud van isigidi.
 Klas 9: imbazo (byl); van -baza.
 ikomabandu (wysvinger); van -khomba (aandui).
 indima (land); van -lima.
 Klas 10: izimbazo (byle); meervoud van imbazo.
 inkomabandu (wysvingers); meervoud van
 ikomabandu.
 izindima (lande); meervoud van indima.

In hierdie laaste gevalle verander die uitgangsvokaal van die verbunstem na -o, benewens die vooraanvoeging van die klasprefiks. In sommige gevalle verander die uitgangsvokaal egter nie.

Verder dien dit ook daarop gelet te word dat indien 'n verbunstem met 'n implosiewe 6 aanvang daardie 6 na 'n eksplosiewe b verander indien 'n nomen van klas 9 of 10 met daardie verbunstem gevorm word. Net soos Zoeloe is hierdie verandering toe te skrywe aan die invloed van die nasaal n. Die nasaal word natuurlik bi-labiaal.

Nominale Derivatiewe: Nomina van ander nomina afgelei.

(I) Nomina afgelei deur die vooraanvoeging van 'n prefiks.

- Klas 1(a): uLangali6alele < ilanga (li6alele).
 uSi6indi < isi6indi (lewer; moed).
 Klas 14: u6ukhosi < ikosi (koning).

(II) Nomina afgelei deur middel van suffiksale formatiewe: -ana, en -kazi.

- Klas 1: umndwana (kind) < umundu + -ana.
 umundukazi (groot man) < umundu + -kazi.
 Klas 3: umthana (boompie) < umuthi + -ana.
 umlanjana (riviërtjie) < unlambo + -ana. (1)
 Klas 9: ikomokazi (koei) < ikomo + -kazi.
 injakazi (teef) < inja + -kazi.
 inda6akazi (groot berg) < inda6a + -kazi.
 indatyana (klein bergie) < inda6a + -ana. (1)
 ikonyana (kalf) < ikomo + -ana. (1)
 inyokana (slangetjie) < inyoka + -ana.
 indlwana (huisie) < indlu + ana.

Nomina afgelei van Kwalifikatiewe:

- Klas 14: u6u6i (lelikheid).
 u6uhle (mooiheid).
 u6uncane (kleinheid).
 u6ukhulu (grootheid).
 u6u6anzi (breedte).

Nomina afgelei van die Ideofoon:

umbani: (weerlig). Vgl.: Umbani waphazima.
 wathi bani: (Die weerlig het geflits: bani).

(1) In verband met die reël ten opsigte van palatalisasie sien die bespreking van passiewe verbunstemme.

(e) Reduplikasie van Nominale stamme:

imilambolambo	:	baie riviere. Vgl. "rivier op rivier".
imithimithi	:	baie bome.
amacu6ucu6u	:	baie hope.
amatyematye	:	klipperige wêreld.
inkomokomo	:	baie beestroppe.
izinyokanyoka	:	'n menigte slange.

(f) Samegestelde woorde:

- (i) Nomen + Substantief: umnimumuzi : kraalhoof;
umniniyo : die baas daarvan;
umnininina : julle baas.
- (ii) Nomen + Kwalifikatief: indlukulu: die groothut;
uHliziyonye: mnr Een-hart
(klas 1(a)).
- (iii) Nomen + Predikatief: uLangali6alele (kl. 1(a)).
- (iv) Nomen + Deskriptief: uKhambakuhle: mnr Goeie-reis
(klas 1(a)).

b) Die Pronomen:(1) Die Absolute Pronomen.Tabel van Absolute Pronomina.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	mina	thina
2de Persoon	wena	nina(1)
3de Persoon:	Klas 1: yena	
	2: 6ona	
	3: wona	
	4: yona	
	5: lona	
	6: wona	
	7: sona	
	8: zona	
	9: yona	
	10: zona	
	11: (lona)	
	14: 6ona	
	15: khona	
	15(a): khona.	

Voorbeelde van gebruik:

Ngiyaraka zona (Ek keer hulle aan: skape).

Mina ngikhamba kandi wena uhlezi: (Ek loop terwyl jy sit).

Opmerking: In die laaste geval word die pronomen emfaties gebruik.

Die adverbium khona kan ook as 'n adverbium van plek gebruik word(2) byv.:

Sihlala khona: Ons bly daar.

(1) Volgens van Warmelo is die vorm in isiManala lina. In isiNdunda is dit egter nina. Verder dien daarop gelet te word dat die subjek- en objekskakels vir die 1ste en 2de pers. enkelvoud en meervoud presies dieselfde as in Zoeloe is, en dat daar dus ook nie by implikasie tekens van 'n afwykende vorm is nie.

(2) Vgl. Doke: Text Book of Zulu Grammar § 554; § 555.

(2) Kwantitatiewe Pronomina:

Hierdie pronomina word gevorm met die stamme -ke (almal, die hele) en -dwa (alleen, slegs):

Tabel van Kwantitatiewe Pronomina gevorm met -ke.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	(woke)	soke
2de Persoon	(woke)	noke
3de Persoon	Klas 1: woke	
	2: 6oke	
	3: woke	
	4: yoke	
	5: loke	
	6: woke	
	7: soke	
	8: zoke	
	9: yoke	
	10: zoke	
	11: (loke)	
	14: 6oke	
	15: koke	
	15(a): koke.	

Dit blyk dus dat die nasaal n ook in hierdie geval voor stemlose k verlore gegaan het, en die Zoeloe-vorm 6onke > isiNdzundza 6oke.

Tabel van Kwantitatiewe Pronomina gevorm met -dwa.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	ngedwa	sodwa
2de Persoon	wedwa	nodwa
3de Persoon	Klas 1: yedwa	
	2: 6odwa	
	3: wodwa	
	4: yodwa	
	5: lodwa	
	6: wodwa	
	7: sodwa	
	8: zodwa	
	9: yodwa	
	10: zodwa	
	11: (lodwa)	
	14: 6odwa	
	15: kodwa	
	15(a): kodwa	

Verder word daar ook nog kwantitatiewe pronomina aangetref wat altwee, aldrie, alvier ens. aandui. Hierdie vorme bestaan uit die aard van die saak, net vir vorme van die meervoudsklasse. Vgl.:

1ste Persoon	sobabili: (ons altwee); sobane (ons alvier)
2de Persoon	nobabili
3de Persoon, Klas 2:	6obabili
	4: yombili
	6: ombabili
	8: zombili
	10: zombili
	ens.

(3) Kwalifikatiewe Pronomina:

Die verskillende kwalifikatiewe wat later bespreek word is die adjektief, die relatief, die enumeratief, die possessief en die demonstratief.⁽¹⁾ Wanneer hierdie kwalifikatiewe die substantief waarna hulle verwys voorafgaan in die sin, of daarsonder optree dan word hulle pronomina, d.w.s. kwalifikatiewe pronomina.⁽²⁾ Bogenoemde kwalifikatiewe, met die uitsondering van die possessief, kan almal as pronomina optree sonder dat hulle 'n verandering in vorm ondergaan.

(a) Die Adjektief:

Umundu omu6i ukhambile: Die mens wat sleg is het geloop

Pronominaal: { Omu6i ukhambile: Die slegte het geloop.
 { Omu6i umundu ukhambile: Die slegte een, die mens, het geloop.

(b) Die Relatief:

Ikomo e6omvu ifile: Die bees wat rooi is is dood.

Pronominaal: { E6omvu ifile: Die rooie is dood.
 { E6omvu ikomo ifile: Die rooie, die bees, is dood.

(c) Die Enumeratief:

Umundu munye uyagula: Een mens is siek.

Pronominaal: Munye uyagula: Een is siek.

(d) Die Demonstratief:

Imizi leya iya6onakala: Daardie statte is sigbaar.

Pronominaal: { (Leya iya6onakala: Daardies is sigbaar.
 { (Leyamizi iya6onakala: Daardies, die statte, is sigbaar.

Wanneer die demonstratief die nomen wat dit kwalifiseer voorafgaan dan val die aanvangsvokaal van die nomen weg.

(e) Die Possessief:

Pronomina word van possessiewe gevorm deur a-, e-, of o- vooraan die possessief te voeg. Die gebruik van a-, e- of o- hang daarvan af of die klasprefiks van die besitting a-, i- of u- respektiewelik bevat. Dit stem dus ooreen met die geval in Zoeloe. Vgl:

Ikunzi yami iyasela: Die bul van my drink.
Eyami iyasela: Myne drink.
 Unsana wami uyadlala: Die seun van my speel.
Owami uyadlala: Myne speel.
 A6andu 6enu: Die mense van julle.
A6enu: Julle syne.

ens.

(1) Die redes waarom die demonstratief basies as 'n kwalifikatief behandel word word aangegee onder Die Kwalifikatief.

(2) Sien Doke: Text book of Zulu Grammar: § 261.

(C) DIE KWALIFIKATIEF.

Die kwalifikatiewe wat hier behandel word is die adjektief, die relatief, die enumeratief, die possessief en die demonstratief. (1) Dit is dus die indeling van prof. Doke vir Zoeloe wat hier gevolg word, met die uitsondering van die demonstratief. Voordat die rede-dele afsonderlik behandel word gee ek kortliks in die volgende paragraaf dit wat as die belangrikste redes beskou kan word waarom ek die demonstratief as 'n kwalifikatief beskou.

- (1) Met die uitsondering van die demonstratief, wat hier as 'n kwalifikatief behandel word, word hier gebruik gemaak van Prof. Doke se indeling van die kwalifikatief.

Dit val nie binne die bestek van hierdie verhandeling om in te gaan op die filosofiese grondslag van die bestaande klassieke terminologie vir Bantoe-vormleer nie. Ek wil egter tog hier melding maak van 'n standpunt wat onder my aandag gekom het. Ek verwys hier na die standpunt van Prof. G.P. Lestrade, met betrekking tot die kwalifikatief. Hierdie standpunt kom kortliks op die volgende neer:-

Egte adjektiewe bestaan in al die Suid-Afrikaanse Bantoe-tale, hoewel die aantal stamme waarvan hulle gevorm word, beperk en betreklik klein is. Van die Suid-Afrikaanse Bantoe-taalgroepe is dit egter slegs in Venda en Shona dat egte adjektiewe gereeld gebruik word. In Nguni, Sotho en Tsonga kom hulle alleen voor in saamgestelde selfstandige naamwoorde, soos bv. Nguni indlunkulu, Tswana monna-mogolo. Wat tot dusver in Nguni, Sotho en Tsonga as adjektiewe bestempel is, d.w.s. vorme soos enkulu in Nguni indlu enkulu en yo mogolo in Tswana monna yo mogolo, is inderdaad relatiewe kwalifikatiewe, gevorm van kopulatiewe predikatiewe, wat op hul beurt weer gevorm is van adjektiefstamme. Indlunkulu beteken groot huis maar indlu enkulu beteken 'n huis wat groot is (vgl. indlu inkulu, die huis is groot); en monna-mogolo beteken groot man, maar monna yo mogolo beteken 'n man wat groot is (vgl. monna mogolo -- met hoogtoon op die skakel -- die man is groot).

Adjektiefstamme val in twee groepe volgens die kopulatiefskakels wat hulle aanvaar in die klasse wat nasale in die prefikse het. Is die skakels in daardie gevalle nasaalhoudend, dan praat ons van sterk adjektiefstamme: -khulu is sterk, want die kopulatiewe is mkhulu (kll. 1 en 3), mikhulu (kl. 4), makhulu (kl. 6); is die skakels nie nasaalhoudend nie, dan praat ons van swak adjektiefstamme: -6anzi is swak, want die kopulatiewe is u6anzi (kll. 1 en 3), i6anzi (kl. 4), a6anzi (kl. 6).

Van die relatiewe wat van die twee soorte adjektiefstamme afgelei kan word, bestempel Prof. Doke slegs dié wat van swak adjektiefstamme afgelei is as relatiewe. Uit wat voorgaan blyk dit dat ons, in die geval van wat deur hom as adjektiewe bestempel is, ook te doen het met relatiewe, en dat ons die term relatief dus ook op hulle moet toepas.

Meinhof(2) aanvaar dat daar vroër 'n demonstratief ~~ya-~~ in die Bantoetale bestaan het, dat hierdie demonstratief verantwoordelik is vir die vorming van die pre-prefiks in sommige tale, asook vir die subjekskakel. Vir my lyk dit aanneemlik om te aanvaar dat daar ook 'n demonstratief la- kon bestaan, of dan tenminste kon ontstaan het. Dit is dan ook hierdie la- wat vandag nog in Ngoeni gebruik word by die vorming van demonstratiewe. Betreffende die element a- wat by die vorming van die adjektiefskakel in Zoeloe aangewend word besluit Meinhof in sy ~~vasgenoemde~~ publikasie, (§ 71), dat: nach dem Befund im Yao ist das a- genitivisch.

Ek is egter meer geneig om te dink dat hierdie a- oorspronklik demonstratief van aard was. Indien 'n mens nou na Swati kyk dan is dit interessant om daarop te let dat daar by die vorming van die adjektiefskakel weer van 'n element la- (i.p.v. a-) gebruik gemaak word. Ek wys op die verband tussen die vorm van die adjektiefskakel en die van die demonstratief. Dit lyk dus of hierdie element a- of la- in die geval van beide die egte demonstratief en die adjektiefskakel niks anders is as 'n oorblyfsel van 'n demonstratiewe oervorm wat vandag, met relatiewe verwysing na die substantief, in die adjektiefskakel opgeneem is nie.

Volgens die definisie wat prof. Doke in sy Zoeloe-grammatika gee dui die pronomens iets aan sonder dat dit die naam van daardie voorwerp of begrip is. M.a.w. dit omskrywe nie die substantief nie, dit bepaal nie die substantief nader nie. Op grond van die etimologiese feite in die voorafgaande paragraaf, en op grond van die aangehaalde definisie kan ek dus nie die demonstratief in die eerste plek as 'n pronomens aanvaar nie, nie wanneer dit in die sin volg op die substantief waarop dit betrekking het nie. In 'n geval soos umuntu lowo, (Zoeloe), is die woord lowo funksioneel gelykwaardig aan die adjektief in soverre dat dit in die eerste plek die substantief nader bepaal (d.w.s. 'n kwalifiserende funksie vervul), en nie die nomen aandui sonder dat dit die naam van die voorwerp is nie. Graag erken 'n mens dat hier nie 'n kwalifikatiewe stam in die demonstratief teenwoordig is nie, maar daar is tog aan die anderkant ook geen pronominale stam daarin aanwesig nie.

Wanneer die demonstratief die substantief wat dit kwalifiseer voorafgaan, of daarsonder optree, dan word die demonstratief 'n pronomens omrede die funksie wat dit dan vervul. Onder die opskrif Pronomens is hierdie aspek reeds bespreek.

(a) Die Adjektief.

Die volgende is voorbeelde van die adjektiefstamme wat in die taal aangetref word:

- 6i (sleg).
- 6ili (twee).
- dala (oud).
- de (lank).
- fitshane (kort).
- hlanu (vyf).
- hle (mooi).
- khulu (groot).
- ncane (klein).
- nye (ander een).
- ne (vier).

(2) Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen § 37.

-ngangani (hoeveel)
 -ningi (baie)
 -tsha (nuut, jonk).
 -thathu (drie)
 -thandathu (ses).

Hier volg 'n lys van adjektiefskakels vir die verskillende persone en klasse:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	engim- (om-)	esi6a- (a6a)
2de Persoon	om(u)-	eni6a- (a6a)
3de Persoon	Klas 1: om(u)-	
	2: a6a-	
	3: om(u)-	
	4: en(i)-	
	5: eli-	
	6: ama-	
	7: esi-	
	8: ezin- ens.	
	9: e- em- ens.	
	10: en-; ezim- (ezi-), ens.	
	11: (olu-)	
	14: o6u-	
	15: oku-	
	15(a): oku-	

Opmerking: Wanneer hierdie skakels vooraan 'n adjektiefstam gevoeg word dan tree die reël i.v.m. nasaalverbindings wat alreeds bespreek is, in werking, en wel op die volgende wyses:

- (a) Wanneer die skakels van klasse 8, 9 en 10 voor adjektiefstamme wat met th- aanvang gevoeg word dan word t(h) verander na stemhebbende d, byv.:

Inkomo endathu (of ezindathu): drie beeste.
 Impondo endandathu (of ezindandathu) Ses horings.

- (b) Wanneer die skakels van die klasse onder (a) genoem voor 'n adjektiefstam wat met die konsonant 6 aanvang gevoeg word dan word 6 verander na b, en die skakel van klas 9 is em-, terwyl die skakel van klas 8 en 10 ezim- is, vgl.

Ik'omo embi: 'n slegte bees.
 Inkomo ezimbili: twee beeste.

D.w.s. die nasaal word bilabiaal, terwyl die implosiewe klank eksplosief word.

- (c) Wanneer die adjektiefskakel vir klas 9 gebruik word voor adjektiefstamme wat met 'n stemlose konsonant begin dan val n weg en die skakel is e-. Die invloed van die nasaal bly egter behoue. In die geval van klas 10 bly die nasaal in die skakel wel behoue voor stemlose konsonante, maar ek het tog govalle gevind waar dit wegelaat word deur sommige sprekers, vgl.:

Ikomo ehle: 'n mooi bees.
 Ikomo ek'ulu: 'n groot bees.
 Ikomo embi: 'n lelike bees.
 Inkomo ezinkulu): groot beeste.
 Inkomo ezikulu): groot beeste.
 Inka6i ezindathu: drie osse.

- (d) Die adjektiefskakel van klas 1 word slegs voor monesillabiese adjektiefstamme in sy volle vorm aangetref. Andersins gaan die vokaal -u verlore. Daar bestaan egter 'n neiging om die uitspraak van hierdie -u so te versnel dat dit vir die oor verlore gaan, en daardeur word die nasaal m natuurlik sillabies.

Vgl.:

Umundu omu6i): 'n lelike mens.
 Umundu om'bi): 'n ou vrou.
 Umfazi omdala: 'n klein seun.

- (b) Die Relatief (Relatief-adjektief).

Die volgende is voorbeelde van relatiefstamme wat in die taal aangetrof word:

- (a) Skynbaar oorspronklike stamme:

-6anzi : breed.

- (b) Stamme van nominale oorsprong:

-6omvu : rooi
 -6uthlungu : pynlik.
 -6ukhuni : hard (Zoeloe: -lukhuni).
 -luhlaza : groen.
 -makaza : koud
 -manzi : nat.
 -mhlophe : wit.
 -mmandi : lekker.
 -nzina : swart.

Vgl. ook: -betere (<Afr. beter); -suthu (<Afr. soet).

Die volgende tabel dui die relatiefskakels vir die verskillende persone en klasse aan:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	o-; engi-	esi-; a6a-
2de Persoon	o-	eni-; a6a-
3de Persoon	Klas 1: o-	
	2: a6a-	
	3: o-	
	4: e-	
	5: eli-	
	6: a-	
	7: esi-	
	8: ezi-	
	9: e-	
	10: ezi-	
	11: (olu-)	
	14: o6u-	
	15: oku-	
	15(a): oku-	

Opmerking: Net soos in Zoeloe verskyn daar dus ook nie nasale in die relatiefskakels vir die nominaalklasse nie.

Voorbeelde van gebruik:

Umfazi o6omvu : 'n rooi vrou.
 Ikunzi enzina : 'n swart bul.
 Ukudla okusuthu : soet voedsel.
 Umlambo o6anzi : 'n breë rivier.

Verdere gebruike van die relatiefskakel:

Hierdie skakel kan in isiNdzundza egter ook met stamme van 'n demonstratiewe aard aangewend word, byv.:

- nje (soos hierdie); -njeya (soos daardie);
- njaa (soos doerdie).

Vgl: Inda6a enjeya: 'n berg soos daardie.

Verder word die relatiefskakel ook met verbale en kopulatiewe stamme gebruik om relatiefkonstruksies te vorm. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie taal die relatiefsuffiks van B, klas 15, nl. -ko, gebruik,⁽¹⁾ wanneer relatiefkonstruksies met verbale stamme onder sekere omstandighede gebruik word. Die suffiks tree gewoonlik op as die relatiefkonstruksie die laaste woord van die sin is.

Voorbeelde van gebruik:

- Umundu okhambako : die mens wat loop.
- Umundu olambileko : die mens wat honger het.
- Inkomo eziseleko : die beeste wat drink.
- A6andu engi6a6onako⁽²⁾ : die mense wat ek sien.
- Indonga engiku6etha⁽²⁾ ngayo: die kierie waarmee ek jou slaan.
- Indoda eyikosi : die man wat koning is.

Die relatiefskakel word ook met adverbial gebruik vgl.:

- Indoda enomfazi : die man wat 'n vrou het.
- Umdwana okhona : die kind wat daar is.

(c) Die Enumeratief.

Ek het die stamme -nye (een), -ni? (watter soort) -phi? (watter) in die taal onderskei. (Die begrip "ander een" word in die spreektaal deur middel van die adjektiefstam -nye uitgedruk).

Die skakels wat met die enumeratief gebruik word is die volgende vir die verskillende klasse:

<u>Klas.</u>	
1	mu-
2	6a-
3	mu-
4	yi-
5	li-
6	a-
7	si-
8	zi-
9	yi-
10	zi-
11	(lu-)
14	6u-
15	ku-
15(a)	ku-

- (1) Later word aandag gegee aan die vraag of dit die invloed van sePedi -xo kan wees.
- (2) In die geval van die indirekte relatiefkonstruksie word die relatiefskakel van die antesedent natuurlik nie gebruik nie.

Die stam -phi? (watter) neem egter wu- as skakel in die geval van klasse 1 en 3.

Voorbeelde van gebruik:

Umundu munye:	die mens is een.
Ikomo yinye:	die bees is een.
Umuzi wuphi?:	watter kraal?
Umfazi muni?:	watter soort vrou?

(d) Die Possessief:

Die volgende tabel dui die possessiefskakels vir die verskillende nominaalklasse aan:

<u>Klas</u>	
1	wa-
2	6a-
3	wa-
4	ya-
5	la-
6	(w)a-
7	sa-
8	za-
9	ya-
10	za-
11	(l(w)a-)
14	6a-
15	kwa-
15(a)	kwa-

Hierdie skakels word gebruik met possessiewe stamme, nominale en adverbiale stamme, en, in die geval van nomina vind daar vokaalsamesmelting plaas.

Lys van possessiewe stamme.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	-mi	-ikhethu(1) (2)
2de Persoon	-kho	-inu (-ikhenu)
3de Persoon		
	Klas 1:	-khe
	2:	-6o
	3:	-wo
	4:	-yo
	5:	-lo
	6:	-wo
	7:	-so
	8:	-zo
	9:	-yo
	10:	-zo
	11:	(-lo)
	14:	-6o
	15:	-kho
	15(a):	-kho.

(1) Vgl: ikomo yekhethu: bees van ons.

Dit is nie vir my moontlik om hierdie vorm bevredigend te verklaar nie. Die volgende is 'n moontlike verklaring:

k(w)a + ithu > (i)kethu.

In die geval van -kethu het k ge-aspireerd geword, of as gevolg van die feit dat die klank in 'n beklemtoonde sillabe staan, of is 'n vorm van assimilasië aan aspirasië in 'n volgende sillabe.

(2) Die stam -ikhenu bestaan ook, veral in volksvertellings.

Met die uitsondering van klas 1 is dit duidelik dat stamme vir die nominaalklasse niks anders as die verkorte vorm van die absolute pronomens is nie.

Voordat ons voorbeelde van die gebruik van hierdie skakel gee is dit nodig om te wys op die skakel wat met nomina van klas 1(a) gebruik word. Hierdie nomina neem die formatief *ka-* wat die aanvangsvokaal van die nomen vervang, en wat voorafgegaan word deur die subjekskakel van die besitting, mits die subjekskakel uit 'n konsonant en 'n vokaal bestaan. In gevalle waar die subjekskakel slegs uit 'n vokaal bestaan word slegs *ka-* gebruik. Ek het egter sprekers gehoor wat die gewone possessiefskakel ook nog voor *ka-* plaas.

Voorbeelde:

Possessiewe met nomina van klas 1(a) gevorm:

Umfazi kaJohn) : Die vrou van John.
Umfazi wakaJohn)

Inkomo zikaJohn) : Die beeste van John.
Inkomo zakaJohn)

Possessiewe met ander nomina gevorm:

Amanzi wenkomo : die water van die beeste.
Ikhuni labandu : die hout van die mense.
Ukudla kwekosi : die kos van die koning.
Izambatho zekosi : die klere van die koning.

Possessiewe met demonstratiewe gevorm:

Indlu yala6a6andu : die huis van hierdie mense.
Isikhumba salekomo : die vel van hierdie bees.

Possessiewe met adverbialia gevorm:

Indoda yalapha : die man van hierso.
A6andwana 6anamhlanje : die kinders van vandag.

(e) Die Demonstratief:

<u>Klas:</u>	<u>1ste Demonstr.</u>	<u>2de Demonstr.</u>	<u>3de Demonstr.</u>
1	lo	loya	lowayá: lo:yá.
2	la6a	la6o	la6ayá:
3	lo	loya	lowayá: lo:yá
4	le	leya	le:yá.
5	leli	lela	leliyá: le:lá.
6	la	laya	lawayá: la:yá.
7	lesi	lesiya	lesiyá: le:sá.
8	lezi	leziya	leziyá: le:zá.
9	le	leya	le:yá.
10	lezi	leziya	leziyá: le:zá.
11	(lolu)	(loluya)	(loluyá:)
14	lo6u	lo6uya	lo6uyá: lo:6á.
15	lokhu	lokhuya	lokhuayá:
15(a)	lokhu	lokhuya	lokhuvá:

Opmerking:

Die 1ste demonstratief is dieselfde as die Zoeloe-vorm. Deurgaans is daar 'n demonstratiewe element *la-* aanwesig. Hierdie element verbind met die betrokke subjekskakel, en vokaalsamsmelting vind plaas in alle gevalle. (D.w.s. *la* plus *zi* word *lezi*).

(1)
 In die geval van die tweede demonstratief is dit slegs in die geval van klas 2 waar ons 'n vorm aantref wat met Zoeloe ooreenstem. In al die ander gevalle word die tweede demonstratief gevorm deur -ya aan die eerste vorm te voeg. In die geval van klas 5 val die uitgangs-vokaal van die 1ste demonstratief weg en -a word aangevoeg. Hierdie demonstratief wat in vorm met die 3de demonstratief in baie gevalle ooreenstem verskil van die 3de vorm daarin dat daar 'n verskil in uitspraak is. Daar is nie 'n beklemtoonde sillabe in die 2de demonstratief nie. Die woord word eenvoudig met laagtoon uitgespreek.

Die 3de demonstratief word op die volgende wyse gevorm:

- (1) Klasse 1, 3 en 6 voeg -yá aan die 1ste demonstratief.
- (2) In die geval van alle klasse kan die 3de demonstratief gevorm word deur eenvoudig -yá aan die 1ste vorm te voeg. Wanneer daar op hierdie wyse 'n tweelettergrepige demonstratief ontstaan dan is die uitspraak van die vokaal in die eerste lettergroep lank, en die slotvokaal word met 'n effense hoogtoon uitgespreek. Dieselfde geld vir die verkorte vorme van die 3de demonstratief wat in die tabel voorkom. Die laaste lettergreep van die drielettergrepige 3de demonstratiewe is beklemtoond, en word lank uitgespreek.

Gebruik:

Soos alreeds vroeër in hierdie verhandeling uiteengesit beskou ek die demonstratief as 'n kwalifikatief, indien dit volg op die substantief waarna dit verwys. Hieruit vloei voort dat dit natuurlik ook pronominaal gebruik kan word deur dit sonder die substantief, of in apposisie daarmee te gebruik.

Siyamfuna umundu lo: Ons wil hierdie mens hê.
 Inkomo leziyá zizafunyana amanzi: Doerdie beeste sal water kry.
 Inkunzi le:zá ziyalwa: Doerdie bulle veg.
 Abandu la6o 6ayaxelepha ikosi ya6o: Daardie mense help hulle koning.
 (-xelepha: van Afr. help).

DIE ADVERBIUM.

Ons sal hier kortliks ingaan op die bestaan en vorming van adverbialia van tyd, plek en wyse in hierdie taal.

- (a) Adverbialia van plek gevorm van nomina deur middel van die lokatiefsuffiks -ini-.

endlini (in die huis)	< indlu.
esityeni(2) (in die bord)	< isitya.
ekomeni (in die bees)	< ikomo.
emanzini (in die water)	< amanzi.

Opmerking: Soos in Zoeloe en Khosa word die aanvangsvokaal van die nomen dus deur e- vervang.

(b) Dis egter belangrik om daarop te let dat daar soms 'n tweede demonstratief in die taal voorkom wat met die Zoeloe-vorm ooreenkom. Sommige sprekers is lief om die vorm wat met Zoeloe ooreenstem te gebruik wanneer die demonstratief die substantief voorafgaan.
 1) Umundu loya; lovumundu of lowomundu.
 2) Die reël waarvolgens palatalisasie plaasvind word bespreek i.v.m. passievorm van die verbum.

(b) Adverbia gevorm met nomina deur middel van die lokatief-formatief ku-

Nomina van klas 1(a) neem ku- en nie die suffiks -ini- nie, vgl.:

ku6a6a	(by my vader)	<	u6a6a.
kumma	(by my moeder)	<	umma.
kuNya6ela	(by Nya6ela)	<	uNya6ela.

(c) Adverbia van plek gevorm met pronomina:

gimi	(by my)	<	mina.
ekhethu	(by ons (plek))	<	<u>ikhethu</u> , en nie van <u>thina</u> nie.
gi6o	(by hulle)	<	6ona.
gizo	(by hulle)	<	zona.
gila6a	(by hierdies)	<	la6a (a6andu).
kuwe	(by jou)	<	wena.

Opmerking: Dit blyk dus dat die lokatiefformatief in hierdie taal deurgaans gi- is.⁽¹⁾ Dit stem ooreen met wat in die geval van Zoeloe gebeur met lokatiewe gevorm met absolute pronomina van die 1ste pers. enkelvoud en meervoud, en die tweede persoon meervoud. (Vgl. Zoeloe: kimi: by my > ki + mina). Die velaar-eksplisiewe konsonant is in hierdie taal beslis stemhebbend; d.w.s. gi- en nie ki- nie.

(d) Die ou lokatiefklasse as adverbia gebruik:

Oorblyfsels van die ou lokatiefklas B.pa- word in die taal aangetref as adverbia van plek. Hierdie adverbia word met nomina in verband gebring deur middel van die lokatief-possessiefskakel kwa- vgl.:

ngaphasi kwekomo:	onder die bees.
ngaphakathi kwendlu:	binne-in die huis.
ngaphetsheya kwomlambo:	oorkant die rivier.
ngaphambi koNya6ela:	voor Nya6ela.
ngaphozu kwendlu:	bo-op die huis.

(e) Adverbia gevorm met adjektief- en relatiefstamme:

Adverbia word deur middel van die adverbiale formatiewe ka- en ku- van sulke stamme gevorm, vgl.:

kuhle:	goed (Khamba kuhle: "n Goeie reis!")
ku6i:	sleg.
kamnandi:	lekker.

(f) Adverbia gevorm deur middel van adverbiale formatiewe, soos aangedui:

na-:	Ngiyakhamba nomundu:	Ek loop saam met 'n mens.
kuna:	Umkhulu kunami:	Hy is groter as ek.
nga:	Ngiya6etha ngesimbi:	Ek slaan met 'n yster.
njenga:	Ugijima njengenja:	Hy hardloop soos 'n hond.
nganga:	Ingwe ingangenja:	Die tier is so groot soos 'n hond.

(g) Adverbiaalgebruikte nomina:-

izolo:	gister.
ndambama:	in die middag.

(1) Buiten in die geval van die 2de persoon ekv. en die 3de persoon klas 1 ekv. waar dit ku- is.

(h) Ander adverbia:

manje	:	nou
lapha	:	hier
laphaya	:	daar. (<u>Lapho</u> word gebruik).
laphayá:	:	doer
masinyane	:	vinnig
namhlanje	:	vandag
nje	:	soos hierdie
njaya	:	soos daardie. (<u>Njalo</u> word gebruik)
nja:yá)	:	soos doerdie.
njaa)	:	

(E) DIE IDEOFOON.

Net soos in Zoeloe word die ideofoon in hierdie taal ook gebruik met die defektiewe verbum ukuthi. Prof. Doko⁽¹⁾ deel die ideofoon in Zoeloe in volgens aantal lettergrepe, en ook volgens toon. Ek het nie daarin geslaag om ekwivalente te vind van alle vorme wat in Zoeloe te vinde is nie, maar dit beteken nie dat dit nie bestaan nie.

(a) Eenlettergrepige Ideofoon:

zi:	(Geluid wat 'n kiere maak):	Induku ithi zi:
du:	(aanduiding van stilte)	Wathula wathi du: (hy het doodstil gebly)
gi:	(aanduiding van geslotenheid)	Isango livalwa lithi gi: (Die deur word dig gesluit).
pho:	(op die kop slaan)	Ngiyamóetha ihloko ithi pho: (Ek slaan hom <u>pho</u> op die kop).

(b) Die Tweelettergrepige Ideofoon:

hlóko:	(In die oog steek):	Wamhlaáa ihlo wamuthi hlo'ko: (Hy het hom hloko in die oog gesteek).
fihli:	(om neer te slaan):	Ngamphosa ngesigidi wathi fihli: Ek het hom geskiet met die geweer dat hy neerslaan fihli).
óóco :	(Om in die modder te loop).	
dázu :	(Om oop te bars)	verbúmstam -dazuka.
thlére:	(Aanduiding van helderrooi)	Kuóomvu thlére: Dis bloedrooi. (Ook: Kuóomvu kuthi be:).
thóhlo:	(Om hout te breek):	Walephula ikhuni lithi thóhlo: (Hy het die hout gebreek...).
tshálu:	(Verby flits):	Ipala yathi tshálu: (Die rooibok het verbygeflits).
phéhle:	('n Vet vrou):	Lomfazi unonile uthi phéhle-phéhle. (Die vrou is so vet sy (is) phéhle-phéhle.
báka-báka:	(Die geklop van vlerke).	
goóó:	(Water uit 'n kalbas):	Wathela amanzi athi goóó-goóó: (Hy het water geskink....)

(1) Text book of Zulu Grammar § 628 et seq.

(c) Die Drielettergrepige Ideofoon:

tálala (gelykvol): Kugcwele tálala: (Dis gelykvol).
 hlwéhlwehlwe: Die vloeï van bloed): Ingazi yathi
 hlwéhlwehlwe.

(d) Die Vierlettergrepige Ideofoon:

bóhloholo: ('n Vuur wat sterf): Umlilo wathi bóhloholo
 (Die vuur het doodgegaan).

(F) DIE KONJUNKSIE:

Die volgende is voorbeelde van konjunksies wat ek in die taal aangetref het:

(a) Konjunksies wat geen invloed uitoefen op die daaropvolgende verbum nie:

futhi: Ikosi inezambatho ezihle, futhi inaáafazi aáaningi: Die koning het mooi klere en hy het ook baie vroue.
 kandi: Mina ngiyasebenza kandi wena uhlezi phasi: Ek is aan die werk terwyl jy sit.
 ngakhoke: Wena uwenze uúúbi ngakhoke ngizakuáetha: Jy het die slegte gedoen daarom sal ek jou slaan.
 noma-kuthi: Noma-kuthi kunjalo kasifuni ukuhlala lapha: Selfs al is dit so wil ons nie hier bly nie.

Vgl. ook:

noma-na: Noma-na kunjalo asifuni ukuhlala la.

(b) Konjunksies gevolg deur die subjunktiefmodus:

cede: Suka lapha cede ngikuáetha: Loop hier weg voordat ek jou slaan.

(c) Nomina wat as Konjunksies gebruik word:

ukuthi: Siyazi ukuthi ufikile: Ons weet dat jy gekom het.
 ukuáa: Siyaáona ukuáa uyagula: Ons sien dat hy siek is.

(d) Konjunksies gevolg deur die partisipiale modus: (1)

kade: Kade áekhamba: Hulle het 'n rukkie gelede geloop.
 lapha: Lapha umáonako umtshela kóke: As jy hom sien, vertel hom alles.

(G) DIE INTERJEKSIE:

(a) Oorspronklike interjeksies:

cha! : nee.
 yiye! : betuiging van instemming.
 yeáa! : ja.
 hhawu! : uitroep van verbasing.
 Mma-ké!) : Wee my, my moeder!
 Baba-ké!) : Wee my, my vader!

(1) Die Konjunksies na- en ma- word ter sprake gebring wanneer die Partisipiale Modus behandel word.

(b) Interjeksies van vokatiewe aard, van nomina afgelei:

Nomina word in 'n vokatiefvorm as interjeksies gebruik. Hierdie interjeksies word gevorm deur die aanvangsvokaal van die nomen weg te laat. Dit geld vir al die nominaal-klasse. Vgl.:

6a6a! my vader!
6o6a6a! my vaders!
mundu! mens!
komo! bees!

In die geval van nomina van klas 10 wat met die verkorte vorm van die klasprefiks gebruik word voeg z-voor die nomen:

zinkomo! beeste!
zinkunzi! bulle!

(H) DIE PREDIKATIEF.I. Die Verbum.(a) Die verbumstan:

Die volgende is voorbeelde van die verskillende tipes van verbumstamme wat in die taal aangetref word:

(1) Reëlmatige tweelettergrepige stamme:

-6ona : sien
-funa : begeer
-thanda : bemin
-khamba : loop
-6etha : slaan
-lima : ploeg

(2) Eenlettergrepige stamme:

-6a : wees, word.
-dla : eet.
-fa : sterf.
-lwa : veg.
-pha : gee
-wa : val
-ya : gaan.

(3) Eenlettergrepige stamme met 'n latente i-:

-(i)mba : graaf (vgl. ngiyemba < ngiya + mba).
-(i)za : kom.
-(i)zwa : hoor.

(4) Vokaalverbumstamme:

-ehlula : oorwin.
-akha : bou.
-ala : weier.
-elusa : vee oppas.
-e6a : steel.
-ehla : afkom.

(5) Defektiewe verbumstamme:

-azi : (weet).
-thi : (sê).

(b) Die Konjugasie van die Verbum:(1) Die Infinitief.

Die Infinitief in hierdie taal vertoon 'n groot ooreenkoms met die infinitief in Zoeloe. Die tweede vokaal van die prefiks verander ook na 'n semivokaal voor vokaal-verbunstanne.

Voorbeelde:

ukukhamba	:	om te loop.
ukwa6a	:	om te verdeel.
ukwehla	:	om af te kom.
ukwe6a	:	om te steel.

Die negatief word gevorm soos in Zoeloe. Vgl.:

ukungakhanbi : om nie te loop nie.

(2) Die Imperatief.

Reëlmatige verbunstanne word in die enkelvoud onveranderd as imperatiewe gebruik. In die meervoud word die suffiks -ni bygevoeg. Vgl.:

Khamba : Loop! Khambani : Loop julle!

Monosillabiese stanne neem die prefiksale formatief i- of yi- in die enkelvoud, en die suffiks -ni word bygevoeg in die meervoud. Vgl.:

Yidla! of idla! : Eet jy!
Yidlani! of idlani! : Eet julle!

Vokaal-verbunstanne neem y- in die enkelvoud, asook die suffiks -ni in die meervoud. Vgl.:

Yakha! : Bou jy!
Yakhani! : Bou julle!

Die negatief van die imperatief word gevorm deur middel van die defisiënte verbum musa + die infinitief, in die enkelvoud, en deur middel van musani + die infinitief in die meervoud. Vgl.:

Musa ukukhamba! : Moenie jy loop nie!
Musani ukukhamba : Moenie julle loop nie!

Hierdie vorme word verkort tot musukukhamba en musanukukhamba.

Die vorm munukhambani (moenie jy loop nie) word egter ook aangetref. Hierdie mun(i)- en die suffiks -ni het ontstaan onder invloed van Afrikaans, en is niks anders as Afrikaans moenie wat hier die plek van musa- begin inneem het nie. Die suffiks -ni is die nie wat in die Afrikaanse dubbele ontkenning na die verbum voorkom. Vgl.: Moenie jy loop nie. Die invloed van die dubbele ontkenning wat in Afrikaanse algemeen is sal later weer aangedui word.

(3) Die Indikatiefmodus.(i) Teenwoordige tydsvorm:

Net soos in Zoeloe tref ons hier 'n bepaalde en 'n onbepaalde vorm aan. Die bepaalde vorm maak gebruik van die hulpwerkwoord -ya-. Vgl.:

(a) Bepaalde vorm; eenvoudige implikasie:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngiyakhamba	siyakhamba
2de persoon	uyakhamba	niyakhamba
3de persoon,	Klas 1: uyakhamba	
	2: 6ayakhamba	
	3: uyakhamba	
	4: iyakhamba	
	5: liyakhamba	
	6: ayakhamba	
	7: siyakhamba	
	8: ziyakhamba	
	9: iyakhamba	
	10: ziyakhamba	
	11: (luyakhamba)	
	14: 6uyakhamba	
	15: kuyakhamba	
	15(a): kuyakhamba.	

Onbepaalde vorm:

Hierdie vorm bestaan slegs uit die subjekskakel gevolg deur die verbumstam. Vgl.:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngikhamba	sikhamba
2de persoon	ukhamba	nikhamba
3de persoon, Klas 1:	ukhamba	6akhamba.

Beide hierdie vorme neem dieselfde negatief wat, net soos in Zoeloe, gevorm word deur middel van 'n negatiefformatief a-, en deur die slotvokaal van die verbum na -i te verander. Die 3de persoon neem aka- in die enkelvoud. Vgl.:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	angikhambi	asikhambi
3de persoon, Klas 1:	akakhambi	a6akhambi

(b) Progressiewe implikasie:

Soos in Zoeloe word hierdie implikasie met behulp van die formatief -sa- gevorm. Die negatief word gevorm soos in die geval van die eenvoudige implikasie. Vgl.:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngisakhamba (ek loop nog)	sisakhamba
3de persoon, Klas 1:	usakhamba	6asakhamba.

Negatief:

angisakhambi : ek loop nie meer nie.
 akasakhambi : hy loop nie meer nie.

(c) Die Eksklusiewe Implikasie met se-:

Soos in Zoeloe is hierdie implikasie 'n samegestelde tyd-vorm van die werkwoord waarvan die tweede gedeelte in die partisipiale nodus staan. Vgl.:

Enkelvoud /

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	sengikhamba	sesikhamba
3de persoon	selakhamba	sebekhamba.

(L.W.: sengikhamba (ek loop nou-reeds) is die gebruikelike verkorte vorm van ngisengikhamba).

Die vorm vir die 3de persoon enkelvoud is interessant. Van Warmelo⁽¹⁾ beweer dat hy dit nie kon verklaar nie. Die volgende verklaring lyk egter vir my aanneemlik:

Soos ek later sal aantoon vertoon die skakel van die 3de persoon enkelvoud in die partisipiële modus 'n neiging om te wissel tussen e- en a-⁽²⁾. Ek het byv. opgemerk dat sommige sprekers sê: Samfunyana egula, terwyl ander sê Samfunyana agula, en albei bedoel: Ons het hom gevind. hy synde siek.

Dit verklaar m.i. die -a-.

Betreffende -l-: Dit is interessant om daarop te let dat in Khosa die vorm selefikile: (hy het reeds gekom), bestaan. McLaren se verklaring hiervan op bls. 151 van sy Concise Khosa Dictionary lyk vir my aanneemlik.

Die negatief: Die negatief van die eksklusiewe implikasie word soos in Zoeloe gevorm: se- > ka-. Vgl.:

selakhamba > akakakhambi : hy loop nog nie.

(d) Die Perfektum (Statiewe verba):

Net soos in Zoeloe druk sekere verba 'n teenwoordige toestand uit wanneer daardie verba in 'n verlede-tydsvorm optree. Vgl.:

ulele	:	hy slaap
udiniwe	:	hy is moeg.
ulambile	:	hy is honger.

Negatief:

akalele	:	hy slaap nie.
akadiniwe	:	hy is nie moeg nie.

In die negatief word die uitgang van die verbumstam dus nie verander nie. Slegs die negatiefformatief word voor die subjekskakel gebruik.

11) Verlede Tydsvorme van die Indikatiefmodus:

(a) Die Resente verlede tydsvorm:

Hierdie tydsvorm word soos in Zoeloe gevorm deur middel van die suffiks. -ile wat die uitgangsvokaal van die verbumstam vervang. Daar bestaan ook 'n verkorte vorm met -e. Die sintaktiese reëls wat die gebruik van hierdie vorme beheer is skynbaar dieselfde as in Zoeloe. Voorbeelde:

(1) Bls 32: Transvaal Ndebele Texts.

(2) In Sotho is dit natuurlik a-.

Opmerking: Ook in hierdie geval dui die hakies aan op welke wyse die volle vorm van die werkwoord in die spreektaal verkort word.

Die negatief:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngangingakhambi	sasingakhambi
3de persoon (Klas 1)	wayengakhambi	6a6engakhambi

(iii) Die Toekomstige tydsvorme van die Indikatiefmodus:

Betreffende hierdie tydsvorm vertoon die taal 'n neiging wat aan Sotho herinner. Daar bestaan twee vorme, soos in Zoeloe, wat onderskeidelik met -ya- en met -za- as hulpwoorde gevorm word. Hierdie auxiliair word egter slegs deur die verbumstam gevolg, en nie deur die infinitief van die verbum nie. Sprekers gee voorkeur aan die vorm wat met -za- gevorm word:-

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngizakhamba	sizakhamba
3de persoon (Klas 1)	uzakhamba	6azakhamba.

Die negatief:

Betreffende die negatief het die volgende twee moontlike vorme onder my aandag gekom:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	angizukhamba	asizukhamba
3de persoon (Klas 1)	akazukhamba	a6azukhamba

of

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngeze ngakhamba	ngeze sakhamba
3de persoon (Klas 1)	ngeze akhamba	ngeze 6akhamba

Hiernaas is daar ook 'n besliste neiging by sprekers om in die negatief die invloed van die Afrikaanse dubbele ontkenning te laat deurskemer in vorme soos:

angizukhambani : ek sal nie loop nie.
akazukhambani : hy sal nie loop nie.

Let ook op die volgende interessante vorm wat ek onder die veewagtertjies teengekom het:

1ste persoon : Eksani ngakhambani : Ek sal nie loop nie.
 3de persoon : Eksani wakhambani : Hy sal nie loop nie.

Wat hier gebeur is blykbaar die volgende: Die Afrikaanse ek sal nie is in die taal opgeneem en begin die funksie van 'n defisiënte verbum vervul, 'n defisiënte verbum wat gebruik word by die vorming van die negatief van die futurum. Die enklitiese formatief -ni is weer toe te skryf aan die invloed van die dubbele ontkenning in Afrikaans.

Ten slotte kan hier opgemerk word dat die gebruik van die progressiewe implikasie met -sa-, en die eksklusiewe implikasie met -se- in die verskillende tydsvorme aan dieselfde reëls onderhewig is as in die geval van Zoeloe.

- (4) Die Partisipiale Modus: Ek het vasgestel dat hierdie modus onder die volgende omstandighede in hierdie taal gebruik word:
- (a) Die teenwoordige tydsvorm kan op 'n partisipiale wyse gebruik word na werkwoorde in die teenwoordige, verlede en toekomstige tydsvorme. Vgl.:
- Ngikhamba ngilila: Ek loop huilende.
 Samfumana ehlabelela: Ons het hom singende aangetref.
 Sizam6ona umfazi wakhe agula: Ons sal hom sien, sy vrou synde siek.
- (b) Dit word gebruik na die konjunksies na en ma, (as, wanneer indien). Na die konjunksie na neem die verbum die suffiks -ko in die teenwoordige tydsvorm, wanneer die verbum nie deur 'n objek of adverbiale adjunk gevolg word nie. Ma het skynbaar ontstaan onder invloed van Zoeloe uma. Daar is proefpersone wat beswaar maak teen die gebruik van ma. Vgl.:
- Na afikako sizam6etha: As hy kom sal ons hom slaan.
Na ezafika sizam6ona: As hy sal kom sal ons hom sien.
 Uyezwa ma 6akhulumako: Hy hoor as hulle praat.
- (c) Dit word gebruik by die vorming van sekere tydsvorme van die indikatief, veral na die auxiliare -se- en -6e. Voorbeelde hiervan is alreeds onder die indikatief gegee.
- (d) Hierdie modus word in die relatiefkonstruksie gevind. Die verbumstam neem dan natuurlik die relatiefskakel.

(1) Die Teenwoordige Tydsvorm:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	ngikhamba	sikhamba
3de Persoon	Klas 1: <u>ekhamba</u> of <u>akhamba</u> . Klas 2: <u>6ekhamba</u> of <u>6akhamba</u> . Klas 6: <u>ekhamba</u> of <u>akhamba</u> .	

Die subjekskakels vir die ander persone en klasse is reëlmatig en ondergaan geen verandering in hierdie modus nie. Daar bestaan dus 'n wisselvorm vir die subjekskakels van die 3de persoon, klasse 1, 2 en 6, in hierdie modus. Waarom dit so is is nie vir my voor die hand liggend nie, en wel om die volgende redes:

(1) Wanneer die verbum op 'n partisipiale wyse gebruik word (vgl. (4) (a)), dan kan enigeen van die wisselvorms gebruik word in die geval van klas 1. In die geval van kll. 2 en 6 kan egter slegs daardie vorme gebruik word waarin die vokaal in die subjekskakel na e verander.

(2) Na die konjunksies na en ma kan enigeen van die wisselvorms optree, maar die formatief -ko word skynbaar nie gebruik met die vorm waar die vokaal in die subjekskakel na e verander nie. (Vgl. (4)(b)).

(3) Wanneer die partisipiale modus optree in sekere tydvorms van die indikatief, (sien (4)(c)), dan word gebruik gemaak van daardie vorm waarin die vokaal in die subjekskakel na e verander, buiten in die geval van klas 1 in die eksklusiewe implikasie. Vgl. selakhambile: hy het geloop.

Verdere voorbeelde van gebruik:

- Ikosi, na igulako,...: Die koning, as hy siek is,
 Bathi-ke, na 6esuka laphaya...: Dit (hulle) het gebeur, toe hulle daar weg is..
 Uyezwa ngendle6e ma 6akhulumako: Hy hoor met die oor as hulle praat.
 Wafa a6abekile, angakhulumi: Hy het gesterf wyl hy hulle aangekyk het, (wyl) hy nie praat nie.

<u>Die Negatief:</u>	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste Persoon	ngingakhambi	singakhambi
3de Persoon	Klas 1. Klas 2. Klas 6.	engakhambi of angakhambi 6engakhambi of 6angakhambi of engekhambi of angakhambi.

Verdere voorbeelde: (1)

	<u>Positief.</u>	<u>Negatief.</u>
Eenvoudige implikasie:		
Onbepaald:	ngikhamba	ngingakhambi
Perfektum:	ngilele	ngingalele
Progressiewe implikasie:		
Voortdurend:	ngisakhamba	ngingasakhambi
Perfektum:	ngisalele	ngingasalele.
Eksklusiewe implikasie:		
Onbepaald:	sengikhamba	ngingakakhambi.
Perfektum:	sengilele	

(ii) Die Verlede tydsvorm:Nabye of Resente verlede:

	<u>Positief.</u>	<u>Negatief.</u>
Eenvoudige implikasie:		
Onbepaald:	ngikhambile	ngingakhambanga.
Voortdurend:	6ngikhamba	6ngingakhambi.
Perfektum:	6ngilele	6ngingalele.
Progressiewe implikasie:		
Voortdurend:	6ngisakhamba	6ngingasakhambi
Perfektum:	6ngisalele	6ngingasalele
Eksklusiewe implikasie:		
Onbepaald:	sengikhambile)	6ngingakakhambi
Voortdurend:	6esengikhambile)	
Perfektum:	6esengilele	

Verre verlede:

	<u>Positief.</u>	<u>Negatief.</u>
Eenvoudige implikasie:		
Onbepaald:	ngakhamba	ngingazange
Voortdurend:	ngangikhamba	ngakhamba
Perfektum:	ngangilele	ngangingakhambi
Progressiewe implikasie:		
Voortdurend:	ngangisakhamba	ngangingasa-
Perfektum:	ngangisalele	khambi.
Eksklusiewe implikasie:		ngangingasalele
Onbepaald:	sengakhamba	
Voortdurend:	ngase ngikhamba	
Perfektum:	ngase ngilele	

(1) Hier word deurgaans van die subjekskakel van die 1ste persoon enkelvoud gebruik gemaak.

(iii) Die Toekomende Tydvorms:

	<u>Positief.</u>	<u>Negatief.</u>
Eenvoudige implikasie:		
Onbepaald:	ngizakhamba	ngingezukhamba
Voortdurend:	ngiza6e ngikhamba	ngiza6e ngingakhambi
Progressiewe implikasie:	ngiza6e ngisakhamba	ngiza6e ngingasakhambi
Eksklusiewe implikasie:	ngiza6e sengikhamba	ngiza6e ngingakakhambi.

5) Die Subjunktiefmodus:

Betreffende hierdie modus het ek vasgestel dat dit onder die volgende omstandighede in hierdie taal gebruik word.

- (a) Na die konjunksie uku6a en ukuthi, en wel om 'n doel, begeerte of 'n voorneme uit te druk. Vgl.:

Ikosi ifuna ukuthi a6esana 6akhambe : Die koning begeer dat die seuns moet loop.

- (b) Om opeenvolgende handelingte uit te druk, veral in die verlede tydsvorm. Vgl.:

Safika ngalelalanga, safika sahlala phasi: Ons het op daardie dag aangekom, ons het aangekom en gaan sit.

- (c) Die subjunktief kan as 'n imperatief gebruik word, en dan word dit meesal deur die auxiliair ma- voorafgegaan. Vgl.:

Makangene: laat hom binne-kom.

Dit is egter duidelik dat hierdie genoemde feite nog nie die moontlikhede van die gebruik van die modus uitput nie.

Verder is dit vir my duidelik dat daar twee tydsvorme bestaan, nl. 'n teenwoordige tyd en 'n verlede tyd.

(i) Die Teenwoordige Tydsvorm:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud</u>
1ste persoon	ngikhambe	sikhambe
2de persoon	ukhambe	nikhambe
3de persoon	akhambe	6akhambe

Opmerking: Die slotvokaal verander deurgaans vir alle klasse na -e. Die subjekskakels vir die ander klasse bly egter dieselfde.

<u>Die negatief:</u>	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngingakhambi	singakhambi
3de persoon (Klas 1)	angakhambi	6angakhambi.

(ii) Die Verlede tydvorm:

Hierdie tydvorm neem 'n subjekskakel wat in vorm in ooreenstemming is met die skakel van die verre verlede tydvorm van die indikatiefmodus. Die uitspraak daarvan is egter, soos in die geval van Zoeloe, korter as in die geval van die skakel van die indikatief.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngakhamba	sakhamba
3de persoon (Klas 1)	akhamba	6akhamba

Die negatief:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	angakhamba	asakhamba
3de persoon (Klas 1)	akakhamba	a6akhamba

Vgl.: Safika ngalelalanga, asadla litho, asahlala phasi:
Ons het aangekom op daardie dag, niks ge-eet en
nie gaan sit nie.

(6) Die Potensiale Modus:

Net soos in Zoeloe dui hierdie modus ook die vermoë om te kan handel aan. Dit word gevorm deur gebruik te maak van die formatief -nga- wat tussen die subjekskakel en die verbunstem ingevoeg word. Vgl.:

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngingakhamba	singakhamba
3de persoon (Klas 1)	angakhamba	6angakhamba.

Opmerking: Slegs die subjekskakel van die 3de persoon, klas 1 ondergaan 'n verandering.

Voorbeeld van gebruik:

6anga6ona na 6afunako:Hulle kan sien as hulle wil.

Die negatief:

Ook hier word daar van ngeze gebruik gemaak om die negatief te vorm.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	ngingeze ngakhamba	singeze sakhamba
3de persoon	angeze akhamba	6angeze 6akhamba

(7) Die Kontingente Modus:

Hierdie modus dui handeling aan wat in die verlede sou plaasgevind het.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	6engizakufika	6esizakufika
3de persoon	u6ezakufika	6a6ezakufika.

Opmerking: /

Opmerking: Let daarop dat die infinitief van die verbum weer hier gebruik word om die futurum te vorm.

Die negatief:

Ook hierdie negatief word gevorm met behulp van die defisiënte verbum ngeze.

	<u>Enkelvoud.</u>	<u>Meervoud.</u>
1ste persoon	6engeze ngizakukhamba	6engeze sizaku- hamba.
3de persoon	6engeze azakufika	6engeze 6azaku- fika.

(8) Die Temporale Modus:

Dit het vir my duidelik geword dat die temporale modus soos wat dit in Xhosa bestaan ook in 'n beperkte vorm in hierdie taal voorkom. Ek kon egter nie daarin slaag om die drie moontlikhede wat in Xhosa aangetref word in hierdie taal vas te stel nie. Dit is egter seker dat die volgende vorm wel bestaan:

Ngakufika ngizamtyela: As ek aankom sal ek hom vertel.

(c) Afgeleide Verbumstamme:

So ver dit die afleiding van verbumstamme van basisstamme aanbetref toon hierdie taal geen verskil met Zoeloe nie. Hier volg voorbeelde van afleidings wat ek aangetref het.

(1) Die passief: -wa.

-6ona	word	-6onwa	: gesien word.
-bopha	word	-6otshwa	: vasgemaak word.
-phakama	word	-phakanyiswa	: opgelig word.
-hla6a	word	-hlatywa	: gesteeek word.
-thuma	word	-thunywa	: gestuur word.
-6amba	word	-6anjwa	: gevang word.
-khamba	word	-khanjwa	: geloop word.
-hla6elela	word	-hlatyelelwa	: gesing word.

By die vorming van die passief tree daar natuurlik palatilisasie in. Die reël waarvolgens die plaasvind verskil van Zoeloe in sekere gevalle wat ek kon vasstel:

p	word waarskynlik	tsh.
ph	word	tsh; (word Zoeloe sh).
b	word	j.
6	word	ty; (word Zoeloe tsh).
m	word	ny;
mp	geen voorbeeld.	
mb	word	nj.

Hierdie reël van palatalisasie tree natuurlik in werking by die vorming van lokatiewe deur middel van die lokatiefsuffiks -ini, en wel in dieselfde gevalle as in Zoeloe.

(2) Die Neutralis: -eka; -akala.

(i) -6ona word -6onakala : sigbaar wees.

(ii) /

- (ii) -thanda word -thandeka : beminlik wees.
 -funa word -funeka : in aanvraag wees.

(3) Die Applikatief: -ela.

- thunga word -thungela : naaldwerk doen vir.
 -khamba word -khambela : loop ten behoeve van,
 of na.
 -lima word -limela : ploeg vir.

(4) Die Resiprokalis: -ana:

- 6ona word -6onana : mekaar sien
 -6etha word -6ethana : mekaar slaan.
 -geza word -gezana : mekaar was.

(5) Die Kousatief: -isa.

- khamba word -khambisa : laat loop.
 -raka word -rakisa : laat keer.
 -gijima word -gijimisa : laat hardloop.

(6) Die Intensief: -isisa.

- khamba word -khambisisa : vinnig laat loop.
 -bereka word -berekisisa : deeglik laat werk.

(7) Reduplikasie van die verbunstan:

Meerlettergrepige verbunstanne word skynbaar onveranderd geredupliseer. In die geval van eenlettergrepige stanne word yi- vooraan die tweede stan gevoeg:

- (i) -bona6ona : 'n bietjie sien.
 -khambakhamba : 'n bietjie loop.
 -gijimagijima : 'n bietjie hardloop.
 (ii) -dlayidla : 'n bietjie eet.

Die Kopulatief.(a) Die vorming van kopulatiewe van nomina:

<u>Nominaalklas:</u>	<u>Nomen.</u>	<u>Onbepaalde kopulatief:</u>
1.	umundu	mumundu; of mundu.
1(a)	umma	ngumma.
2.	a6andu	6a6andu; of 6andu.
2(a)	a6omma	6a6omma.
3.	umuthi	mumuthi; of muthi.
4.	imithi	mimithi; of mithi (yimithi).
5.	ilihlo	lilihlo; of lihlo.
6.	amehlo	mamehlo.

<u>Nominaalklas:</u>	<u>Nomen.</u>	<u>Onbepaalde kopulatief:</u>
7.	isilo	sisilo, silo.
8.	izilo	zizilo; zilo.
9.	ikomo	yikomo.
10.	inkomo izinja	zinkomo; zizinja.
11.	(uphondo)	luluphondo; luphondo.
14.	u6ukhosi	6u6ukhosi; 6ukhosi.
15.	ukudla	kukudla; kudla.

Die wyse waarop hierdie kopulatiewe gevorm word herinner sterk aan Xhosa. Wat veral treffend is is die neiging om selfs in daardie gevalle waar die klasprefiks 'n nasaal n bevat daardie nasaal vooraan te voeg as 'n kopulatiefformatief.⁽¹⁾

In daardie gevalle waar die aanvangsvokaal van die nomen weggelaat word om 'n kopulatief te vorm word die eerste lettergreep natuurlik met laagtoon uitgespreek.

Die negatief:

Die negatief van die kopulatief vertoon Sotho-invloed.

Die negatief van die onbepaalde kopulatief word deurgaans gevorm deur asi- (of xasi-) te voeg vooraan die oorspronklike nomen, nadat die aanvangsvokaal van daardie nomen weggelaat is. Byvoorbeeld:

(x)asimundu	:	dit is nie 'n mens nie.
asikomo	:	dit is nie 'n bees nie.
asizinja	:	dit is nie beeste nie.
asikudla	:	dit is nie kos nie.

Die Bepaalde Kopulatief:

Daar bestaan 'n neiging om bogenoemde onbepaalde vorme van die kopulatief ook as bepaalde kopulatiewe te gebruik, bloot deur die aanvangs-sillabe van die woord op 'n hoër toonhoogte uit te spreek. Wanneer daar 'n bepaalde subjekskakel gebruik word dan kan hierdie subjekskakel ook voor die kopulatief geplaas word. Vgl.:

a6andu zizinja	:	Die mense is honde.
a6andu 6azizinja	:	Die mense is honde.

(1) Ek het hierdie vorm vreemd gevind en dus daaraan getwyfel. Dit is egter bevestig deur drie proefpersone, een waarvan te Derdepoort woon, 'n ander van Rayton, en 'n derde uit die distrik Middelburg. Verder is dit ook bevestig deur 'n Zoeloe-onderwyser wat isiNdundza goed praat.

(b) Die Vorming van Kopulatiewe van Pronomina:(1) Van Absolute Pronomina:

Die absolute pronomina vir die tweede persoon enkelvoud, en die derde persoon, klas 1 enkelvoud, neem ngu- voor die verkorte vorm van die pronomena. D.w.s.:

nguwe : dit is jy.

nguye : dit is hy.

Alle ander persone en klasse neem ngi- voor die verkorte vorm van die absolute pronomena. Vgl.:

ngimi : dit is ek.

ngithi : dit is ons.

ngi6o : dit is hulle.

ngizo : dit is hulle (inkomo) ens.

Die gebruikmaking deurgaans van 'n eenvormige kopulatief formatief in die geval van absolute pronomina stem ooreen met Sotho ke. Ek wil graag net beklemtoon dat die formatief sonder twyfel ngi- is.

Die negatief:

Die negatief van hierdie kopulatiewe word gevorm op die volgende wyses:

Die tweede persoon enkelvoud, en die derde persoon, klas 1, enkelvoud, neem asu- voor die verkorte vorm van die absolute pronomena:

asuwe : dit is nie jy nie.

asuye : dit is nie hy nie.

Al die ander persone en klasse neem asi- voor die verkorte vorm van die absolute pronomena:

asimi : dit is nie ek nie.

asi6o : dit is nie hulle nie.

asizo : dit is nie hulle nie (inkomo).

Vgl. ook: i6e ingasi6o : dit was nie hulle nie.

ya6e ingasi6o : dit was nie hulle nie.

(2) Van Kwantitatiewe Pronomina:

Kopulatiewe word nie direk van hierdie pronomina gevorm nie. Die kwantitatiewe pronomena word voorafgegaan deur die kopulatief wat van die absolute pronomena gevorm is:

ngi6o 6oke : dit is hulle almal.

ngizo zoke : dit is hulle almal (inkomo).

Dit dien egter daarop gelet te word dat die kwantitatiewe pronomene wel 'n subjekskakel direk vooraan kan neem:

zizoke: hulle is almal (inkomo)

6a6oke: hulle is almal (a6andu).

(3) Van Kwalifikatiewe Pronomina:

Wanneer die adjektief, die relatief en die possessief pronominaal gebruik word dan word van daardie pronomina kopulatiewe gevorm deur ng- vooraan die pronomene te voeg:

a6adala (die oues) word: nga6adala: dit is die oues.
ezi6omvu (die rooies) " : ngezi6omvu: dit is die rooies.
eyami (myne) " : ngeyami: dit is myne.

Hierdie kopulatiewe kan met 'n subjekskakel gebruik word.

Wanneer die demonstratief pronominaal gebruik word dan word kopulatiewe van daardie pronomina gevorm op die volgende wyse:

Klasse 1 en 3 voeg ngu- vooraan die demonstratief;
d.w.s.: ngulo: dit is hierdie een (umundu).

Alle ander klasse voeg ngi- vooraan die pronomene;
d.w.s. ngila6o: dit is daardie; (klas 2).

ngilawa: dit is daardies; (klas 6).

(c) Die vorming van kopulatiewe van kwalifikatiewe:

(1) Van Adjektiewe:

Kopulatiewe word van adjektiewe gevorm op dieselfde wyse as in die geval van Zoeloe. Die aanvangsvokaal van die adjektiefskakel word eenvoudig weggelaat, en as die adjektiefskakel eenlettergrepig is dan word e- met i- vervang. Vgl.:

umundu mkhulu: die mens is groot.
ikosi indala : die koning is oud.
inkomo zihle : die beeste is mooi.
ika6i ikulu : die os is groot.

In die negatief en ook in die partisipiale modus kry sulke kopulatiewe ook nog vooraan gevoeg die betrokke subjekskakel:

na zizikulu : as hulle groot is.
umundu akamkhulu : die mens is nie groot nie.

Laasgenoemde reël is ook van toepassing in die geval van die 1ste en 2de persone:

ngimkhulu : ek is groot.
si6akhulu : ons is groot.

(2) Van Relatiewe:

Kopulatiewe word van relatiewe gevorm deur bloot die subjekskakel in plaas van die relatiefskakel te gebruik:

umundu u6omvu: die mens is rooi.
umlambo u6anzi: die rivier is breed.
umundu aka6omvu: die mens is nie rooi nie.

(3) Van Enumeratiewe:

Die enumeratief word onveranderd as 'n kopulatief gebruik; daar is egter 'n verskil in die uitspraak:

Umfazi munye : die vrou is een.

(4) Van Demonstratiewe:

In hierdie geval geld dieselfde reël as in die geval van kopulatiewe gevorm van pronominaalgebruikte demonstratiewe. In die geval van klasse 1 en 3 word ngu- vooraan die demonstratief gevoeg. Alle ander klasse voeg ngi- vooraan die demonstratief:

ngulowo : dit is daardie (mens).

ngila6o : dit is daardies (mense).

(d) Die vorming van Kopulatiewe van Adverbia:

Onbepaalde kopulatiewe word van adverbia gevorm deur ku- vooraan te voeg. Daarnaas kan kopulatiewe van adverbia gevorm deur die subjekskakel vooraan die adverbium te voeg:

kulapha : dit is hier.

kungaphandle : dit is buitekant.

6akhona : hulle is

zilapha : hulle is hier.

(e) Konjugasie van die Kopulatief:(1) Die Infinitief:

Positief.

Negatief.

uku6akhona

(2) Die Imperatief:

i6akhona) wees jy musuku6akho
yi6akhona) daar

i6anikhona) wees julle musanuku6akho
yi6anikhona) daar

(3) Indikatiefmodus: (Eenvoudige implikasie)⁽¹⁾

Positief.

Negatief.

Teenwoordige: ukhona: hy is daar akakho

Nabye-verlede: u6ekhona u6engekho

Verre-verlede: wa6ekhona wa6engekho (akazange akhona)

Toekomende: uza6akhona akazu6akho.

(1) Die subjekskakel van die 3de persoon enkelvoud word deurgaans gebruik.

Progressiewe /

Progressiewe implikasie:Positief.Negatief.Teenwoordige: usekhona: hy is nog
daar

akasekho.

Nabye-verlede: u6esekhona

u6engasekho

Verre-verlede: wa6esekhona

wa6engasekho.

Toekomende: (voorbeeld ontbreek)

Eksklusiewe implikasie:Positief.Negatief.Teenwoordige: usekhona: hy is nou
daar

kaka6ikho

Nabye-verlede: u6esekhona

u6engaka6ikho

Verre-verlede: wa6esekhona

wa6engaka6ikho

Toekomende: (voorbeelde ontbreek).

(4) Die Subjunktiefmodus:Positief.Negatief.

Teenwoordige: a6ekhona

anga6ikho

(5) Die Partisipiale Modus: (1)Eenvoudige implikasie:Positief.Negatief.

Teenwoordige: ekhona

engekho

Nabye-verlede: e6ekhona

e6engekho (engazange
akhona).Progressiewe implikasie:Positief.Negatief.

Teenwoordige: esekhona

esengekho

Nabye-verlede: e6esekhona

e6esengekho.

Eksklusiewe implikasie:Positief.Negatief.

Teenwoordige: esekhona

engaka6ikho.

Nabye-verlede e6esekhona

e6engaka6ikho

(6) Potensiale Modus:Positief.Negatief.

Teenwoordige: anga6akhona

angeze a6akhona.

(7) Kontingente Modus:

u6eza6akhona

u6engazu6akho.

(1) Hier sal deurgaans van die subjekskakel e-
gebruik gemaak word

HOOFSTUK V.DIE POSISIE VAN ISINDZUNZDA BINNE DIE NGOENI-GROEP VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BANTOETALE.

Die doel is om hier kortliks vas te stel, op grond van die klankverskuiwings en die vormleer, wat die posisie van hierdie taal binne die Ngoeni-groep van Suid-Afrikaanse Bantoetale nou eintlik is. Aangesien ek nie Meinhof se Hottentottische Laute und Lehnwörter in Kafferischer Sprache in die hande kon kry nie moes ek hoofsaaklik gebruik maak van Meinhof/van Warmelo: Bantu Phonology, en van Warmelo se: Gliederung der Süd-Afrikanischen Bantusprachen(1). Daarnaas het ek self sekere klanke in Xhosa uitgewerk. Vir die doeleindes van hierdie vergelyking word daar natuurlik uitgegaan van daardie feite wat in verband met isiNdzundza vasgestel is.

(A) DIE KLANKLEER.

Die volgende tabelle gee 'n aanduiding van die verskille en die ooreenkomste tussen isiNdzundza, Zoeloe en Xhosa. Die oorspronklike of Oer-Bantoe-vorm word ook aangegee in die kolom aan die linkerkant:

(a) Die Vokale:(1) Primêre Vokale.

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. a	a	a	a
B. i	i	i	i
B. u	u	u	u

(2) Die Sekondêre vokale:

B. o	o, ɔ	o, ɔ	o, ɔ
B. e	e, e ⁽²⁾	e, e	e, e
B. i	i	i	i
B. u	u	u	u

Opmerking: Betreffende die verskuiwing van die vokale stem isiNdzundza dus ooreen met Zoeloe en Xhosa.

(b) Die Konsonante:(1) Primêre Konsonante.(a) Eksplosiewe.

B. k	k, kh, kx	k, kh	k, kh
B. t	th	th	th
B. p	ph	ph	ph

(1) Zeitschrift für Eingeborenen-Sprachen: 18 1927/8: 1-51, ens.

(2) In verband met e sien Hoofstuk III: Assimilasie, ander klankwette en klanke.

Opmerking: Betreffende die verskuiwing van die B. primêre eksplosiewe blyk dit dus dat B.k soms isiNdzundza kx word. Dit is skynbaar Sotho-invloed.

(b) Die Frikatiewe:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. γ	-, y, w	-, y, w	-, y, w
B. l	l,	l,	l,
B. \underline{v}	'b	'b	'b

Opmerking: Wat die primêre frikatiewe aanbetref stem hierdie drie tale dus ooreen.

(2) Sekondêre konsonante:

(a) Eksplosiewe:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. \underline{t}	\underline{s}	\underline{s}	\underline{s}
B. \underline{k}	\underline{s}	\underline{s}	\underline{s}

Opmerking: Die verskuiwing van die sekondêre eksplosiewe stem ooreen in die drie tale.

(b) Frikatiewe:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. γ	\underline{z} (z)	\underline{z} (z)	\underline{z} (z)
B. \underline{l}	\underline{z}	\underline{z}	\underline{z}

Opmerking: Ook die sekondêre frikatiewe volg in al-drie tale dieselfde verskuiwing.

(c) Konsonante onder die invloed van 'n volgende vokaal:

(1) Primêre konsonante voor Primêre B.i en u:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. ki	si	si	si
B. ti	thi	thi	thi
B. pi	phi	phi	phi
B. γ i	i	i	i
B. li	li	li	li
B. \underline{v} i	'bi	'bi	'bi
B. ku	khu, ku	khu, ku	khu, ku
B. tu	thu, ru	thu	thu
B. pu	phu	phu	phu
B. γ u	u, wu	u, wu	u, wu.
B. lu	lu	lu	lu
B. \underline{v} u	'bu	'bu	'bu.

Opmerking /

Opmerking: Met die uitsondering van B. +v wat isiNdzundza ru kan word, stem die drie tale dus ooreen sover dit die invloed van primêre vokale op primêre konsonante aanbetref.

(2) Sekondêre konsonante voor B. i en u:-

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. <u>ku</u>	sw	sw	sw
B. <u>yu</u>	zw	zw	zw
B. <u>ki</u>	si	si	si
B. <u>yi</u>	zi	zi	zi

Opmerking: Die drie tale stem hier ooreen.

(3) Primêre konsonante onder die invloed van B.-vokale, î en û:-

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. kî	si	si	si
B. tî	si	si	si
B. pî	fi	fi	fi
B. yî	zi	zi	zi
B. lî	zi	zi	zi
B. vî	vi	vi	vi

Opmerking: In al drie tale beïnvloed B. î die primêre konsonante op dieselfde wyse.

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. kû	fu	fu	fu
B. tû	fu	fu	fu
B. pû	fu	fu	fu
B. yû	vu	vu	vu
B. lû	vu	vu	vu
B. vû	vu	vu	vu

Opmerking: In al drie tale beïnvloed B. û die primêre konsonante op dieselfde wyse.

(d) Primêre konsonante onder die invloed van 'n voorafgaande nasaal:

(1) Oorspronklike nasaalverbinding:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. nt	nd	nt'	nt'
B. ñk	ñk', k'	ñk'	ñk'

B. mp	mp', p'	mp'	mp'
B. ṅg	ṅg	ṅg	ṅg
B. nd	nd	nd	nd
B. mb	mb	mb	mb

Opmerking: In die geval van die primêre eksplosiewe vertoon isiNdzundza 'n besliste afwyking van Zoeloe en Khosa. Sien opmerking na (2).

(2) Nasaal + i + Konsonant:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Khosa.</u>
B. ni + k	k', ṅk'	ṅk'	ṅk'
B. ni + t	nd	nt'	nt'
B. ni + p	p', mp'	mp'	mp'
B. ni + y	ṅg	ṅg	ṅg
B. ni + l	nd	nd	nd
B. ni + v	mb	mb	mb

Opmerking: Ook hier vertoon isiNdzundza dieselfde afwyking t.o.v. die primêre eksplosiewe.

Dit lyk ook na die invloed van Sotho as ons let op die feit dat die nasaal n onder sekere omstandighede in isiNdzundza wegval voor B.k en p. Vgl.:

B.ni plus k word soms k': vgl. ik'omo (bees).

B.ni " p " " p': vgl. ip'ala (rooibok).

Dit lyk egter nie meer so vanselfsprekend dat hierso Sotho-invloed aanwesig wanneer ons op die volgende let nie:

Die invloed wat die nasaal in die bogaande twee voorbeelde uitoefen is dieselfde as in die geval van Zoeloe; en daarby kom die feit dat die nasaal op dieselfde wyse verlore gaan in woordstamme, en nie net slegs in die geval van die klasprefiks nie. Vgl.: phasi: onder.

zoke: almal.

k', t', en p' bestaan natuurlik in Zoeloe en Khosa as ejektiewe klanke. Voeg hierby die feit dat die nasaalverbinding B.ni plus t, (of B.n plus t), weer heeltemal 'n ander reël volg dan is mens meer geneig om te bevind dat hierdie taal 'n eienaardige neiging ontwikkel het ten opsigte van nasaalverbindinge. Tot watter mate hierdie rigting deur Sotho beïnvloed is is nie duidelik nie.

(3) Nasaal + u + Konsonant (D.w.s.: mu + konsonant).

<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Khosa.</u>
Geen invloed	Geen invloed	Geen invloed.

(e) /

(e) Sekondêre konsonante onder die invloed van 'n voorafgaande nasaal:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. ni + <u>k</u>	nts' _~	nts' _~	nts' _~
B. ni + <u>t</u>	nts' _~	nts' _~	nts' _~
B. ni + <u>l</u>	nz _~	nz _~	nz _~
B. ni + <u>ʎ</u>	nz _~	nz _~	nz _~

Opmerking: In aldrie tale word sekondêre konsonante op dieselfde wyse deur 'n voorafgaande nasaal beïnvloed.

(f) Konsonante onder invloed van 'n volgende semi-vokaal (d.w.s. y, w, ʎ en ʋ):(1) Die invloed van y en w:-

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. kya	sa	sa	sa
B. tya	tha, t ^ʃ sa	tha, ša	tha, (t ^ʃ sa)
B. pya	t ^ʃ sa	ša	t ^ʃ sa
B. ʎya	ya	ya	ya
B. lya	z _~ a	z _~ a	z _~ a
B. ʋya	tja	t ^ʃ 'a	tja
B. kwa	kwa	kwa	kwa
B. twa	thwa	thwa	thwa
B. pwa	t ^ʃ wa	šwa	t ^ʃ wa
B. ywa	wa	wa	wa
B. lwa	lwa	lwa	lwa
B. ʎwa	'ba	'ba	'ba
B. ʋwe	tje	t ^ʃ 'e	tje

Opmerking: Betreffende die invloed van B.y en B.w op voorafgaande konsonante verskil isiNdzundza van Zoeloe in die volgende gevalle, en stem in daardie gevalle met Xhosa ooreen:

B. tya; B. pya; B. ʎya; B. pwa; B. ʋwe

(2) Die invloed van ʎ en ʋ:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. k ^ʎ a	sa	sa	sa
B. l ^ʎ a	za	za	za
B. ʋ ^ʎ a	za	za	za

B. k̂wa	fa	fa	fa
B. t̂wa	fa	fa	fa
B. p̂wa	fa	fa	fa
B. ŷwa	va	va	va
B. l̂wa	va	va	va

Volgens hierdie voorbeelde beïnvloed die semivokale B. ŷ en B. t̂ voorafgaande konsonante dus op dieselfde wyse in hierdie drie tale.

(3) Die invloed van 'n semi-vokaal wat ontstaan het deur die indringing van die vokaal i in die woordstam:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
(i) B. yi- vgl. B.-yikala	-sala	-sala	-sala
B.-yikuta	-sutha	-sutha	(-sutha)
B.-yitaya	-esa'ba	-esa'ba	-
B.-iyua	-iva	-iva	-iva
B.-(yi)telela	-t̂selela	-šelela	-tholeza.
(ii) B. li- vgl. B.-kele	iselwa (kl.5)	isele (kl.5)	isele (kl.5)
B.-kumi	itšumi (")	išumi (")	išumi (")
B.-tende	isende (")	isende (")	(ithende (kl.5)?)
B.-yembe	izembe (")	izembe (")	izembe (kl.5).
(iii) B. ŷko	iso (kl.5)	iso (kl.5)	iso (kl.5).

Opmerking: Volgens die voorbeelde wat hier aangehaal is kom die drie tale in die meeste gevalle ooreen. In die geval van B.-(yi)telela verskil aldrie van mekaar, en dit is opvallend dat in Xhosa daar geen indringing van die vokaal i-plaasvind nie. (vgl. ook my twyfelagtige voorbeeld ithende < B.-tende). Betreffende B.-kumi verskil isiNdzundza van Zoeloe en Xhosa.

In die geval B. ŷko vind daar weer nie indringing van B.i plaas in die geval van isiNdzundza nie.

Alhoewel die voorbeelde nie ooreenstem nie is daar dus gevalle waar B.i nie 'n woordstam binnegedring het in of isiNdzundza of Xhosa nie, terwyl dit wel in Zoeloe gebeur het.

(4) Die invloed van 'n semivokaal wat na die nasale m en n ontstaan onder invloed van B. ũ of B. î in 'n vorige sillabe:

	<u>IsiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. -ŷno	iziño	iziño	iziño
B. -p̂na	-fiña	-fiña	-fiña.
B. -tak̂na	(-safuña	-safuna	-safuna.
B. -k̂mana	(-fumâna (-fumana	-fumana	-fumana
B. -t̂na	-funa	-funa	-funa.

Opmerking /

Opmerking: Volgens die voorbeelde is daar 'n verder ontwikkelde neiging tot die ontstaan van 'n semivokaal y na 'n nasaal onder invloed van B.î en û in 'n vorige sillabe in isiNdzundza as in Zoeloe en Xhosa.

(g) Nasaalverbindings gevolg deur die semivokale y, w, ŷ en ŵ:

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. ntwā	ndwa	nt'wana	nt'wana
B. ntŷā	ndisa	nts'a	nts'a
B. ñgŷā	nza	nza	nza
B. ñgwa	ñgwa	ñgwa	ñgwa.
B. ñgŵā	m̃va	m̃va	m̃va.
B. ndwā	ndwa	ndwa	ndwa.
B. ndŷā	nza	nza	nza
B. ndŵ	m̃v	m̃v	m̃v
B. mbwā	ndžā	nžā	nžā
B. mbŷā	nza	nza	nza.

Betreffende nasaalverbindings gevolg deur die semivokale y, w, ŷ en ŵ dien daarop gelet te word dat B. mbwā > isiNdzundza ndžā.

> Zoeloe-Xhosa nžā.

Die ander gevalle waar isiNdzundza van Zoeloe en Xhosa afwyk is te wyte aan die reël in verband met nasaalverbindings in hierdie taal wat alreeds behandel is.

(h) Die nasale m en n onder invloed van die vokaal en die semivokaal:-

	<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
B. ni	ni	ni	ni
B. nu	nu	nu	nu
B. ne	ne	ne	ne
B. no	no	no	no
B. nî	ni	ni	ni
B. mi	mi	mi	mi
B. mu	mu	mu	mu
B. mo	mo	mo	mo
B. nya	na, ná	na, ná	na, ná
B. nwa	nwa	nwa	nwa
B. nŷā	ńā	ńā	ńā
B. myā	ńā	ńā	ńā
B. mwa	ńwa	ńwa	ńwa.
B. mŵā	nwa	nwa	nwa.

Opmerking /

Opmerking: Die tale vertoon hier dus geen onderlinge verskille nie.

(i) Ander klanke wat in isiNdzundza voorkom:

<u>isiNdzundza.</u>	<u>Zoeloe.</u>	<u>Xhosa.</u>
x	-	-
r	(r)	(r)
t̃	-	t̃
th̃	-	-
ts	ts	ts
ndz	-	-
ḍ	ḍ	ḍ
hh	hh	(hh)

Betreffende hierdie klanke die volgende opmerking:

Die x wat in isiNdzundza voorkom⁽¹⁾ wil ek nie vergelyk met die gbttale en velare frikatiewe wat in Zoeloe en Xhosa onderskeidelik voorkom nie; enersyds omdat daar 'n verskil in artikulasie bestaan, en andersyds om die x in isiNdzundza skynbaar sy weg uit Sotho saam met leenwoorde na die taal gevind het.

Let verder daarop dat th̃ en ndz slegs in isiNdzundza bestaan.

Die klank t̃ bestaan in isiNdzundza en in Xhosa.

Gevolgtrekking:

Volgens die klankverskuiwing is hierdie taal natuurlik beslis 'n Ngoeni-taal.

Die klankverskuiwing van isiNdzundza, Zoeloe en Xhosa stem in die meeste gevalle ooreen.

isiNdzundza vertoon egter 'n eie neiging ten opsigte van die nasaalverbinding, die verandering van B.t na r in beperkte gevalle, en die verandering van B. k na kx. Verder wyk hierdie taal soms af van Zoeloe en Xhosa in gevalle waar B.i 'n woordstam binnegedring het, en waar semivokale na nasale ontstaan onder invloed van B.î en B.û in 'n voorafgaande sillabe.

Die taal vertoon enkele klanke wat nie in Zoeloe en Xhosa voorkom nie.

Ten opsigte van die klapklanke is alreeds daarop gewys dat hierdie klanke in isiNdzundza deurmekaar geraak het⁽²⁾.

Verder vind ons ook die geval van transposisie in isanza: izizanza wat as 'n eie kenmerk van die taal aangehaal kan word.

Hierdie taal vertoon aan die anderkant 'n ooreenkoms met Xhosa. Hierdie ooreenkoms vind ons in die volgende gevalle:

- (1) Sien Hoofstuk: Klankverskuiwing I(b)
 (2) " " " I(d).
 " " " (e)

Die /

Die twee tale stem in sommige gevalle ooreen in die wyse waarop die semivokaal 'n voorafgaande konsonant beïnvloed, d.w.s. gevalle waarin die twee tale van Zoeloe verskil.

Die klank t bestaan in isiNdzundza en in Xhosa, en verskyn nie in Zoeloe nie.

B. DIE VORMLEER.

Hier sal dus nou ook kortliks op grond van die vormleer wat in Hoofstuk IV behandel is 'n aanduiding gegee word van waar hierdie taal eintlik tuishoort binne die Ngoeni-groep. Die vormleer sal hier bespreek word met verwysing na Zoeloe en Xhosa.⁽¹⁾

(a) Die Substantief:

(1) Die Nomen: (Sien Hoofstuk IV B.(a)).

isiNdzundza verskil van die ander twee tale daarin dat kl. 11 besig is om verlore te gaan.

Die geleidelike verdwyning van klas 11, en die oorplasing van nomina uit hierdie klas na klas 5 is skynbaar te wyte aan die invloed van Sotho. Verder dien daarop gelet te word dat daar in die nominaal-klasse 'n aantal woorde voorkom wat beskrywe kan word as Sotho-woordstamme wat van 'n Ngoeni-klas-prefiks voorsien is. Vgl.

umDimu:	God	(klas 1).
i(li)kxuru:	skilpad	(klas 5).
i(li)naxa:	veld	(klas 5).

Die vraag of die vorm van die klasprefiks in die geval van klas 9 deur Sotho-invloed teweeggebring is is reeds bespreek.

(2) Die Pronomen: (Sien Hoofstuk IV. B.(b)).

Met inagneming van die verskillende klankwette is die drie tale dieselfde sover dit die pronomina aanbetref.

(b) Die Kwalifikatief: (Sien Hoofstuk IV, (a), (b), (c), (d), (e)).

(1) Die Adjektief: Die adjektief-skakel vertoon 'n die karakter deurdat die nasaal -n- soms wegval voor stemlose konsonante in die geval van klasse 9 en 10. Die reël is volledig bespreek.

Verder bestaan in hierdie taal, soos in Xhosa, 'n adjektiefstam vir ses, nl. -thandathu.

Verder is dit opmerklik dat daar 'n neiging in die taal bestaan, om die adjektiefskakel van klas 1 en klas 3 in sy verkorte vorm voor eenlettergrepige adjektiefstamme te gebruik. Vgl. umundu omóí naas umundu omuóí. Die verkorte vorm word natuurlik deurgaans in Xhosa gebruik.

Sien: Doke: A Text Book of Zulu Grammar.

McLaren: A Xhosa Grammar.

Bennie: A Grammar of Xhosa for the Xhosa Speaking.

- (2) Die Relatief: In verband met hierdie rededeel kan hier vermeld word dat isiNdzundza met Zoeloe en Xhosa ooreenstem.

Die Relatiefskakel voor die verbunstanam vorm in hierdie taal natuurlik ook relatiefkonstruksies. Ek is daar bewus van dat die relatiefsuffiks in Zoeloe in sekere gevalle dialekties is -kho voorkom. Dit is egter opmerklik dat die suffiks in isiNdzundza deurgaans -ko is. Dit wil sê dat hierdie taal deurgaans gebruik maak van die relatiefsuffiks van klas 15. Om dit bloot aan die invloed van sePedi toe te skryf sou m.i. verkeerd wees aangesien dit tog tot 'n mindere mate ook in die geval van ander Ngoeni-tale moontlik blyk te wees.

- (3) Die Enumeratief: Die enumeratiefskakels van klasse 4 en 9 in isiNdzundza stem ooreen met dieselfde skakel in Xhosa.
- (4) Die Possessief: Die possessiefskakels stem ooreen in die drie tale wat hier bespreek word.

In isiNdzundza bestaan daar eie pronominale possessiefstamme vir die 1ste en die 2de persn. meervoud. nl. -ikhethu en ikhenu respektiewelik.

Ek het sprekers teengekom wat in die geval van nomina van klas 1(a) ook nog die gewone possessiefskakel voor die formatief ka- gebruik. (Vgl. Hoofstuk IV C(d)).

- (5) Die Demonstratief: (Sien Hoofstuk IV C (e)).

Hierdie rededeel vertoon 'n eie ontwikkeling in isiNdzundza. Hier is veral treffend die afwesigheid van die uitgangs -o in die geval van die tweede demonstratief, as ons die vorm met Xhosa en Zoeloe vergelyk. Met verder ook op die gevalle waar die 2de en 3de demonstratief in vorm dieselfde is maar in uitspraak en beklemtoning verskil — d.w.s. wat die semantiese waarde onderskeidelik aanbetref.

Vgl.: inkomo leziya (daardie beeste).
inkomo leziyá (doerdie beeste).

- (c) Die Adverbium:

Afgesien van die feit dat daar in isiNdzundza deurgaans van die formatief gi- gebruik gemaak word wanneer adverbium van absolute pronomina gevorm word, en dat die lokatief van die alleenstaande pronomina, 1ste pers. mv. ekhethu is, stem die drie tale in ander opsigte ooreen betreffende die Adverbium.

- (d) Die Ideofoon:

Die ideofoon in hierdie taal verrai sy Zoeloe-afkoms. Dit vertoon 'n weinig Sotho invloed⁽¹⁾. In sommige gevalle is dit egter duidelik dat oorspronklike Zoeloe-vorme ook alreeds begin het om vervorm te raak in hierdie taal. Vgl.:

zi: Induku ithi zi:zi:zi: Die kierie slaan zi:zi:zi:
(Zoeloe: zwi).
gi: Isango livalwa lithi gi: Die deur is dig toe.
(Zoeloe: ngci).

(1) Vgl.: Kuóomvu thlére: Dis bloedrooi.

(e) Die Konjunksie: (Sien Hoofstuk IV F).

Die Konjunksie in hierdie taal vertoon 'n ooreenkoms met Zoeloe eerder as met Xhosa.

(f) Die Interjeksie:

Daar bestaan enkele eie oorspronklike interjeksies in die taal. Interjeksies van 'n vokatiewe aard stem ooreen met Zoeloe en Xhosa.

(g) Die Predikatief:

(1) Die Verbum: In verband met die verbum word die volgende punte aangehaal as synde eienaardig aan isiNdzundza:

Die wyse waarop die negatief van sekere modi en tydvorms gevorm word is van belang in hierdie verband. Vgl.:

Die negatief van die nabye verlede tydvorm van die Indikatiefmodus:

ngikhambile word akange ngikhambe, (ek het nie geloop nie). ngikhambanga is ook bekend.

Die verre verlede tydvorm van die Indikatiefmodus:

ngakhamba word angizange ngakhamba. (Ek het (nooit) nie geloop nie).

Dit dien daarop gelet te word dat -zange ook in die geval van die verre verlede tydvorm van die Partisipiale modus gebruik word:

ngakhamba word ngingazange ngakhamba.

Die negatief van die Potensiale modus:

Hierdie negatief word ook gevorm deur gebruikmaking van die defisiënte verbum -ngoze. Vgl.

ngingakhamba: word ngingeze ngakhamba (ek loop gladnie).

Die negatief van die Kontingente modus:

Hierdie negatief word gevorm deur gebruik te maak van die verlede tydvorm van ngeze. En boonop dien daarop gelet te word dat dit nie die auxiliair -za is wat negatief gemaak word nie:

6engizakufika word 6engeze ngizakufika (ek was gladnie (dat) ek sal aankom; d.w.s. ek sou nie aangekom het nie).

Die toekomstige tydvorm van die verbum in die geval van die meeste modi van die verbum vertoon Sotho-invloed daarin dat die auxiliair -za slegs deur die verbumstam gevolg word, en nie deur die verkorte vorm van die infinitief van daardie verbumstam nie. Vgl.

ngizakhamba: ek sal loop. (Zoeloe: ngizakuhamba)
(Suid-Sotho: ke tla
tsamaga).
(sePedi: ke tlo sepela).

Dit is opvallend dat in die eksklusiewe implikasie van die verbum in die teenwoordige tydvorm van die Indikatiefmodus daar net soos in Xhosa gebruik gemaak word van die perfektumstam -sele in die geval van die 3de persoon enkelvoud. Vgl.

selakhamba: hy loop reeds, of nou, of dan.

Waarom dit selakhamba is en nie selekhamba nie het ek reeds verklaar deur te wys op die feit dat die skakel vir partisipiële modus in die geval van die 3de persoon ekv. 'n wisselvorm het. Dit is of -a of e.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar ook verwys is na 'n verbale vorm in isiNdzundza wat in vorm en betekenis dieselfde is as die Temporale modus in Xhosa. Vgl.

Ngakufika ngizamtyela: as ek kom sal ek hom vertel.

Ten slotte dien hier vermeld te word die bestaan van 'n wisselvorm vir die partisipiële modus subjekskakel in die gevalle klasse 1, 2 en 6. Dit is duidelik dat in die gebied waarin ek gewerk het hierdie modus se oorspronklike vorm beïnvloed geraak het. Om redes wat i.v.m. die partisipiële modus genoem is het ek egter nie probeer om presies aan te dui hoe dit plaasgevind het, (of plaasvind) nie.

- (2) Die Kopulatief: Betreffende hierdie rededeel vertoon hierdie taal 'n paar besondere eienaardighede:

Hier is dit van belang om te let op die besondere vorms van kopulatiewe, (d.w.s. onbepaalde kopulatiewe), gevorm van nomina van klasse 1, 3, 4, en 6.

Vgl.: mumuthi: dit is 'n boom.
 namehlo: dit is oë.

Ek beskou dit as 'n merkwaardige verskynsel wat nêrens in die ander Ngoeni-tale voorkom nie. Xhosa kom die naaste aan hierdie wyse van kopulatiefvorming, maar wel slegs in die gevalle waar die sogenaamde regte prefiks nie met 'n nasale-konsonant aanvang nie. Dit lyk vir my korrek om die volgende verklaring in hierdie verband te aanvaar:

In isiNdzundza het daar volledige assimilasië van die Oer-Bantoe demonstratief ya- plaasgevind, ook die geval van klasse 1, 3, 4 en 6. D.w.s:

B. yamuntu het a.g.v. assimilasië ontwikkel tot mumundu in hierdie taal. (1)

Die wyse waarop onbepaalde kopulatiewe van nomina in hierdie taal gevorm word vertoon 'n sterk ooreenkoms met Xhosa. Die gevalle waar 'n nasaal wat in die klasprefiks voorkom as 'n kopulatiefformatief gebruik word kon natuurlik nie in Xhosa voor nie. Die beginsel egter, dat indien die subjekskakel van 'n bepaalde nominaalklas uit 'n konsonant en 'n vokaal bestaan, daardie konsonant as 'n kopulatiefformatief gebruik word wanneer onbepaalde kopulatiewe van nomina afgelei word, is aanwesig in beide isiNdzundza en in Xhosa. Vgl.:

sisilo: dit is 'n wildedier; (klas 7).
6u6ukhosi: dit is die koningskap; (klas 14).

- (1) Vgl. Meinhof-van Warmelo: Bantu Phonology, bls. 40-41.

Die wyse waarop die negatief van die onbepaalde kopulatief gevorm word vertoon Sotho-invloed: Vgl.:

zizinja: (dit is honde) word:
xasizinja
 of
asizinja: dit is nie honde nie.

Die wyse waarop die kopulatief formatief ngi- feitlik reëlmatig gebruik word om kopulatiewe van absolute pronomina te vorm stem ooreen met Sotho ke-. Vgl.:

ngi6o: dit is hulle,
 ngizo: dit is hulle.

Gevolgtrekking:

Ook betreffende die vormleer stem hierdie taal in hooftrekke ooreen met Zoeloe en Xhosa:

Dit is egter duidelik dat isiNdzundza sekere die karaktertrekke besit, ook in die vormleer.

Daarnaas vertoon die taal sekere duidelike ooreenkomste met Xhosa, veral in die geval van die verbum en die kopulatief.

Daar is skynbaar tekens van Sotho-invloed te bespeur in die geval van die verbum en die kopulatief. Hierdie invloed het egter nie die Ngoeni-karakter van die taal skade aangedoen nie.

(C) ALGEMENE GEVOLGTREKKING.

Dat die Bantoetaale vroeg reeds begin het om woorde uit verskillende Europese tale oor te neem ten einde die woordeskat aan te vul is 'n oorbekende feit. Dit is egter nodig om hier weer die aandag te vestig op die wyse waarop Afrikaans die werkwoord in isiNdzundza beïnvloed het.

Daar is verskillende male verwys na die aanwesigheid van 'n enklitiese formatief -ni- in die negatiewe form van die verbum, en ek het verduidelik dat hierdie formatief ontstaan het onder invloed van die dubbele ontkenning in Afrikaans. Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie mense, na die gevangening van hul koning onder die Boere versprei geraak het, en dit is dus verstaanbaar dat hul taal op hierdie wyse beïnvloed geraak het.

'n Ander interressante voorbeeld van die invloed van Afrikaans is die ontstaan van munu- (uit Afrikaans moenie), en die wyse waarop munu- die plek van die defisiënte verbum musa- kan inneem by die vorming van die negatief van die imperatief. 'n Dergelike voorbeeld is die gebruik van eksani, (uit Afrikaans ek sal nie), by die vorming van die negatief van die futurum. Vgl.:

Eksani wakhambi: Hy sal nie loop nie.

Op grond van die feite wat dus aan die lig gekom het by die behandeling van die klankleer en die vormleer van isiNdzundza is dit dus duidelik dat hierdie taal in die eerste plek as Ngoeni-taal sterk ooreenkomste met Zoeloe en Xhosa vertoon. As gevolg van lang afsondering en noue kontak met

die Sotho-tale het dit, betreffende beide klankleer en vormleer, Sotho-karaktertrekke begin absorbeer. Hierdie feit het egter nog nie die taal sodanig verander dat dit nie langer as 'n Ngoeni-taal beskou kan word nie.

Volgens taalkundige materiaal wat hier versamel is vertoon isiNdzundza 'n treffende ooreenkoms met Xhosa in sekere opsigte. Hierdie ooreenkoms is so merkwaardig dat 'n mens geneig voel om te aanvaar dat daar gedurende die historiese verlede 'n nouer kontak tussen Xhosa en die taal was.

Die invloed van die Afrikaanse spreektaal op hierdie taal is 'n interessante voorbeeld van die beïnvloeding van 'n Bantoetaal deur 'n Europese taal. Dit is die spore van omgewingsfaktore wat die mense, en veral die jeug, dwing om by veranderde omstandighede aan te pas.

In beide klankleer en vormleer het ek egter besondere karaktertrekke in die taal aangetref wat dit 'n onmiskenbare eie stempel as Ngoeni-taal gee, 'n neiging om, onderhewig aan daardie faktore wat taal beïnvloed, te varieer op die konstante basis van wat eg en suiwer Bantoe is.

Ons het hier dus 'n Ngoenitaal met sekere besondere eie karaktertrekke, en aan die anderkant 'n taal wat dikwels van Zoeloe verskil in dieselfde opsigte waarin Xhosa van Zoeloe afwyk, om dan in daardie gevalle met Xhosa ooreen te stem.

HOOFSTUK VI.

Hierdie tekste is natuurlik so getrou moontlik opgeteken. Selfs waar die vorm en funksie van woorde en konstruksies vir myself nie heeltemal duidelik is nie het ek dit onveranderd opgeteken. Die vertaling wat teenoor elke teks verskyn is doelbewus so gestel dat dit so na as moontlik aan die oorspronklike Bantoe bly.

Verder wil ek graag daarop wys dat die doel hier in die eerste plek is om taal op te teken. Hierdie tekste is nie bedoel om van enige Volkekundige waarde te wees nie. Ek het die proefpersone eenvoudig laat praat, nie so veel met die oog op die verkryging van inligting oor 'n sekere onderwerp nie, maar met die oog op die versameling van voorbeelde van die gebruik van die taal.

Die volgende persone was my belangrikste segsmanne betreffende beide die tekste en die voorbeelde van taalgebruik wat elders in die verhandeling voorkom:

- Jakob Tshabangu: Ongeveer 78 jaar oud. Gebore naby Roosenekal. Tans woonagtig te Derdepoort, distrik Pretoria, naby die graf van Nyabela.
- John Tshabangu: Ongeveer 32 jaar oud. Seun van Jakob Tshabangu.
- Koos Mahlangu: Ongeveer 58 jaar oud. Seun van Mhlokwa Mahlangu, seun van Makhothongo Mahlangu. Woonagtig te Vlakfontein, distrik Pretoria.
- Dawid Mtsweni: Ongeveer 50 jaar oud. Gebore in die distrik Middelburg. Inwoner van die distrik Rayton.

Dan wil ek graag daarop wys dat my segsmanne soms in mitologiese vertellings woorde en konstruksies gebruik wat hulle self nie kan verklaar nie. Ek het sulke woorde opgeteken en so goed as moontlik verklaar of vertaal. Let in die verband veral op die merkwaardige verhaal van die vlug van Ndzundza soos vertel deur Dawid Mtsweni. Hierdie verhaal is feitlik soos izi6ongo aan my voorgedra.

A. Opgeteken uit die mond van Jakob Tshabangu,

- (1) Ipi yamaBuru noNyaabela. Die oorlog van die Boere en Nyabela.
- Ngisayikhumbula ipi yama- Ek onthou nog die oorlog van die
 Khuwa): uMampuru wa bulala Boere (en Nyabela), Mampoer het
 uSkukunu. uSkukunu wa biza Sekoekoeni gedood. Sekoekoeni
 amaBuru, noMampuru wa baleka, het die Boere groep, en
 wa balokela kuNyaabela. Ama- Mampoer het gevlug, gevlug na
 Buru athi: "Fanele usi- Nyabela. Die Boere sê toe: "Jy
 nikele lomundu, siyamfuna behoort hierdie mens vir ons te
 ngo ba u bulele uSkukunu - gee, ons soek hom want hy het
 akananda ba naye." Kwathi Sekoekoenie gedood sonder rede".
 uNyaabela wathi: "Qha, ngim- Toe gebeur dit en Nyabela sê:
 ginyile." "Nee, ek het hom opgeneem". Toe
 AmaBuru athi: "Hayi, siya- sê die Boere: "O nee, ons soek
 mfuna lomomundu"(1). daardie mens".
- Bafika-ke amaBuru, Die Boere het dan gekom, was
 athukuthela bathi: "Sifuna kwaad en het gesê: "Ons soek
 Mampuru." vir Mampoer".
- Yathoma-ke, yahlangana. Toe het dit begin en bynekaar
 Kwahlatshwa, kwahlangana gekom. Daar is geslag, ver-
 kwaliwa. gader en geveg.
- uNyaabela wahlezi. enda beni, Nyabela het in die berg gesit,
 amaBuru athi: "Yehla lapha (en) die Boere sê toe: "Kom af
 emangweni". hier op die vlakte".
- UNyaabela wa balela enda beni. Nyabela het hulle (dit) ge-
 AmaBuru afika ngenkoloyi weier in die berg. Die Boere
 namahashi. Indlala ya- het aangekom met waens en
 bulala abandu ba ba lilitho, die hongersnood het
 6achitheka ka bi, 6akhumbula hulle niks was nie, hulle
 la: pha eLaxeni.(2) was vermors, en toe dink hulle
 (aan oorgawe) in die laer.

Enva /

- (1) Voorbeeld van die gebruik van die wisselvorm vir die demonstratief (2de vorm), vir klas 1. (Vgl. Hoofstuk IV (C) (e)).
- (2) Skynbaar afkomstig van Nederlands: Lager. (Afrikaans: laer); elareni word ook gehoor.

Emva kwesithathi eside ama-
Buru abamba uNompuru⁽¹⁾.
UNyaabela wehla-ke waba-
khumbula waya elaxeni.
Bamopho-ke bamletha lapha
etorokweni⁽²⁾. Uthe ukufika
kwamaNgisi bamphumisa bathi:
"Phuma".
Waphuma, Emva kwalokhu waya
akuhlala eplasini, wafumana
abafazi bakhe, wahlala.
Wahlala-nje akangenzi
litho.
Ikosi, na igulako,
abano batshela abantu ukuthi
ikosi iyagula. Manje siza-
bona ngoaba induna zakhe
zizakhuluma zithi:
"Ilanga licimile, - lifile".
Ilika lakhe labulungwa
njengokufana nabantu boke.
Abantu bambela umgodi
phakathi kwesibaya.
Na nginenkomo nemfuyo yami
umundwanami uzangigwaba
esibayeni sami.
Bamgwaba uNyabela esi-
bayeni sakhe. Bamhlabela
ikunzi enzima. Bathatha-ke
isikhumba sayo. Inyama
yadliwa madoda abeza kuye
lapha babulunga khona.

Na 'n lang tyd het die Boere Mam-
poer gevang. Nyabela het toe afge-
gaan, aan hulle oorgegee en na die
laer gegaan. Daarop het hulle hom
geboei en hierheen, tronk toe, ge-
bring. Dit het gebeur met die kons
van die Engelse, toe het hulle hom
laat uitkom en gesê: "Kom uit".
Hy het uitgekom. Daarna het hy
gaan woon op die plaas, sy
vroue gevind en gewoon.
Hy het maar net gewoon en niks
gedoen nie.
As die koning siek word dan
vertel hulle nie die mense dat
hy siek is nie. Nou egter sal ons
sien want sy indoenas sal praat
en sê:
"Die son is uitgedoof, die son
is dood".
Sy graf was gegrawe net soos
alle mense (syne). Die mense
het 'n gat gegraaf in die bees-
kraal.
As ek beeste en boerdery het sal
my kind my begrawe in my bees-
kraal.
Hulle het Nyabela in sy beeskraal
begrawe. Hulle het vir hom 'n
swart bul geslag. Die vel egter het
hulle geneem. Die vleis is ge-eet
deur die manne wat na hom gekom
het daar waar hulle begrawe het.

Isikhumba /

(1) Die name uMampuru en uNompuru dui dieselfde persoon aan.

(2) Van Afrikaans: tronk.

Isikhumba Gasitshuka
sam6athwa unfazi wakhe
omkhulu wokucala⁽¹⁾.

Ngithi mabe simbulunga
sithela umhla6a sambulunga
ukuthi alale lapha - yindlu
yakhe.

Ikosi izakwamukela umoya
wakhe lapha singewaba inyama
namathambo akhe.

Umoya wekosi wakhamba.
Wam6iza umDimu.

Bakhuluma kanjalo laba
a6afundileko. Bathi umundu
na abuba iKosi iyamukela
umoya wakhe. Batsho njalo.
Wena-ke uthini? Bacinisile
na ukungitshela ukuthi
uzavuka futhi?

Die vel het hulle gebrei en dit
was gedra deur sy hoofvrou,
die eerste een.

Ek sê as ons ('n persoon) begrawe
dan giet ons aarde en begrawe
hom sodat hy daar gaan slaap -
dit is sy huis.

Die Heer sal sy gees ontvang
hier waar ons sy vlees en bene
begrawe.

Die gees van die koning het gegaan.
God het hom geroep.

Hulle praat so daardies wat ge-
leerd is. Hulle sê as 'n mens
sterf dan ontvang die Heer sy
gees. Hulle sê so.

Jy egter, wat sê jy? Het hulle
die waarheid gepraat (deur aan)
my te vertel dat hy weer sal op-
staan?

(2) Ukufa kukalMampuru.

Bam6opha ngeropo⁽²⁾
wayida6ula; 6aphinda futhi
6amkhweza. Wathi futhi wa-
thi wajerereka. Bathatha
intokazi iketani,⁽³⁾
6ambopha ngayo wafa. Wafa
ngamaBuru.

Kwaphela.

Die dood van Mampuru.

Hulle het hom vasgebind, (gehang)
met 'n tou en hy het dit ge-
breek; hulle het hom andermaal
laat opklim. Hy (het gebeur)
het nogmaals geprotesteer. Toe
het hulle 'n groot ding, 'n ketting,
geneem en hom daarmee gebind
en toe sterf hy. Hy het gesterf
deur die Boere.

Dit was die einde.
(Dit het ge-eindig).

(3) /

(1) Zoeloe: wokuqala.
(2) van Engels: "rope".
(3) Van Afrikaans: ketting.

(3) A6andu 6avelaphi?

A6andu 6avela elwandle
Siphakathi kolwandle⁽¹⁾
sirakelwe ilwandle.
Sazalwa lwandle. Izilwane
zoke zehlabathi zazalwa
lwandle.
Ilwandle lasi6umba -
a6andu.

Kwavela ikomo emhlophe

Kwavela ikomo enzima.

Izizwe za6a 6a6andu

Sazalwa lwandle

(4) Ma ikosi ifuna izulu
iyenza indaba le!

Uthi ma 6afuna imvula,
-6athatha utywala, 6a-
khamba na6o, 6aya esi6a-
yeni sekosi eyafa kudala.
A6arapeli lapha oma-
thafeni. Bathatha ika6i
enzima 6ayi6ulale.
Bathi-ke na 6esuka
laphaya 6angasafuni uku-
beka emva.

Wathi umundu wakhona
gi6o owasala khona lapha
manya 6asukako, 6a6uyele
ekhaya, 6amtshiya laphaya.
Wathi:

"Mina-ke ngizabeka indo
ezakudla izinyama
notywala lo6u".

(1) Let daarop dat ilwandle weer
as 'n nomen van die ulu-
klas verskyn in kolwandle
< k(w)a + ulwandle.

Waar kom mense vandaan?

Die mense verskyn uit die see.
Ons is te midde van die see,
die see omring ons. Ons is ge-
baar deur die see. Al die
dieré van die grond (land) is
gebaar deur die see.

Die see het ons gevormeer -
die mense.

Daar het 'n bees verskyn wat
wit is.

Daar het 'n bees verskyn wat
swart is.

Die volke het die mense geword.

Ons was gebaar deur die see.

As die koning reën wil hê dan
doen hy hierdie dring!

Jy bedoel as hulle reën begeer,
- hulle neem bier, loop daarmee
en gaan na die beeskraal van die
koning wat lankal dood is. Hulle
smeek nie hier op die vlakte nie.
Hulle neem 'n swart os en maak
dit dood. Dit (hulle) gebeur dan
as hulle daar weggaan wil hulle
nie meer omkyk nie.

Dit (hy) het gebeur daar was
'n mens by hulle wat agtergebly
het selfs toe hulle padgee en
teruggaan huistoe, en hulle het
hom agtergelaat. Hy het gesê:
"Ek dan, ek sal kyk na die ding
wat die vleis en hierdie bier
sal eet".

Wezwa ngendlebe yakhe
 bekhumama, bememeza:

"Wéé bani! Wéé bani!"

Ikosi iyamemeza!

Umundu lo kayiboni, uyezwa
 ngendlebe ma bakhulumako

Manje wafika ekhaya

6ambuza-ke bathi:

"Uboneni na?"

Wathi: "Hayi", kasakhulumi.

Wakhupha amehlo wavaleka
 umlomo wokukhumama.

Bathatha umuthi wokuthimula

(wokutrrii) manya wafa

ababekile angakhulumi

ngezindo azibonile

ngenkathi angakhulumi.

Isuke le lapha ubaba

angibuza khona athi: "Wena,

na izakufuna izulu ikosi

iyenzani?"

Igcina khona'pha.

Hy het gehoor met sy oor

terwyl hulle praat en roep:

"Wéé, wie is dit! Wéé, wie is dit!"

Die koning is aan die roep!

Hierdie mens sien nie, hy hoor

met die oor as hulle praat.

Nou het hy tuis aangekom en

hulle het hom dan gevra en gesê:

"Wat het jy gesien?"

Hy het gesê: "Hayi", hy het nie
 meer gepraat nie.

Sy oë het hy laat uitpeul en
 die mond om mee te praat was
 vir hom geslote.

Hulle het nies-medisyne geneem
 (maar) desondanks het hy ge-
 sterf, al kykende na hulle,
 terwyl hy nie gepraat het van
 die dinge wat hy gesien het
 in die tyd toe hy nie gepraat
 het nie.

Dit het daar begin, hier waar

jy, vader, my nou vra en sê:

"Jy, as die koning reën (sal)

wil hê, wat doen hy?"

Dit eindig hier op die plek.

(5) UMzilikazi kaMashobana.

Mina angazi lendaaba ka-

Mzilikazi ngoaba yindaaba

yakudala.

Uwazi nawe umsana kalaleli

umundu omkhulu na

akhulumako.

Ma sisemakhaya kwaMaboko

besizwa ngendlebe amadoda

na bakhulumako bethi

ukhona uMzilikazi.

Mzilikazi van Mashobana.

Ek, ek ken nie hierdie saak van

Mzilikazi nie want dis 'n saak

van baie lenka.

Jy weet self 'n seun luister

nie na 'n grootmens as hy praat

nie.

Toe ons nog by ons huise was in

die land van Mapog het ons ge-

hoor met die ore as die manne

praat seggende Mzilikazi van

kaMashobana /

kaMashobana usePitori,

(useTswana) (1).

UMzilikazi wakhamba nebuthe
lakhe, abafazi bamlandela.

Wabe yindoda ebukhali.

UPewula wabaphosa ngesigidi.

UMzilikazi akanazo izigidi
wafahla wakhamba waya phasi

le - asazi thina laphaya aya

khona.

Kuyaphelela khon'apha

Mashobana in Pretoria is,

Mzilikazi het getrek met sy
regiment, die vroue het hom ge-
volg. Hy was 'n strydlustige man.

Paul (Kruger) het hulle geskiet
met die geweer. Mzilikazi het

gevlug, getrek en het na doer
onder getrek - ons weet nie

(daar) waar hy heen is nie.

Dit sluit af hier op die plek.

(6) Umsana.

Umsana eselakhulile uye

endaeni. Si bathatha si be

sendaeni sisuse isikhumba.

Si bathathe si bafak' em-

lanjeni. Manje ma basuka la-

pha emlanjeni si bafaka

endaeni; se beqeda isikolo

si buye enyangeni ezimbili

ngeyokuthatha - ba buyel'

ekhaya. Uyise wakhe onesi baya

umhlabisa ikomo. Uyise wakhe

ongenasi baya umhlabis' imbuzi.

Manjeke mamadoda. Kuphelile

lokhu bafuna abafazi. Uyise

wakhe onesi baya umdwana

wakhe uthatha msinya. La ba

abamama(2) uza uthi ngesi-

khathi sakhe manya abona

ngokuthi ngisebenzile uthathe

umfazi.

Die seun.

Die seun, as hy reeds volwasse⁽¹⁾
is dan gaan hy na die berg. Ons
neem hulle - ons in die berg
synde - en ons verwyder die
vel (voorhuid). Dan neem ons
hulle en plaas hulle in die
rivier. Nou as hulle hier weg-
gaan by die rivier plaas ons
hulle in die berg; as hulle
reeds die skool voltooi het dan gaan
hulle terug binne twee maande
(vanaf) die (maand) van aanvang
- hulle gaan dan huistoe. Die
vader van hom wat 'n beeskraal
het slag vir hom 'n bees. Die
vader van hom wat nie beeskraal
het nie slag vir hom 'n bok.

Nou dan is dit (die seuns) manne.

Dit synde verby (dan) begeer hulle

vroue. Die vader van hom wat 'n

beeskraal het sy kind vat (trou)

gou-gou. Hierdie wat armos is

hy sal gebeur met die tyd van hom

(ter bekwamer tyd), as hy sien dat

"ek het gewerk" dan vat hy 'n vrou.

(1) eTswana: by Pretoria.

(2) Van Afrikaans: armes.

(1) Puberteit.

Ngoba-na uwazi amaNdebele
 ba biza nje ma uthatha um-
 fazi - uyamloola. Babiza
 itshumi, ba biza itshumi
 nenkomo ezisithupha.

Bentshade bekosini,(1)

ma uthatha indombi ezalwa
 yikosi ba kubiza amatshumi
 ama bili.

B. Opgeteken uit die mond van Dawid Mtsweni, ongeveer 50 jaar
 oud.

(1) Lapha bathoma khona
 uNdzundza noManala:
 ukwahlukana kwa6o.

Lamadoda a6e ba ndwana
 ba muntu munye. Umkhulu
 i6igama lakhe i6inguManala.
 Owesi6ili uNdzundza. Manje
 uyise eselakhulile.
 Kwafanela ukuthi ikosi
 i6enguManala. Manje unina
 angafuni. Unina wathi
 ma6uthathwe nguNdzundza.
 uYise-ke wathi: "uManala
 uphi?" - Ngoba uManala u6e
 no6oya lapha esifu6eni.
 Bathi: "Hayi, usakhambile
 uyokuzuma imbuthunyane".
 Manje unina wathi ku-
 Ndzundza: "Khamba wena!"
 Wafika uNdzundza lapha
 kuyise ekosini.

Want jy weet die amaNdebele
 vra somaar as jy 'n vrou neem
 - as jy haar lobola. Hulle
 vra tien (en, of) hulle vra
 beeste wat sestien is.

(As) hulle trou (van die konings-
 huis?) as jy 'n meisie/^{neem}wat gebaar
 is deur die koning dan roep (vra)
 hulle jou twintig.

Hier waar hulle begin het,
 Ndzundza en Manala, die skeiding
 van hulle.

Hierdie manne was die kinders
 van een mens. Die oudste se naam
 was Manala. Die tweede is Ndzundza.
 Nou is (was) die vader reeds oud.
 Dit was paslik dat die koning
 Manala was. Nou (egter) sy
 moeder wil nie. Sy moeder het gesê
 dat dit (die koningskap) gevat
 moet word deur Ndzundza. Sy
 vader dan het gesê: "Waar is
 Manala?" - Want Manala het hare
 gehad hier op sy bors.
 Hulle het gesê: "Nee, hy is nog
 weg om imbuthunyane⁽¹⁾ te jag".
 Nou het sy ma aan Ndzundza gese:
 "Loop jy!"
 En hy het aangekom hier by sy
 vader, by die koning.

Ikosi /

(1) Ek kan die vorme nie
 verklaar nie.

(1) 'n Wildsoort.

Ikosi yaphumbutha esifu6eni sakhe; wathi: "Hayi, ayisuy' uManala lo, nguNdzundza!" Ngoba uyise u6ephophela, angasa6oni.

Unina wathi: "Wena Ndzundza, khamba u6ambe imbuzana, uyihla6e. Uthi ma uyihla6e, uyihlinze. Manje uyithathe isikhumba sayo usi6ophe esifu6eni".

Waphinda wa6uya kuyise futhi:

Uyise waphinda wa6uza futhi:

"Uphi uManala."

Wathi: "Ngikhona 6a6a".

Ikosi yaphinda yamphumbutha. Uyezwa lo6oya manje, uthatha-ke u6ukhosi wa6unika uNdzundza.

Kuthe-ke emveni kwalokhu wamnikela.

Uthe-6o na amnikele wathi kuye: "Ngiyakuyizwa ukuthi awusuyi Manala. Baleka ucinise ngoba uManala ngezwa azaku-6ulala".

Kuthome lapha ukuda6uka kuka Ndzundza noManala. Kwathomeka ngelanga lela.

(2) Uku6aleka kukaNdzundza.

Wathi-ke uNdzundza u6a6amkhulu umbulele um6ethe, Sazi6utha-ke izipumulo ezimakhasi. Sakhamba, geslaan het⁽¹⁾. Ons het hulle

Die koning het rondgevoel op sy bors, en sê toe: "Nee, dit is nie Manala nie, dit is Ndzundza!" Want die vader was blind, hy nie meer siende nie.

Sy moeder sê toe: "Jy Ndzundza, loop en vang jy 'n bokkie en slag dit. Jy (gebour) laat jy dit slag (steek) en slag dit af. Nou neem jy dit (en) die vel daarvan bind jy op die bors (van jou).

Hy het weer andermaal na sy vader teruggegaan. Sy vader het herhaal en weer gevra: "Waar is (hy) Manala?" Hy sê toe: "Ek is hier vader."

Die koning het hom andermaal betas. Nou voel hy die hare, hy vat dus die koningskap en het dit gegee (aan) Ndzundza.

Dit het gebeur dan daarna en hy het hom (dit) gegee.

(Hy) Dit gebeur egter toe hy hom (dit) gegee het, het hy aan hom gesê: "Ek voel jou dat jy nie Manala is nie. Vlug en haas jou want Manala hoor (voel) ek sal jou doodmaak.

Dit het begin hierso die skeiding van Ndzundza en Manala. Dit was in aanvang op daardie dag.

Die vlug van Ndzundza.

Dit het gebeur toe dat ons

grootvader vir hom die dou weg-

(1) Hy het hom op die vlug voor-uitgegaan om die dou van die gras af te slaan. Vgl. die Xhosa-gebruik ukum6ethele izinja.

Safumana umlambo omanzi
anzima uzele. Sazi6etha
thina ziphakathi. Wayithutha
ikosana kaNdala. Wafika
uNdzundza wathi: "6amkhulu,
kwenzanjani na?" Sathi: "Ho
6a6a umzawakho uthathwe
mumlambo".

Wathi uNdzundza: Nifuna ama-
thambo wekhenu niwa6uthelele!"

Sawafuna amathambo ekhethu
sawa6uthelele.

Emva kwalokhu sathatha umhlala
kaNdzundza sithatha ka-
Mbuduma. UMbuduma phela
solingumaManala(1). Saye safika
kuMbuduma. Wathi:

"Nodindwanodindwa, uze lapha
na? Wazala uNdzundza ihlaka-
nyana, uze lapha na?"

Kwafika isalukazi-ke sathi:
"6o6a6a! Ke ngitshiyele
igwayi". Bamtshiyela a6ako-
kako. Wathi: 6o6a6a, niya-
6ulawa. Bathi umkhwenyane
aka6ulaweli ekhaya".

Kwahlatshwa umkhosi. Wathi:
"E6 Nodindwa, e6 Nodindwa,
nako amathole afahlile. Siya-
vuka si6ophele imbuduno
zakho kusasa".

toe bymekaargemaak, die neuse
(beeste) wat soos blare was,
(so baie). Toe het ons vertrek.
Ons het 'n vol rivier gevind
waarvan die water swart was. Ons
het hulle (die beeste) geslaan,
hulle synde binne-in. Dit (die
rivier) het hom gevat, die
oudste seun van Ndala. Toe kom
Ndzundza aan en sê: "Groot-
vader, wat word nou gedoen?"
Ons sê toe: "Ai, vader, jou
nasaat is gevat deur die
rivier".

Ndzundza sê toe: "Soek julle die
bene van julle syne en begrawe
julle hulle"(d.w.s. die lyk van
die seun).

Ons het die bene van ons syne
gesoek en hulle begrawe.

Daarna het ons die spoor van
Ndzundza geneem. (Maar) toe ons
die spoor van Ndzundza vat toe
vat ons die (spoor) van Mbuduma.
Mbuduma is werklik Manala in(1)
eie persoon. En so kom ons toe
aan by Mbuduma. Hy het gesê:

"Nolindwanodindwa, kom jy hier
aan? Jy het geboorte gegee aan
Ndzundza die listige (en tog)
kom jy hier aan?"

Toe kom daar 'n ou vrou en sy
sê: "Vaders! Deel asseblief met
my ('n bietjie) tabak". Hulle
deel toe met haar, die wat snuif.
Toe sê sy: "Vaders, julle word
doodgemaak. Hulle sê die skoon-
seun word nie by die huis ge-
dood nie". (D.w.s. hulle sal
julle uitlok buitekant-toe).

Toe word daar alarm gemaak. Hy
het gesê: "E6, Nodindwa, e6 No-
dindwa, daar is kalwers wat weg-
gehol het. Ons sal môre opstaan
en vir jou 'n beloning saamstel"
(D.w.s. as hy die kalwers gaan
haal)(1).

Wasihluthela /

(1) Ek kan die bestaan van
so- nie verklaar nie.

(1) Manala het intussen die
vlugteling agtergevolg. Die
groep wat die lyk moes soek
het verdwaal en kom toe by
die vyand uit.

(2) Plan om hom daarbuite te dood.

Wasihluthela phezulu
okakosi. Yamkhwelela phe-
zulu emazinya6omvu-esihlutho-
sinzima-sisingamhlangutshis'izolo.

Saphalala safika sathi: "Kwenzanjani
na?" Wathi: "Hawu! Ifumane ngime
gisihlahla somsehla." Ya6a mhlana
a6amasinda (1) isilo sokuLOYELWA
kuNocelesi okwaManala.

Wasi6utha sathi na singangama6u
namadlangala wathi sanyanga
ngemva.

Sasuka saye sathi eCoxwaneni sika-
Zizane ya6ethela yahlala. Batha
6asahlezi inhloli zafika. Bathi:
"Naka aManala 6afikile".

Lapha kwasala ilukazana ezimbili.
Bathi: "6aphi?" Ilukazana zathi:
"6o6a6a, izolizolo 6a6alekile".

Bazi6ulala, 6adlula.

Endatshaneni enzimana ya6ethela
yahlala. Afika 6athi: "Napha!"

Kwasala isalukazana necekwana.

AManala afika athi: "6aphi-na?"

Bathi: "Ho, 6o6a6a, izolizolo..."

A6ulala adlula.

Baye 6afika edwaleni

koNothekhethu(2).

Hy het dit (die skildvel) uit-
geruk boontoe, hy van die
koning. Toe (d.w.s. buitekant)
word hy bespring deur 'n
rooitand-wie-se-kuif-swart-is-
soos-die-riet-wat-gister-ge-
brand-het.

Ons het gehaas, aangekom en
gesê: "Wat het gebeur?" Hy
sê toe: "Hawu! En dit kry my
en ek staan by die unsehla-
bos". Dit was die dag (toe)
hulle ontsnap het (van) die
gedierte van towerye by
Nocelesi van die land van
Manala.

Hy het ons versamel en ons
het gebeur toe ons so baie
as (die) grond was, en die
blare, toe gebeur hy en ons
kruip uit (glip weg) agtertoe.

Ons het vertrek en toe ons
aankom by Coxwaneni sikaZizane (1)
het dit (die leër) gekamp en
gaan sit. Dit (hulle)(2) ge-
beur (en) hulle sit nog toe
kom die spioene aan. Toe sê
hulle: "Hier is die AManala,
hulle het gekom".

Hier het agtergebly twee ou
vroue. Hulle (die Manala) sê:
"Waar is hulle?" Die ou vroue
sê toe: "Vaders, eergister het
hulle weggevlug".

Hulle dood hulle (die vroue)
toe en gaan verby.

By 'n swart heuweltjie het dit
(die leër) kamp geslaan en oor-
gebly. Toe kom hulle (Manalas)
en hulle sê: "Daar is hulle!"

Daar het 'n ou vrou en 'n ou
man agtergebly. Die Manala het
aangekom en gesê: "Waar is
hulle?" Hulle (die man en vrou)
sê toe: "Ho, Vaders, eergister
....." Hulle (die Manala)
slaan dood en gaan verby.

En hulle het aangekom op 'n
klipplaat, by Nothekhethu.

Bafumana /

(1) Ek kan die vorm nie ver-
klaar nie.

(2) Steelpoort-rivier.

(1) Ek kon nie vasstel waar
dit is nie.

(2) Hier slaan die verteller
oor na die 3de persoon.

Eafumana umlambo amanzi
a6omvu⁽¹⁾, 6athi: „Napha
aManala, 6afikile". Manje
wadunusa umfazi wembedlamlamo,
ingamfazi eno6ukhwele, wathi:
„Lesi nalesi, izolo umlamb'
omanz' anzima uthethe omunye;
namhla umlamb' omanz'a6omvu
uzathatha uphi na? Na nge uno-
mlamleli angalamlela".

Waco6onga weyama; uMsiza
ngokusiza amadoda. Bathi:
„Hona! NgokaMsiza aliphahla
lona!"

Weyama owesicili akhumbuzo
waMsiza⁽²⁾. Bathi: „Hona!
Ukhumbuza waMsiza lo na?"
Wa6athatha-ke uNodindwa,
wathi: „Hona! uMahla6a
ngasutya kaNdala!"

Wa6athatha. Kwaye kwathi
eCoxwaneni wa6uya umfazi
wem6ledlamlomokazi ingamfazi
ono6ukhwele, ayenesithimba
sendini. Wesibenula. Wathi:
„Mahla6a-ngasutya-kaNdala
u6ulala'olu6i. Solokusileko
uthi: „Mahla6a-ngasutya-
kaNdala! lowo na? Kusasa uza-
6ulala 6aphi?"
Eaye 6afika endatyaneni lapha
kuhlezi indombi nesoka, lapha
kuneca6a le6uselo, kuhlezi
indombi nesoka. - Isiduku
sendonga sakhomba phezulu!

Toe het hulle 'n rivier gevind
waarvan die water rooi was, en
hulle het gesê: „Hier is die
aManala, hulle het gekom".
Nou het daar 'n vrou met 'n
groot mond geweene, soos 'n vrou
wat jaloers is, en gesê:
„Elkeen (?), gister het die
rivier met die swart vloed 'n
andereen gevat; watter een sal
die rivier met die rooi vloed
vandag vat? As jy 'n redder
het (dan) kan hy nou reddings-
werk doen!"

Hy het ingewaag en deurgeleun;
dit is Msiza deur (dat hy) die
manne help. Hulle sê toe:
„Hona! Dit is die (kind) van
Msiza hy synde die stutpaal,
die ware!"

Die tweede het deurgeleun denk-
ende aan Msiza. En hulle sê toe:
„Hona! Dinkhy aan Msiza, hierdie?"
Hy, Nodindwa het hulle gevat en
gesê: „Hona! Jy wat steek met die
assegaai van Ndala."

Hy het hulle vergader. Dit het
toe gebeur by Coxwaneni dat die
vrou met (van) die geweldige
groot mond (wat) is soos 'n vrou
wat jaloers is, (dat sy) weer
terugkom (herhaal), sy wat met
die agterkleed van onderskeiding
(gekleed) is. Sy het dit (die
kleed) opgelig. Toe sê sy:

„Steker-met-die-assegaai-van-
Ndala, jy maak dood (op) 'n slegte
(wyse). Reeds sedert dagbreek
sê jy: „Steker-met-die-assegaai-
van-Ndala! daardie een, hê?
Watter sal jy môre doodmaak?"
(As jy almal uitroei).

Toe kom hulle by 'n koppie waar
'n meisie met haar minnaar sit,
hier waar die mantel van ieuselo⁽¹⁾
is, hier sit 'n meisie en haar
beminde - Die knop van die
kierie het toe na boontoe ge-
wys⁽²⁾.

(1) Steelpoort-rivier.

(2) Ek kan die wa- nie ver-
klaar nie.

(1) Volgens my segsman is dit 'n
heilige iets waaroor 'n koning
beheer het, iets wat vrede en
voorspoed bring.

(2) Die aanvoerder het die teken
gegee dat alle vegterystaak moet
word. Dit word dus nou vrede.

LYS VAN BOEKE, TYDSKRIFTE EN ARTIKELS
GERAADPLEEG.

- Bryant : Olden Times in Zululand and Natal.
- Bennie : A Grammar of Xhosa for the Xhosa-speaking.
- Bourquin : Neue Ur-Bantu Wortstämme.
- Coertze, P.J. : Betekenis en Funksie van die Voorvoegsel van die sewende klas in Sotho-Tswana. Bantu Studies: Maart 1936.
- Doke, C.M. : Text Book of Zulu Grammar, 4th Edition. Phonetics of the Zulu Language. Bantu Linguistic Terminology.
- Doke & Vilakazi : Zulu-English Dictionary.
- Engelbrecht : Zoeloe-Leerboek.
- Eiselen, W. : Die veränderungen durch Vorhergehendes i in den Bantu Sprachen. S.F.E.S. Vol. XIV.
- van Eeden, B.I.C. : Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho.
- Fourie, H.C.M. : Die amaNdebele van Fene Mahlangu.
- Hunt, D.R. : An Account of the Bapedi - Bantu Studies, Vol. V. Dec. 1931.
- Jespersen, O. : Language. The Philosophy of Grammar.
- Meinhof-van Warmelo : Bantu Phonology.
- Meinhof : Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen.
- McLaren : A Xhosa Grammar.
- Tucker : Comparative Phonetics of the Suto-Chuana group of Bantu Languages.
- van Warmelo : Transvaal Ndebele Texts: Ethnological publications, Vol. I. Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Gliederung der Süd-Afrikanischen Bantusprachen: Zeitschrift für Eingeborenen Sprachen: 18. 1927/28.
- Ziervogel, D. : Noord-Sotho Leerboek. Klank- en Vormleer van die Sentrale Vorm van Swati. M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria. 1941.